

Remgro

Bepenk

2009

J A A R V E R S L A G

I N H O U D

BELEGGINGSFILOSOFIE	2
<i>Remgro se beleggingsfilosofie</i>	
GROEPPROFIEL	3
<i>Opsomming van die besigheid van die maatskappy en sy belangrikste beleggings</i>	
GROEPSTRUKTUUR	4
<i>Skematiese uiteensetting van die belangrikste beleggings van die groep</i>	
FINANSIËLE HOOF TREKKE	8
<i>Wesensverdienste per aandeel</i>	
<i>Dividende per aandeel</i>	
<i>Netto batewaarde per aandeel</i>	
<i>Beurspryse</i>	
AANDELESTATISTIEK	9
<i>Inligting met betrekking tot transaksies op die JSE Beperk</i>	
GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATISTIEK	
SEWEJAAR GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE	10
SEWEJAAR GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE EN KONTANTVLOEISTATE	11
DIREKSIE	12
<i>Nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure</i>	
ALGEMENE VERSLAG	
FINANSIËLE OORSIG	14
<i>Kommentaar op die groep se resultate</i>	
BELEGGINGSOORSIG	21
<i>Kort oorsig van die resultate van individuele beleggings</i>	
INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE	32
<i>Samestelling van die intrinsieke netto batewaarde</i>	
KORPORATIEWE BESTUUR	33
VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG	40
<i>Verhoudinge met belanghebbendes</i>	
<i>Groepetiek</i>	
<i>Veiligheid en die omgewing</i>	
<i>MIV/vigs-beleid</i>	
<i>Werknemers</i>	
<i>Pandemies</i>	
<i>Diensbillikheid</i>	
<i>BBSEB – breë-basis swart ekonomiese bemagtiging</i>	
<i>Sosiale belegging</i>	
FINANSIËLE VERSLAG 2009	
STATUTÊRE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE VAN DIE GROEP	
MET INHOUDSOPGAWE	52
MAATSKAPPY-INLIGTING	122
AANDEELHOUERSINLIGTING	122
KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS	126
VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING	
AAN AANDEELHOUERS	130
VOLMAGVORM	aangebeg

Remgro

Beperk

REMGRO belê in ondernemings wat voortreflike groei in verdienste en dividende oor die lang termyn kan voorsien. Dit behels die verkryging van betekenisvolle belange in maatskappye wat goeie bestuur het en wat oor die vermoë beskik om sterk kontantopbrengste en groei voort te bring. Remgro gaan strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aan en beywer hom om, waar moontlik, waarde toe te voeg. Die doel is om uitmuntende opbrengste in die vorm van dividendvloei en kapitaalgroei vir aandeelhouders te verseker.

REMGRO BEPERK is 'n Suid-Afrikaanse beleggingshouermaatskappy wat in sy huidige vorm op 1 April 2000 tot stand gekom het na die herstrukturering van die voormalige Rembrandt Groep Beperk. 2009 was nog 'n waterskeidingsjaar, met die suksesvolle ontbondeling van die groep se tabakbelange aan aandeelhouders as 'n dividend in specie.

Die belange van die groep bestaan nou hoofsaaklik uit beleggings in bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, motor-komponente, glasprodukte, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

Die maatskappy is hoofsaaklik toegespits op beleggingsbestuur en die verskaffing van strategiese insette eerder as op die dag-tot-dag-bestuur van besigheidseenhede van die maatskappye waarin belê is.

Filiale wat nie ten volle besit word nie, is meesal genoteerde maatskappye met onafhanklike direksies, waar hierdie maatskappy op nie-uitvoerende vlak verteenwoordig word. Beleggings in nie-filiale sluit genoteerde en ongenoteerde maatskappye in wat nie deur hierdie maatskappy beheer word nie en meesal as geassosieerde maatskappye beskou word op grond van beduidende invloed en direksieverteenwoordiging.

GROEPSTRUKTUUR

OP 31 MAART 2009

REMGRO BEPERK

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN ANDER

FINANSIËLE DIENSTE

+ RMB Holdings	25.0%
+ FirstRand	9.2%

NYWERHEIDSBELANGE

+ Air Products South Africa	50.0%
+ Distell	29.2%
+ Dorbyl	41.4%
+ Kagiso Trust Investments	42.5%
+ Medi-Clinic	45.9%
+ Nampak	13.3%
+ PGSI	29.1%
+ Total South Africa	24.9%
+ Unilever South Africa Holdings	25.8%

MYNBELANGE

+ Trans Hex	28.5%
+ Implats	4.4%

ANDER BELANGE

+ Business Partners	21.5%
+ Xicom	44.4%

FILIAALMAATSKAPPYE

NYWERHEIDSBELANGE

+ Tsb Sugar	100.0%
+ Wispeco	100.0%
+ Rainbow	73.7%

KORPORATIEF EN ANDER BELANGE

+ Remgro Finansieringskorporasie	100.0%
+ M&I Groepsdienste	100.0%
+ Remgro International – Jersey	100.0%

Persentasies verteenwoordig die direkte belange gehou.

Bylae A en B gee meer besonderhede van filiaalmaatskappye en beleggings.

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE
EN ANDER

FINANSIËLE DIENSTE



EFFEKTIEWE BELANG: 25.0%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Bedryfshoof: P Cooper
- RMBH se belange is:
 - FirstRand Beperk (33%)
 - RMB Structured Insurance Beperk (80%)
 - OUTsurance Beperk (62%)
 - Discovery Holdings Beperk (27%)
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R24 908 miljoen
- Webwerf: www.rmbh.co.za



FIRSTRAND

EFFEKTIEWE BELANG: 9.2%

(uitgesluit indirekte belang gebou deur RMB Holdings)

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampste: P K Harris
- Die FirstRand groep van maatskappye doen sake in die finansiële dienste-sektor insluitende kleinhandel, korporatief, beleggings en aksepbanksake, korttermynversekering, lewensversekering, werknemerveroordele en batebestuur.
- Die bank- en versekeringsaktiwiteite word verteenwoordig deur die volfiliale FirstRand Bank Holdings Beperk en Momentum Groep Beperk onderskeidelik.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R67 994 miljoen
- Webwerf: www.firstrand.co.za

MYNBELANGE



EFFEKTIEWE BELANG: 28.5%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampste: L Delport
- Eksplorasië vir, en myn en bemarking van, land- en mariene diamante.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R154 miljoen
- Webwerf: www.transhex.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 4.4%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampste: D H Brown
- Implats is 'n ten volle geïntegreerde mynbou- en metallurgiese organisasie, wat suiwer platinumgroep-metale internasionaal bemark en is een van die wêreld se grootste platinumherwinners.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R99 947 miljoen
- Webwerf: www.implats.co.za

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE
EN ANDER

NYWERHEIDSBELANGE



EFFEKTIEWE BELANG: 50.0%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: M Hellyar
- Air Products SA produseer suurstof, stikstof, argon, waterstof en koolstofdoksied vir verkoop in gasvorm deur middel van pypleidings ingevolge langtermynkontrakte aan groot industriële gebruikers asook die verkoop en verspreiding van industriële gasse en chemikalieë, saam met die toepaslike toerusting, aan die algemene handelsmark.
- Die ander 50% van die gewone aandeel word gehou deur Air Products and Chemicals Incorporated, 'n VSA-maatskappy.
- Webwerf: www.airproducts.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 29.2%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Besturende direkteur: J J Scannell
- Distell produseer en bemark gehaltewyne, spiritueelieë en gegeurde alkoholiese drank in Suid-Afrika met 'n toenemend internasionale profiel.
- Belang word verteenwoordig deur 'n 50%-belang in Remgro-KWV Beleggings Beperk wat op 31 Maart 2009 'n belang van 58.4% in Distell gehou het.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R10 459 miljoen
- Webwerf: www.distell.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 13.3%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: A B Marshall
- Nampak is die grootste en mees gediversifiseerde verpakkingsvervaardiger in Afrika met bedrywighede in die Verenigde Koninkryk en Europa. Dit produseer verpakkingsprodukte van metaal, papier, plastiek en glas en is die grootste vervaardiger en verspreider van "tissue"-produkte in Suid-Afrika.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R8 293 miljoen
- Webwerf: www.nampak.com



EFFEKTIEWE BELANG: 45.9%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: L J Alberts
- Medi-Clinic se besigheid behels die voorsiening van omvattende, hoëgehalte hospitaaldienste op 'n kostedoeltreffende grondslag in Suidelike Afrika, die Verenigde Arabiese Emirate en Switserland.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R12 750 miljoen
- Webwerf: www.mediclinic.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 42.5%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J Njeki
- Kagiso Trust Investments ("Kagiso") is 'n gevestigde swart ekonomies beheerde maatskappy met 'n fokus op beleggingsbank-dienste, media- en strategiese beleggings. Kagiso beskik oor 'n beleggingsportefeulje en -strategie wat aanvullend is tot dié van Remgro.
- Webwerf: www.kagiso.com



EFFEKTIEWE BELANG: 25.8%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: Mev G A Klintworth
- Die Unilever-onderneming vervaardig en bemark 'n wye reeks voedsel- en huishoudelike en persoonlike produkte. Unilever geniet markleierskap in die meeste van sy hoofkategorieë. Bekende handelsmerke sluit die volgende in: *Robertsons, Rama, Flora, Lipton, Joko, Mrs Ball's, Sunlight, Omo, Surf, Vaseline* en *Lux*.
- Webwerf: www.unilever.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 41.4%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: R F Röhrs
- Dorbyl is 'n industriële groep in die outo-mobil ingenieursbedryf. Die maatskappy spesialiseer in die vervaardiging en montering van 'n wye reeks motorkomponente.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R119 miljoen
- Webwerf: www.dorbyl.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 24.9%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J Royère
- Filiaal van Total (Frankryk). Die besigheid van Total South Africa is die raffinering en bemarking van petroleum en petroleumprodukte in Suid-Afrika. Versprei ook aan die aangrensende NBL-lande en het 'n 36%-belang in National Petroleum Refiners of S.A. (Edms) Beperk (Natref).
- Webwerf: www.total.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 29.1%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: S Jennings
- PGSI hou 'n belang van 100% in PG Groep.
- Die PG Groep is Suid-Afrika se leier in die geïntegreerde glasbedryf wat hoë kwaliteit motor- en konstruksieglasprodukte vervaardig, versprei en installeer.
- Webwerf: www.pggroup.co.za

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE
EN ANDER

FILIAALMAATSKAPPYE

ANDER BELANGE



EFFEKTIEWE BELANG: 21.5%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: N Martin
- Business Partners is 'n spesialis beleggings- maatskappy wat doelgemaakte en geïntegreerde beleggings, mentorskap en eiendomsbestuursdienste aan klein en medium ondernemings in Suid-Afrika beskikbaar stel.
- Webwerf: www.businesspartners.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 44.4%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: T Richardson
- Xicom is 'n onlangs gestigte maatskappy, gebaseer in die VSA, wat spesialiseer in die ontplooiing en bedryf van draadlose breëband netwerke.
- Webwerf: www.xicom.com

NYWERHEIDSBELANGE



EFFEKTIEWE BELANG: 100.0%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J du Plessis
- Tsb Sugar is betrokke by die suikerrietbedryf en die produksie, vervoer en bemarking van suiker, asook veevoere. Sitrus word ook op plase van die maatskappy verbou.
- Webwerf: www.tsb.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 100.0%

- Ongenoteer
- Besturende direkteur: H Rolfes
- Wispeco se hoofbesigheid is die vervaardiging van aluminiumprodukte vir gebruik in die geboue-, ingenieurs- en duursamegoedere-sektore.
- Webwerf: www.wispeco.co.za



EFFEKTIEWE BELANG: 73.7%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: M Dally
- Rainbow is die houermaatskappy van een hoofbedryfsfiliaal wat 'n vertikaal geïntegreerde hoenderprodusent is.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2009: R5 292 miljoen
- Webwerf: www.rainbowchicken.co.za

KORPORATIEF EN ANDER BELANGE

REMGRO FINANSIERINGSKORPORASIE
BEPERK, M&I GROEPSDIENSTE BEPERK en
REMGRO INTERNATIONAL LIMITED – JERSEY

EFFEKTIEWE BELANG: 100.0%

- Ongenoteerde maatskappye
- Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesourie-funksie sowel as bestuurs- en ondersteunende dienste.

	2009	2008	% verandering
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL	987.7c	1 692.8c	(41.7)
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VAN VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE*	671.5c	964.1c	(30.3)
VERDIENSTE PER AANDEEL	9 607.9c	2 095.7c	358.5
WESENSVERDIENSTE	R4 660m	R7 991m	(41.7)
WESENSVERDIENSTE VAN VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE*	R3 168m	R4 551m	(30.4)
VERDIENSTE – netto wins vir die jaar	R45 330m	R9 893m	358.2

Dividende per aandeel

Gewoon	190.00c	510.00c	(62.7)
– Tussen	80.00c	180.00c	(55.6)
– Finaal	110.00c	330.00c	(66.7)

Netto batewaarde per aandeel

(toeskryfbaar aan eie lede)


– teen intrinsieke waarde	R99.15	R253.67	(60.9)
Tabakbelange	–	R137.47	
Ander beleggings	R99.15	R116.20	(14.7)

Beurspryse

Sluitingsprys per aandeel op 31 Maart	R67.50	R195.93	(65.5)
---------------------------------------	--------	---------	--------


* Gedurende November 2008 is die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) as 'n tussendividend in spesie aan Remgro-aandeelhouers uitgekeer. Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, word wesensverdiensle en wesensverdiensle per aandeel ook vir voortgesette bedrywighele aangebied, wat die gekwiteerde inkomste van BAT sowel as alle nie-herhalende kostes wat met die ontbondeling verband hou uitsluit. Verwys na die verslag van die raad van direkteure vir verdere inligting.

DIVIDENDDEKKING



JSE Beperk	2009	2008	2007	2006	2005	2004
Gewegde aantal Remgro gewone aandele uitgereik – ongenoteerde B-gewone aandele uitgesluit ('000)	436 292	436 547	438 617	447 648	461 786	467 774
Markkapitalisasie op 31 Maart (R miljoen) – Alleenlik gewone aandele	29 665	87 973	81 233	60 588	45 633	35 028
Prys (sent per aandeel)						
– 31 Maart	6 750	19 593	18 100	13 500	9 380	7 200
– Hoogste	21 401	20 700	18 294	13 800	9 701	7 495
– Laagste	6 100	17 200	12 200	9 150	6 980	5 150
Aantal aandele verhandel ('000)	416 657	289 937	236 577	284 396	187 389	187 231
Waarde van aandele verhandel (R miljoen)	56 990	53 841	35 509	32 732	15 553	11 785
Aandele verhandel/ gewegde aantal gewone aandele (%)	95.5	66.4	53.9	63.5	40.6	40.0
Aantal transaksies	300 257	201 515	126 747	100 309	64 707	54 055

REMGRO-AANDEELPRYS



S E W E J A A R

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE

<i>R miljoen</i>	2009	2008	2007	2006	2005	2004	2003
Wins voor inagnam van die onderstaande	1 218	1 578	1 476	1 938	1 384	1 292	1 209
Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings	40 345	1 684	51	3 165	2 216	(132)	1 055
Gekonsolideerde wins voor belasting	41 563	3 262	1 527	5 103	3 600	1 160	2 264
Belasting	(945)	(419)	(403)	(857)	(417)	(397)	(394)
Gekonsolideerde wins na belasting	40 618	2 843	1 124	4 246	3 183	763	1 870
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	4 806	7 210	6 003	4 354	5 742	3 177	7 262
Netto wins na belasting	45 424	10 053	7 127	8 600	8 925	3 940	9 132
Minderheidsbelang	(94)	(160)	(185)	(398)	(407)	(335)	(446)
Toeskryfbare netto wins vir die jaar	45 330	9 893	6 942	8 202	8 518	3 605	8 686
Wesensverdienste	4 660	7 991	6 892	5 084	4 998	4 687	4 856
Wesensverdienste per aandeel (sent)	987.7	1 692.8	1 453.6	1 052.3	1 005.0	931.3	940.1
Wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighe (sent)#	671.5	964.1					
Wesensverdienste per aandeel – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit (sent)*	987.7	1 700.7	1 453.6	1 130.9	1 005.0	931.3	940.1
Verdienste per aandeel (sent)	9 607.9	2 095.7	1 464.2	1 697.6	1 712.9	716.3	1 681.6
Dividende per aandeel (sent)							
– Gewoon	190.00	510.00	434.00	361.00	314.00	285.00	248.00
– Spesiaal				400.00	600.00	200.00	

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir die jare voor 2005 is nie aangepas nie.

Gedurende November 2008 is die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) as 'n tussendividend in spesie aan Remgro-aandeelhouders uitgekeer. Verwys na die verslag van die raad van direkteure vir verdere inligting.

Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, word wesensverdienste per aandeel ook vir voortgesette bedrywighe aangebied wat die geëkwiteerde inkomste van BAT sowel as alle nie-herhalende kostes wat met die ontbondeling verband hou uitsluit. Verwys ook na aantekening 1 by die finansiële jaarstate vir verdere inligting.

* Gedurende die 2006 finansiële jaar het verskeie maatskappye in die groep swart ekonomiese bemagtigings (SEB)-transaksies aangegaan. Weens die wesentlike uitwerking wat die rekeningkundige verantwoording van hierdie transaksies op Remgro se resultate gehad het, is wesensverdienste per aandeel in die 2006 finansiële jaar ook aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste. Gedurende die 2008 finansiële jaar het Rainbow Chicken Beperk ook 'n SEB-transaksie aangegaan en gevolglik is wesensverdienste per aandeel weer aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste.

SEWEJAAR


GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE EN KONTANTVLOEISTATE

R miljoen	2009	2008	2007	2006	2005	2004	2003
BALANSSTATE							
Eiendom, aanleg en toerusting	2 866	2 668	2 564	2 444	4 120	3 515	3 253
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	23 795	43 175	33 033	26 098	28 201	22 737	19 844
Ander nie-bedryfsbates	5 430	9 132	6 802	4 584	2 645	2 106	3 607
Bedryfsbates	10 025	6 852	7 460	8 210	4 773	5 372	4 079
Totale bates	42 116	61 827	49 859	41 336	39 739	33 730	30 783
Totale ekwiteit	38 787	57 875	46 427	38 090	36 844	31 411	28 981
Nie-bedryfslaste	1 172	1 872	1 580	1 144	866	685	472
Bedryfslaste	2 157	2 080	1 852	2 102	2 029	1 634	1 330
Totale ekwiteit en laste	42 116	61 827	49 859	41 336	39 739	33 730	30 783
Netto batewaarde per aandeel (Rand) (toeskryfbaar aan eie lede)							
– teen boekwaarde	80.75	121.11	96.69	78.14	71.51	59.26	54.19
– teen intrinsieke waarde	99.15	253.67	221.00	157.59	119.97	100.36	77.23

KONTANTVLOEISTATE							
Kontant uit bedrywighede voortgebring	883	1 232	1 666	1 474	1 566	1 383	1 055
Kontantvloeï voortgebring uit							
beleggingsopbrengste	1 642	3 801	3 040	4 200	2 670	2 013	2 542
Belasting betaal	(280)	(497)	(676)	(369)	(546)	(363)	(220)
Kontant beskikbaar uit							
bedryfsaktiwiteit	2 245	4 536	4 030	5 305	3 690	3 033	3 377
Dividende betaal	(2 120)	(2 252)	(3 813)	(4 676)	(2 642)	(1 438)	(1 765)
Kontantvloeï uit bedryfsaktiwiteit	125	2 284	217	629	1 048	1 595	1 612
Netto beleggingsaktiwiteit	1 053	(3 438)	(1 725)	3 364	(2 203)	(528)	(1 943)
Netto finansieringsaktiwiteit	10	84	70	99	9	62	(82)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	1 188	(1 070)	(1 438)	4 092	(1 146)	1 129	(413)

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir die jare voor 2005 is nie aangepas nie.

KONTANTBEWEGING BY DIE HOUERMAATSKAPPY ("KONTANT BY DIE KERN") (R MILJOEN)



DIREKSIE

EN LEDE VAN KOMITEES

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE



J P Rupert (59)
VOORSITTER

Direkteurskappe: Uitvoerende voorsitter van *Compagnie Financière Richemont SA* en *Reinet Investments Manager SA* en nie-uitvoerende voorsitter van *VenFin Beperk* en voorsitter van *Business Partners Beperk*.



E de la H Hertzog (59)
ONDERVOORSITTER

Direkteurskappe: Voorsitter van *Medi-Clinic Korporasie Beperk*. Dien in die direksies van *Distell Groep Beperk*, *Total South Africa (Edms) Beperk* en *Trans Hex Groep Beperk*.



P E Beyers (59)

Direkteurskappe: *Distell Groep Beperk* en *Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk*.



J Malherbe (53)

Direkteurskappe: Uitvoerende ondervoorsitter van *VenFin Beperk*. Dien in die direksies van *Dimension Data Holdings Plc*, *Sabido Investments (Edms) Beperk*, *Psitek (Edms) Beperk*, *Xiocom Wireless, Inc.* en *Specpharm Holdings (Edms) Beperk*.

UITVOERENDE DIREKTEURE



M H Visser (55)
HOOFUITVOERENDE BEAMPT
Kwalifikasie: *BComm (Hons)*, *GR(SA)*
Diensjare by die groep: 29

Direkteurskappe: *Distell Groep Beperk*, *FirstRand Beperk*, *FirstRand Bank Beperk*, *FirstRand Bank Holdings Beperk*, *Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk*, *Medi-Clinic Korporasie Beperk*, *Nampak Beperk*, *PGSI Beperk*, voorsitter van *Rainbow Chicken Beperk*, *RMB Holdings Beperk* en *Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk*.




W E Bührmann (54)
BELEGGINGS
Kwalifikasie: *BComm*, *GR(SA)*
Diensjare by die groep: 22

Direkteurskappe: *RMB Holdings Beperk*, *FirstRand Beperk*, *FirstRand Bank Holdings Beperk*, *FirstRand Bank Beperk* en *Total South Africa (Edms) Beperk*.



L Crouse (56)
GROEPPINANSIES
Kwalifikasie: *GR(SA)*
Diensjare by die groep: 1

Direkteurskappe: *RMB Holdings Beperk*, *Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk*, *Wispeco Holdings Beperk*, *Air Products South Africa (Edms) Beperk*, *Dorbyl Beperk*, *Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk*, *Trans Hex Groep Beperk* en *Business Partners Beperk*.



J W Dreyer (58)
BELEGGINGS
Kwalifikasie: *BComm*, *LLB*,
H Dip Co Law, *H Dip Tax*
Diensjare by die groep: 9



J A Preller (Mev) (59)
KORPORATIEWE SAKE
Kwalifikasie: *BEcon*
Diensjare by die groep: 37



T van Wyk (61)
BELEGGINGS
Kwalifikasie: *BComm*, *LLB*, *LLM*, *H Dip Tax*
Diensjare by die groep: 19

Direkteurskappe: *Air Products South Africa (Edms) Beperk*, *Dorbyl Beperk*, *Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk*, *Momentum Groep Beperk*, *Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk*, *Trans Hex Groep Beperk*, voorsitter van *Wispeco Holdings Beperk* en ondervoorsitter van *Business Partners Beperk*.

DIREKSIE

EN LEDE VAN KOMITEES

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE



G D de Jager (58)

Direkteurskappe: *Anglo Suisse Investment Holdings Beperk en Sharp Interpack Beperk.*



P K Harris (59)

Direkteurskappe: *Hoofuitvoerende beampte van FirstRand Beperk en direkteur van RMB Holdings Beperk, FirstRand Bank Holdings Beperk, FirstRand Bank Beperk en Momentum Groep Beperk.*



M M Morobe (52)

Direkteurskappe: *Hoofuitvoerende beampte van Kagiso Media Beperk en direkteur van Kagiso Media Beperk groep van maatskappye, City Year South Africa, Resolve Group (Edms) Beperk en Tokiso Commercial (Edms) Beperk.*



F Robertson (54)

Direkteurskappe: *Uitvoerende ondervoorsitter van Brimstone Investment Corporation Beperk en voorsitter van Lion of Africa Insurance Company Beperk en Lion of Africa Life Assurance Company Beperk.*



H Wessels (64)
Aangestel: 22 Augustus 2008

Direkteurskappe: *Naspers Beleggings Beperk en Keeromstraat 30 Beleggings Beperk.*

LEDE VAN KOMITEES

UITVOERENDE KOMITEE

M H Visser (Voorsitter)

W E Bührmann

L Crouse (sedert 18 Junie 2008)

J W Dreyer (sedert 25 November 2008)

J A Preller

T van Wyk

OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

D Prins (tot 22 Augustus 2008)

G D de Jager

F Robertson

H Wessels (Voorsitter) (sedert 22 Augustus 2008)

VERGOEDINGS-EN-NOMINASIEKOMITEE

J P Rupert (Voorsitter)

G D de Jager

P K Harris

F Robertson

INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het teen die einde van 2008 'n skerp afname getoon. 'n Breë sikliese afname was reeds sedert die einde van 2007 waarneembaar, maar in September 2008 het die wêreldwye finansiële krisis met mening losgebars en die wêreld ekonomie laat steier. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die vierde kwartaal van verlede jaar sy eerste kwartaallikse daling (-1.8%) in tien jaar aangeteken en die jaarlikse groei koers het tot 3.1% afgeneem – na groei van sowat 5% per jaar vir vier agtereenvolgende kalenderjare.

Hoewel tekorte in elektrisiteitsvoorsiening gedurende die eerste gedeelte van 2008 ernstige ontwrigting in ekonomiese groei veroorsaak het, was die daling in ekonomiese bedrywighede vir die volle jaar veral sigbaar in die groei koers van reële huishoudelike verbruik, wat van 6.6% in 2007 tot 2.3% afgeneem het – 'n aanduiding dat die vlak van reële verbruiksbesteding in werklikheid gedurende die tweede helfte van die jaar ingekrimp het. Die inkrimping het gedurende die eerste kwartaal van 2009 vererger. Die groeimomentum in reële vaste investering (die private en openbare sektor gesamentlik) het afgeneem van bokant 16% in 2007 tot 2.6% in die eerste kwartaal van 2009. Om verder sout in die wonde te vryf, het uitvoere skerp gedaal in die laaste kwartaal van die jaar en die eerste kwartaal van 2009 in reaksie op die hewige wêreldwye ekonomiese resessie wat besig was om te ontvou.

Sakeondernemings moes die afgelope jaar onstuimige water trotseer en met onstabiele ekonomiese toestande wêreldwyd bly die vooruitsigte ten beste onseker. Wêreldwye reële BBP het na raming teen 'n jaarkoers van 6.7% gedurende die vierde kwartaal van 2008 ingekrimp en 5.6% in die eerste kwartaal van 2009. Die gevorderde ekonomieë het die voortou geneem met die inkrimping in ekonomiese bedrywighede. Die wêreldwye ekonomiese resessie is gesinchroniseer en die ergste sedert die Tweede Wêreldoorlog. Wêreldhandel en geldvloei het skerp gedaal, terwyl kommoditeitspryse getuimel en produksie- en werkverliese steeds toeneem. Die nadelige ekonomiese gevolge is erger in ontwikkelde ekonomieë, hoewel opkomende ekonomieë ook geraak is deur die noue handels- en finansiële bande wat bestaan. Die kommoditeitsprysgedrewe inflasieskok wat die wêreld tussen 2006 en 2008 getref het, is op 'n skouspelagtige wyse omgekeer en regoor die wêreld is sentrale banke, fiskale owerhede en multilaterale finansiële instellings in 'n hewige stryd gewikkel om deflasionêre neigings teen te werk. Vanaf Maart 2009 het die wêreldwye ekonomiese krisis oënskynlik gestabiliseer en het optimisme begin toeneem dat 'n herstel op hande is.

Terwyl die Suid-Afrikaanse ekonomie ietwat verskans was teen die primêre aandrywer van die wêreldwye finansiële krisis (die bars van die VSA-subprima finansiële seepbel), is dit ten volle blootgestel aan die indirekte gevolge daarvan op uitvoeraanvraag en -pryse as gevolg van wêreldwye resessie-toestande en die inkrimping in kapitaalvloei. Die plaaslike vervaardigingssektor het 'n besondere sterk afname in die laaste kwartaal van 2008 ervaar en sake-indekse in die sektor het in die eerste kwartaal van 2009 tot die laagste vlak in 'n dekade gedaal. Terwyl die groei in reële verbruiksbesteding verlangsaam en kleinhandelsbedrywighede ingekrimp het, is 'n mate van veerkragtigheid in die eerste kwartaal van 2009 bespeur. Vooruitsigte word egter vertroebel deur die verdere terugsgnoei van produksie en dreigende werkverliese.

'n Aantal positiewe fundamentele faktore verbeter vooruitsigte vir Suid-Afrika wat andersins effens kommerwekkend sou wees. In die eerste plek het Suid-Afrika se banksektor 'n onbeduidende direkte blootstelling aan die subprima finansiële krisis, is dit goed gekapitaliseer en word dit kundig gereguleer. Terwyl die randwisselkoers aanvanklik 'n terugslag ervaar het, het die veerkragtigheid daarvan in die lig van die wêreldwye finansiële krisis, asook die terugkeer van inwaartse ekwiteitsbeleggings in die eerste kwartaal van 2009, belofte getoon. Tweedens, ten opsigte van beide monetêre en fiskale beleid, is daar in onlangse jare genoeg ruimte geskep vir teenmaatreëls. Die prima oortrokke bankkoers het reeds met 450 basispunte gedaal en kan verder daal as eksterne omstandighede weer verswak. Die begrote fiskale tekort sal na verwagting toeneem van -1% in 2008/09 tot -3.8% in 2009/10, wat die openbare skuldverhouding (tans op 22.6%) steeds laer sal hou as die vlak van 48.1% wat in 1996/97 aangeteken is. In die derde plek het Suid-Afrika se openbare sektor reeds begin met 'n aggressiewe vaste investeringsprogram wat sommige van die negatiewe tendense in die privaat sektor sal teenwerk.

FINANSIËLE OORSIG

So bemoedigend soos hierdie fundamentele faktore ook al is, is die omvang en intensiteit van die heersende risiko's wat deur die wêreldwye finansiële en ekonomiese krisis veroorsaak word, diepgaande. Vir Suid-Afrika draai hierdie risiko's om uitvoere en die beskikbaarheid van buitelandse kapitaal om die groot tekort op die lopende rekening te finansier.

WESENSVERDIENSTE

Met ingang van 3 November 2008 is die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) as 'n tussendividend *in specie* aan Remgro-aandehouers uitgekeer. Vir die jaar onder oorsig is die belegging in BAT gevolglik slegs vir die sewe maande tot 31 Oktober 2008 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, met gevolglike verwringings indien die finansiële resultate van die twee jare waarvoor verslag gedoen word met mekaar vergelyk word.

Vir die jaar tot 31 Maart 2009 het beide wesensverdiensle en wesensverdiensle per aandeel met 41.7% afgeneem, vanaf R7 991 miljoen tot R4 660 miljoen en vanaf 1 692.8 sent tot 987.7 sent onderskeidelik.

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2009 R miljoen	2008 R miljoen
Tabakbelange	2 295	3 579
Finansiële dienste	1 576	2 120
Nywerheidsbelange	1 318	1 895
Mynbelange	164	264
Korporatiewe finansies en ander belange	(693)	133
	4 660	7 991

Wisselkoersbewegings het steeds 'n wesentlike invloed op die tabakbelange se bydrae tot die groep se verdienste gehad. Weens die swakker rand was die gunstige wisselkoersuitwerking met die omskakeling van R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R) se bydrae tot wesensverdiensle (wat hoofsaaklik uit geëkwiteerde inkomste vanaf BAT bestaan) R141 miljoen gedurende die jaar onder oorsig, vergeleke met R250 miljoen in 2008, soos in die tabel hieronder uiteengesit.

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2009	2008
Gemiddelde wisselkoers (R/£)	15.2235	14.2882
R&R se bydrae (£'m)	151	251
R&R se bydrae (R'm)	2 295	3 579
Gunstige wisselkoersuitwerking (R'm)	141	250

FirstRand en RMBH se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdiensle uit finansiële dienste het R1 576 miljoen (2008: R2 120 miljoen) bedra. Die afname van 25.7% kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n toename in slegte skulde in die kleinhandel-uitleningsbedrywighede van die banksegment, sowel as verliese met die verhandeling van ekwiteitsinstrumente.

Die bydrae van die nywerheidsbelange het met 30.4% tot R1 318 miljoen (2008: R1 895 miljoen) afgeneem. Total South Africa se bydrae tot wesensverdiensle het 'n verlies van R25 miljoen (2008: R207 miljoen wins) bedra. Die resultate van Total South Africa is wesentlik beïnvloed deur die laer internasionale olieprys gedurende die tweede helfte van 2008, wat gelei het tot aansienlike

FINANSIËLE OORSIG

voorraadverliese. Kagiso Trust Investments (KTI) se bydrae tot wesensverdiens te het 'n verlies van R139 miljoen (2008: R88 miljoen wins) bedra. KTI se resultate is negatief beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings van R368 miljoen (2008: R38 miljoen gunstig), wat verband hou met sy aandeelhouding in Metropolitan Holdings Beperk omskepbare voorkeuraandele. Distell het goeie resultate gerapporteer met 'n bydrae tot wesensverdiens te van R304 miljoen (2008: R261 miljoen). Rainbow het laer resultate gerapporteer met 'n bydrae tot Remgro se wesensverdiens te ten bedrae van R235 miljoen (2008: R377 miljoen), terwyl Unilever se bydrae tot wesensverdiens te R231 miljoen bedra het (2008: R229 miljoen). Tsb Sugar het uitstekende resultate gerapporteer met 'n bydrae tot wesensverdiens te van R187 miljoen (2008: R121 miljoen). Tsb Sugar se resultate is gunstig beïnvloed deur die huidige hoë wêreldsuikerprys, sowel as gunstige klimaatstoestande wat tot hoë vlakke van suikerproduksie gelei het. Medi-Clinic en Nampak se bydraes tot wesensverdiens te het onderskeidelik R288 miljoen en R105 miljoen bedra (2008: R285 miljoen en R163 miljoen).

Mynbelange se bydrae tot wesensverdiens te het met 37.9% tot R164 miljoen (2008: R264 miljoen) afgeneem. Dividende wat van Implats ontvang is, het R346 miljoen (2008: R267 miljoen) bedra. Trans Hex het 'n wesensverlies van R637 miljoen vir die jaar onder oorsig gerapporteer (2008: R8 miljoen verlies). Remgro se deel van hierdie verlies bedra R182 miljoen (2008: R3 miljoen verlies). Waardedalingsverliese ten bedrae van R370 miljoen is ingesluit in Trans Hex se resultate vir die 2009 finansiële jaar.

Die bydrae van korporatiewe finansies en ander belange het afgeneem tot 'n wesensverlies van R693 miljoen (2008: R133 miljoen wins). Die afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan sekondêre belasting op maatskappye (SBM) ten bedrae van R686 miljoen wat betaalbaar was op die dividend *in specie*, sowel as geëkwiteerde verliese ten bedrae van R108 miljoen op die belegging in Xiocom (2008: R38 miljoen verlies vir agt maande van die jaar). Laer rentekoerse as in die vergelykende jaar het ook veroorsaak dat die bydrae van die sentrale tesourie-afdeling met R36 miljoen afgeneem het. Ook ingesluit in wesensverdiens te is buitelandse valutawinste ten bedrae van R50 miljoen wat gerealiseer het met die repatriasie van R&R dividende.

WESENSVERDIENS TE VAN VOORTGESETTE BEDRYWIGHED E

Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, word wesensverdiens te en wesensverdiens te per aandeel ook vir voortgesette bedrywighede aangebied, wat die geëkwiteerde inkomste van BAT sowel as alle nie-herhalende kostes wat met die ontbondeling verband hou, uitsluit, soos in die volgende tabel uiteengesit.

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
Wesensverdiens te soos gerapporteer	4 660	7 991
Geëkwiteerde inkomste van BAT	(2 211)	(3 440)
SBM op die BAT ontbondeling	686	–
Ander nie-herhalende koste wat verband hou met die ontbondeling	33	–
Wesensverdiens te van voortgesette bedrywighede	3 168	4 551
Wesensverdiens te per aandeel soos gerapporteer (sent)	987.7	1 692.8
Wesensverdiens te per aandeel van voortgesette bedrywighede (sent)	671.5	964.1

FINANSIËLE OORSIG

Wesensverdiensle van voortgesette bedrywighede het met 30.4% vanaf R4 551 miljoen tot R3 168 miljoen afgeneem, terwyl wesensverdiensle per aandeel van voortgesette bedrywighede met 30.3% vanaf 964.1 sent tot 671.5 sent afgeneem het.

VERDIENSTE

Totale verdienste het met 358.2% tot R45 330 miljoen (2008: R9 893 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die kapitaalwinsten ten bedrae van R40 805 miljoen wat met die ontbondeling van die belegging in BAT gerealiseer het.

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n voorsiening vir waardedaling ten bedrae van R438 miljoen ten opsigte van drie van sy beleggings, nl. Dorbyl, Trans Hex en PGSI, verantwoord aangesien die drawaardes van dié beleggings hul beraamde verhaalbare bedrae oorskry het.

TERUGKOOP VAN REMGRO-AANDELE

Op 31 Maart 2008 is 8 554 019 Remgro gewone aandele (1.9%) as tesourie-aandele gehou. Gedurende die ses maande geëindig 30 September 2008 het 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro 3 500 000 Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R189.71 vir 'n totale bedrag van R666.4 miljoen aangekoop. Hierdie aandele is aangekoop ten einde die nuwe aandelegroei-skema, wat na die ontbondeling van die belegging in BAT geïmplementeer is, te verskans. Op 30 September 2008 was 12 054 019 Remgro gewone aandele (2.7%) as tesourie-aandele gehou.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust aangekoop nie, terwyl 1 042 426 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die inskrywingsprys.

Sedert 30 September 2008, as deel van die voorlopige stappe tot die ontbondeling van die belegging in BAT, is die 8 554 019 Remgro gewone aandele wat as tesourie-aandele gehou is en 969 836 van die Remgro gewone aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou was gekanselleer nadat die ontbondeling van die belegging in BAT deur Remgro se aandeelhouers goedgekeur is. Die balans van die Remgro gewone aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou is, is aan deelnemers gelewer en 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro het 'n direkte finansieringsfasiliteit aan die deelnemers verskaf om hulle in staat te stel om die uitstaande koopprys te vereffen.

Op 31 Maart 2009 is 3 500 000 Remgro gewone aandele (0.8%) as tesourie-aandele gehou.

DIVIDENDE

Die finale gewone dividend per aandeel is op 110 sent (2008: 330 sent) vasgestel. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar tot 31 Maart 2009 bedra gevolglik 190 sent (2008: 510 sent).

Vir 'n Remgro-aandelehouer wat steeds BAT gewone aandele sowel as Reinet deposito-bewyse hou, beteken dit 'n toename van 8.0% in dividende vergeleke met die vorige finansiële jaar.

Die dividend is 5.2 keer deur wesensverdiensle gedek teenoor 3.3 keer die vorige jaar.

INTRINSIEKE WAARDE

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies in van alle beleggings, insluitende filiaal-, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, teen óf genoteerde markwaarde óf, soos in die geval van ongenoteerde beleggings, teen direkteurswaardasie. Die netto bates van volfiliaal nie-beleggingsmaatskappye, wat hoofsaaklik uit monetêre items bestaan, word teen boekwaarde ingesluit.

Die volgende faktore word in ag geneem ten einde die direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings te bepaal:

- Markwaarde en verdienste-opbrengste van soortgelyke genoteerde aandele, met inagneming van die feit dat die ongenoteerde beleggings se bemarkbaarheid beperk is en, in sommige gevalle, ook die verhandelbaarheid daarvan
- Groeipotensiaal en risiko
- Onderliggende batewaarde
- Winsgeskiedenis
- Kontantvloeivooruitskattings

Dit is die beleid van Remgro om geen beheerpemie te plaas op die waardasie van beleggings waar 'n meerderheidsbelang gehou word nie. In gevalle waar Remgro 'n minderheidsbelang hou, word 'n 10%-verhandelbaarheidsdiskonto toegepas.

Remgro se ongenoteerde beleggings is soos volg waardeer:

AIR PRODUCTS SOUTH AFRICA

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie belegging te waardeer. 'n Geweegde gemiddelde koste van kapitaal van 12.2% en 'n terminale groeikoers van 5.0% is gebruik in die berekening van die ekwiteitswaarde. Geen verhandelbaarheidsdiskonto word op Air Products South Africa se waardasie toegepas nie as gevolg van die 50%-aandeelhouding.

BUSINESS PARTNERS

Die laaste wesentlike aandeelverhandeling, teen 600 sent per aandeel, is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

KAGISO TRUST INVESTMENTS

'n Som-van-die-dele-waardasie, met 'n effektiewe datum van 28 Februarie 2009, is as basis vir waardasie gebruik, waarop 'n 10%-verhandelbaarheidsdiskonto toegepas is.

KIEF

Aangesien die belegging nog in sy aanvangsfase is, word KIEF teen sy rekeningkundige drawaarde waardeer.

PGSI

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie belegging te waardeer. 'n Geweegde gemiddelde koste-van-kapitaal van 12.8% en terminale groeikoers van 4.0% is gebruik in die berekening van die ekwiteitswaarde, waarop 'n 10%-verhandelbaarheidsdiskonto toegepas is.

TOTAL SOUTH AFRICA

'n Toekomstige prys-verdiens-te-verhouding van 7.6 is gebruik ten einde die ekwiteitswaarde van die belegging te bereken, waarop 'n 10%-verhandelbaarheidsdiskonto toegepas is.

TSB SUGAR

'n Historiese prys-verdiens-te-verhouding van 14.0 is gebruik om hierdie belegging te waardeer. Geen beheerpremie is op die waardasie toegepas nie.

UNILEVER SOUTH AFRICA

Die belegging is waardeer teen die verkoopsopsie-waarde waarteen die belegging geplaas kan word aan die ander aandeelhouer. Die opsie-waarde impliseer 'n historiese prys-verdiens-te veelvoud van 18.3.

WISPECO

'n Historiese prys-verdiens-te-verhouding van 6.0 is gebruik om hierdie belegging te waardeer. Die na-belaste voorraadafskrywing van R27.8 miljoen vir die jaar onder oorsig is geïgnoreer vir waardasiedoeleindes. Geen beheerpremie is op die waardasie toegepas nie.

XIOCOM

Aangesien die belegging nog in sy aanvangsfase is, word Xicom teen sy rekeningkundige drawaarde waardeer.

Die intrinsieke netto batewaarde het aan die einde van Maart 2009 R99.15 per aandeel bedra. 'n Skedule wat die ontleding van intrinsieke netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2009 en 2008 uiteensit, is aan die einde van die beleggingsoorsig ingesluit.

Die kontant by die kern verskil van die kontant in die balansstaat. Eersgenoemde is soos volg saamgestel:

	2009	2008
	R miljoen	R miljoen
Per balansstaat	5 050	3 934
Belegging in geldmarkfondse	1 578	–
Min: Kontant van bedryfsfiliale	(661)	(661)
Kontant by die kern	5 967	3 273
– Plaaslik	874	619
– Buiteland	5 093	2 654

Op 31 Maart 2009 was R1 578 miljoen in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die balansstaat geklassifiseer is nie, belê.

Kontant by geassosieerde maatskappye is nie onder kontant by die kern ingesluit nie. Ter inligting en vir vergelykende doeleindes, bedra R&R se kontant en kontantekwivalente toeskryfbaar aan Remgro op 31 Maart 2008, toe R&R nog 'n geassosieerde maatskappy was en sy kontant dienooreenkomstig nie by kontant by die kern ingesluit was nie, £152 miljoen of R2 433 miljoen.

ALGEMENE VERSLAG

FINANSIËLE OORSIG

Die onderstaande tabelle gee 'n vergelyking van die relatiewe vertoning van Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel teenoor sekere gekose JSE-indekse. Dividende wat deur Remgro betaal is, is nie in aanmerking geneem nie. Die wesentlike afname in die Remgro-aandeeprys en intrinsieke netto batewaarde per aandeel weerspieël die ontbondeling van Remgro se belang in BAT op 3 November 2008 aan Remgro-aandeehouers.

	2009	2008	2007	2006	2005	2004
Intrinsieke netto batewaarde –						
Rand per aandeel	99.15	253.67	221.00	157.59	119.97	100.36
JSE – Alle aandeel-indeks	20 364	29 588	27 267	20 352	13 299	10 693
– Fin & Ind 30-indeks	18 080	23 868	24 960	19 491	13 477	9 953
– Finansiële 15-indeks	5 438	7 424	9 345	7 616	5 258	3 782
– Hulpbronne 20-indeks	38 767	64 543	50 018	34 923	21 585	19 961
Remgro-aandeeprys (Rand)	67.50	195.93	181.00	135.00	93.80	72.00

Die relatiewe vertoning van Remgro se aandeeprys en intrinsieke netto batewaarde per aandeel is bereken op die aanname dat 'n Remgro-aandeehouer op 31 Maart 2009 steeds in besit is van die ontbondelde aandele in BAT en Reinet Investments S.C.A. (Reinet) depositobewyse, asook dat 'n Remgro-aandeehouer wel sy regte ingevolge die Reinet ontvangsbewyse uitgeoefen het deur BAT-aandele te verruil vir addisionele Reinet depositobewyse.

Relatiewe vertoning	1 jaar tot	5 jaar tot
	31 Maart 2009 (% jaar op jaar)	31 Maart 2009 (% saamgestel per jaar)
Intrinsieke netto batewaarde	(22.95)	14.3
JSE – Alle aandeel-indeks	(31.2)	13.7
– Fin & Ind 30-indeks	(24.3)	12.7
– Finansiële 15-indeks	(26.8)	7.5
– Hulpbronne 20-indeks	(39.9)	14.2
Remgro-aandeeprys	(16.4)	17.9

Die onderstaande tabel gee 'n vergelyking van Remgro se interne opbrengskoers (IOK) teenoor sekere gekose JSE-indekse. Vir hierdie doel word daar aanvaar dat dividende óf in Remgro-aandele óf in die betrokke indeks herbelê word, na gelang van die geval.

	IOK
	Vanaf 26 September 2000 tot 31 Maart 2009 (% saamgestel per jaar)
JSE – Alle aandeel-indeks	15.02
– Fin & Ind 30-indeks	9.01
– Finansiële 15-indeks	8.64
– Hulpbronne 20-indeks	20.43
Remgro-aandeel	27.14

BELEGGINGSOORSIG

(Let wel: Slegs beperkte kommentaar word gelewer oor genoteerde maatskappye aangesien die inligting algemeen beskikbaar is. Die ongenoteerde beleggings word in meer besonderhede behandel.)

TABAKBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
R&R Holdings	2 295	3 579

R&R HOLDINGS

Voor die ontbondeling van die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) gedurende November 2008, is Remgro se belang in BAT verteenwoordig deur sy belang in een-derde van die gewone aandele en al die "2005" deelnemende sekuriteite wat deur R&R uitgereik is. Die balans van die gewone aandeelkapitaal van R&R is deur Compagnie Financière Richemont SA gehou. Verder het Remgro ook een-derde van die "2006" deelnemende sekuriteite wat deur R&R uitgereik is, gehou.

Vir die sewe maande tot 31 Oktober 2008 het Remgro se deel van R&R se wesensverdienste bestaan uit 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT en sy belang in R&R se nie-BAT-inkomste (dit sluit in inkomste toeskryfbaar aan sy belegging in die "2006" deelnemende sekuriteite, waarna hierbo verwys word).

	2009 £ miljoen	2008 £ miljoen
Toeskryfbare inkomste van BAT voor nie-herhalende en kapitale items	1 359	2 275

R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT:

– 30.06% tot 30.20% (2008: 29.62% tot 29.97%)	410	679
R&R se nie-BAT-inkomste	10	12
R&R se wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart	420	691

Remgro se belang daarin:

– 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT	145	241
– deel van R&R se nie-BAT-inkomste	6	10
	151	251

	R miljoen	R miljoen
Omgereken teen 'n gemiddelde R/£-koers van 15.2235 (2008: 14.2882)	2 295	3 579

BAT se finansiële jaar eindig op 31 Desember en rapporteer op 'n kwartaallikse grondslag aan aandeelhouders. Verdere inligting oor BAT, insluitende die jaarverslag en kwartaalverslae is beskikbaar op BAT se webwerf by www.bat.com.

FINANSIËLE DIENSTE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
FirstRand	815	1 090
RMBH	761	1 030
	1 576	2 120

Beide FirstRand Beperk ("FirstRand") en RMB Holdings Beperk ("RMBH") het Junie-jaareindes en gevolglik is hul resultate vir die twaalf maande tot 31 Desember 2008 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig geëkwiteer.

FIRSTRAND – GENOTEERD

FirstRand se bydrae tot Remgro se wesensverdienste, soos in die tabel hierbo aangedui, verteenwoordig slegs Remgro se direkte belang van 9.2% in FirstRand en sluit nie die indirekte bydrae van FirstRand deur Remgro se belegging in RMBH in nie.

Vir FirstRand se jongste gerapporteerde ses maande geëindig 31 Desember 2008 het wesensverdienste met 20% tot R4 553 miljoen (2007: R5 702 miljoen) afgeneem. Pro forma wesensverdienste, na inagnam van die ontbondeling van FirstRand se belang in Discovery gedurende November 2007, het met 17% tot R4 553 miljoen (2007: R5 517 miljoen) afgeneem. Hierdie resultate weerspieël die uiters moeilike bedryfsgewing, wat gekenmerk is deur laer pryse van bates, voortgesette onbestendigheid van markte en 'n verslegtende ekonomiese vooruitsig op beide plaaslike en internasionale vlak.

Die verdienste van die kommersiële bank, ENB, het met 15% gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n beduidende toename in slegte skulde. RMB, die beleggingsbank, se verdienste was 20% laer ondanks 'n sterk vertoning deur sy beleggingsbankafdeling. Die voortgesette likwidering van die internasionale ekwiteitsverhandelingsportefuljes en die wanbetaling van Dealstream het gelei tot die rapportering van R798 miljoen se verliese deur die ekwiteitsverhandelingsafdeling. Die verdienste van WesBank, die afbetalingsfinansieringsbesigheid, het met 62% afgeneem as gevolg van 'n kombinasie van hoër slegte skulde en die verlangsaming van groei in die plaaslike besigheid se finansieringsboek. Hierdie verdienste sluit 'n verlies van R206 miljoen uit wat ontstaan het uit die verkoop van die Australia MotorOne finansieringsboek. Die beduidende verswakking van ekwiteitsmarkte het Momentum se verdienste met 19% tot R740 miljoen (2007: R913 miljoen) laat afneem.

FirstRand glo dat die voordele van laer rentekoerse aan verbruikers eers laat in 2009 of vroeg in 2010 sigbaar gaan wees en dat ekonomiese aktiwiteit laag sal bly. Verdienste vanaf sy plaaslike kleinhandel-franchises sal dus onder druk bly gedurende die tweede helfte van die jaar. Die plaaslike beleggings- en korporatiewe bankaktiwiteite van FirstRand sal na verwagting minder geraak word gedurende die tweede ses maande, wat tot 'n mate die impak van die plaaslike kleinhandelbesigheid se verswakking sal versag.

RMBH – GENOTEERD

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2008 was 79.6% (2007: 88.9%) van RMBH se wesensverdienste, voor inagnam van ander netto inkomste en koste van befondsing, afkomstig van FirstRand, terwyl 20.4% (2007: 11.1%) deur die ander belange bygedra is. RMBH se ander belange sluit in Discovery Holdings Beperk, OUTsurance Beperk en RMB Structured Insurance Beperk.


BELEGGINGSOORSIG

Die Discovery Groep is bedrywig in die versekerings- en gesondheidsorg-befondsingsmarkte in Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk, en het besonder goed gevaar. Sterk vertonings deur Discovery Health en Discovery Life het wesensverdienste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2008 met 19% tot R489 miljoen laat toeneem. Die korttermynversekeraar, OUTsurance, het uitstekende resultate vir die tydperk onder oorsig gelewer met netto verdiende premie-inkomste wat met 19% tot R1.9 miljard toegeneem het. Na inagnome van die vestigingskoste van "Youi", 'n nuwe direkte versekeraar gesetel in Australië, het OUTsurance se wesensverdienste vir die sesmaandetydperk met 17% tot R331 miljoen (2007: R282 miljoen) toegeneem. RMB Structured Insurance ("RMBSI") skep oplossings vir individuele versekering en finansiële risiko's van groot korporatiewe besighede deur gebruik te maak van innoverende finansiële strukture. RMBSI se bydrae tot die wesensverdienste van RMBH vir die tydperk onder oorsig bedra R25 miljoen en is relatief klein in vergelyking met die bydrae van R205 miljoen en R131 miljoen deur OUTsurance en Discovery onderskeidelik.

Aan die einde van Desember 2008 het RMBH sy 12.3%-belang in Glenrand M.I.B verkoop. Die wins met verkoop en bydrae van Glenrand M.I.B tot RMBH se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het nie 'n wesentlike uitwerking op RMBH nie en is ingesluit by ander netto inkomste.

NYWERHEIDSBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE



RAINBOW CHICKEN BEPERK ("RAINBOW") – GENOTEERD

Vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 het Rainbow se wesensverdienste met 39.6% van R528.1 miljoen tot R318.8 miljoen afgeneem, maar met slegs 14.8% indien ongerealiseerde verliese op finansiële instrumente wat in die aankoopstrategie van voer gebruik word, nie by wesensverdienste ingesluit word nie. Die afname in wesensverdienste is grotendeels 'n weerspieëling van die 32.2%-toename in voerinsenkoste, wat nie ten volle deur verhoogde hoenderpryse verhaal kon word nie.

BELEGGINGSOORSIG

Rainbow se totale omset het met 14.4% toegeneem, ondersteun deur groei van 17.2% in hoenderomset wat 79% van die totale omset verteenwoordig. Algeheel het hoenderverkoopsvolumes met 2% toegeneem. Voerinsette koste het historiese hoë vlakke gedurende die afgelope twaalf maande behaal en die uitsonderlike wisselvalligheid duur voort.

Op 30 Julie 2008 is Rainbow se SEB-transaksie voltooi deurdat 15% van die maatskappy se aandele aan die SEB-konsortium uitgereik is. Die enigste uitwerking wat hierdie transaksie op Rainbow se resultate sal hê, is die herhalende koste van die werknemers se deel van die opsie-uitgawe en die SBM betaalbaar op dividende wat verklaar word met betrekking tot hierdie aandele.

Die volgende word as belanghebbendes van die maatskappy erken:

- ♦ Aandeelhouers en leners as verskaffers van kapitaal
- ♦ Die staat as beleidmaker en reguleerder
- ♦ Die beleggingspubliek as 'n belangegroep
- ♦ Die gemeenskap, vanweë die skerp van werkgeleenthede, as gedeeltelike begunstigde van die belasting wat winsgewende organisasies betaal en as ontvanger van sosiale bydraes

Die direksie hersien gereeld sy strategieë, met inagneming van die behoeftes van belanghebbendes, om 'n ewewig tussen langtermyn groei en die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die omgewing waarin hy funksioneer, te verseker.

GROEPETIEK

Wyle dr Anton Rupert, stigter van die groep, het meer as 40 jaar gelede riglyne opgestel vir die suksesvolle bedryf van sake. Hierdie riglyne het ontwikkel in wat vandag Remgro se waardes is. Die maatskappy glo dat die gees waarin dit streef om 'n goeie korporatiewe burger te wees, in hierdie waardes beliggaam is. Dit glo verder dat etiese gedrag spruit uit die waardesisteen wat deur die direksie gekommunikeer en gedemonstreer word.

Remgro se verbintenis tot etiese gedrag is in die volgende gedokumenteer:

- ♦ Etiese kode
- ♦ Geskenkebeleid
- ♦ Rekenaar: Aanvaarbare gebruikskode
- ♦ Dissiplinêre kode

VEILIGHEID EN DIE OMGEWING

Die maatskappy het 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee wat saamgestel is ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. Die komitee help die direksie om seker te maak dat die maatskappy 'n veilige, gesonde en risikovrye omgewing vir sy personeel en besoekers bied en sien toe dat beheermaatreëls om risiko's te beperk doeltreffend is en toegepas word.

Die meeste van die maatskappy se kernbedrywighede word as van 'n lae impak beskou sover dit die uitwerking daarvan op die omgewing betref.

Die maatskappy meet sy huidige omgewingspraktyke aan die norme wat deur die "Global Reporting Initiative"[™](GRI)-raamwerk gestel word. Dit sluit die volgende in:

- ♦ Materiale
- ♦ Energie
- ♦ Water
- ♦ Biodiversiteit
- ♦ Uitlatings, uitvloeiels en afval
- ♦ Verskaffers
- ♦ Produkte en dienste
- ♦ Voldoening
- ♦ Vervoer

Waar nodig geag, word gebruik en impak gekwantifiseer en aan beste praktyke gemeet. Indien toepaslik, word die nakoming van veiligheids-, gesondheids- en omgewingstelsels teen formele standaarde gemeet en aan onafhanklike oorsig onderwerp.

Tsb Sugar het prestasiedoelwitte en verbruiksdoelwitte gestel om sy omgewingsimpak te beperk, soos byvoorbeeld bagasse, 'n neweproduk van die suikerproduksieproses, wat gebruik word om elektrisiteit op te wek. Die meeste van Tsb Sugar se meule se elektrisiteitsbehoefte word opgewek deur middel van bagasse. Surplus elektrisiteit word teruggeplaas in die Eskom nasionale netwerk. Gegewe die voghoud van suikerriet, gee Tsb Sugar meer water aan die omgewing terug as wat in die oorspronklike produksieproses gebruik word.

Die omgewingsvolhoubaarheidsinisiatief is ook uitgebrei tot natuurbewaring, opvoeding en bewusmaking.

KLIMAATSVERANDERING

Remgro het die vorige jaar aan die openbaarmakingsprojek vir koolstofuitlating (CPD6) deelgeneem en het erkenning gekry vir sy leierskap in hierdie verband. Hierdie inisiatief sal voortgesit word in CPD7.

MIV/VIGS-BELEID

Uit 'n beleggingshouermaatskappy se perspektief bestaan die risiko verbonde aan MIV/vigs uit twee elemente, naamlik:

GROEPRISIKO

Gegewe die potensiële uitwerking van MIV/vigs op markte, menslike kapitaal, die koste van indiensneming en die bedryfsprosesse van ondernemings waarin belê is, word hierdie risiko bestuur binne die strukture van die onderskeie maatskappye waarin belê word.

Die vordering van hierdie beleid en strategieë word aan die hand van bestepaktyk-standaarde gemonitor.

MAATSKAPPYRISIKO

Remgro het 'n formele MIV/vigs-beleid en is verbind tot daadwerklike stappe om die pandemie, en die besigheidsrisiko's daaraan verbonde, te bestuur. Die beleid maak onder andere vir die volgende voorsiening:

- Dat alle wetlike verpligtinge met betrekking tot MIV/vigs nagekom word
- Dat daar op geen wyse teen werknemers of potensiële werknemers gediskrimineer word op grond van hul MIV-status nie
- Dat inligting oor die MIV-status van werknemers streng vertroulik gehanteer word
- Dat algemene maatreëls ingestel en bestuur word om toevallige besmetting te voorkom

Die Remedi Mediese Hulpskema, waaraan die meeste Remgro-personeel behoort, beskik oor 'n bestuursplan vir MIV/vigs waaraan werknemers volgens hul keuse deelneem. Alle personeel van Remgro is in diens van M&I, 'n gespesialiseerde diensmaatskappy.

WERKNEMERS

Opsomming van die werknemers van bedryfsfiliale

	2009	2008
Rainbow Chicken	7 417	7 653
Wispeco	1 041	1 039
Tsb Sugar (kontrakwerkers uitgesluit)	3 008	3 010
Ander	11	11
	11 477	11 713
M&I	168	172
	11 645	11 885

Die direksies van die onderskeie bedryfsfiliale is verantwoordelik vir hul eie strategie met betrekking tot diensbillikheid, MIV/vigs, opleiding en ander personeelaangeleenthede.

PANDEMIES

As deel van die groep se bewustheid van gemeenskapsrisiko word pandemiese risiko's gemonitor en sal toepaslike stappe gedoen word waar nodig.

DIENSBILLIKHEID

Remgro streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Gelyke Indiensneming, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

Remgro se bestuur en personeel is deurlopend betrokke by die bepaling van opleidings- en ontwikkelingsbehoefes, asook by die implementering en monitering van 'n arbeidsplan. Aandag word veral gegee aan dié groepe wat om historiese redes 'n agterstand mag hê.

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming dien M&I, namens Remgro, jaarliks 'n arbeidsplan by die Departement van Arbeid in.

Vanweë die gespesialiseerde aard van sy werksaamhede, word Remgro se arbeidsmag deur die volgende gekenmerk:

- 'n Hoë vlak van kundigheid in die topstruktuur van die organisasie en in die onderskeie gespesialiseerde afdelings
- 'n Jongwerknemersprofiel, veral wat bestuur betref
- 'n Lae arbeidsomset wat beperkte geleenthede vir nuwe aanstellings meebring

Remgro glo dat die gehalte van sy personeel 'n belangrike, volhoubare, mededingende voordeel is. Daarom glo hy dat sy sukses nie in die eenvormigheid van sy personeel lê nie, maar in die verskeidenheid en die ontwikkeling van hul kollektiewe vaardighede, waarvoor altyd ruimte en geleentheid geskep sal word.

Menslike hulpbronne-beleid en -prosedures spreek ook die aangeleenthede van nie-diskriminasie, kinderarbeid, dissiplinêre praktyke, menseregte, ens. aan.

BBSEB – BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die direksie glo dat BBSEB 'n sosiale, politieke en ekonomiese noodsaaklikheid is en die maatskappy se filiale en geassosieerde maatskappye se inisiatiewe in hierdie verband word ondersteun en aangemoedig. In die mate wat Remgro se filiale en geassosieerde maatskappye BBSEB implementeer, neem Remgro se aandeelhouers ook effektiewelik deel aan BBSEB en die uitwerking en sukses daarvan. Hoewel die ideaal is om alle persone te ondersteun om hul volle potensiaal te verwesenlik, is besondere fokus nodig op diegene wat weens historiese redes agterstande het. Die doel is om hulle toe te rus om op meriete in die mark te kan meeding. Ons sien uit na die dag wanneer alle Suid-Afrikaners, veral al ons kinders, op 'n nie-rassige en gelyke grondslag ten volle aan ons ekonomie kan deelneem.

Remgro het 'n telling van 44.18% behaal in die FM Empowerdex 2009 "Top Bemagtigings-maatskappye". Die vertoning is beoordeel teenoor die generiese telkaart aangesien daar geen handves vir beleggingshouermaatskappye is nie. Remgro monitor deur direksieverteenvoordinging die BBSEB-vertoning van die maatskappye waarin hy belê.

SOSIALE BELEGGING

Korporatiewe burgerskap, naamlik die verbintenis van 'n maatskappy om op 'n volhoubare wyse tot ekonomiese ontwikkeling by te dra, onderskryf die beginsel dat geen besigheid in isolasie bestaan nie, maar onmiskenbaar deel is van die omgewing waarin sake gedoen word. In sy verhoudinge met alle belanghebbendes (kliënte, personeel en die gemeenskap) streef Remgro daarna om 'n waardevennoot te wees.

Die klem van die maatskappy se donasieprogram val veral op die ontwikkeling van jongmense uit benadeelde gemeenskappe om aan hulle 'n gevoel van selfwaarde te gee. Dit word gedoen in die vertroue dat sodanige beleggings in die toekoms goeie dividende sal oplewer.

Skenkings aan verdienstelike instansies word meesal oor termyne gemaak en hoewel bydraes oor 'n taamlike breë spektrum strek, is daar een ooglopende uitsondering: politieke partye. Die maatskappy respekteer die individu se reg om volgens eie keuse by hierdie organisasies betrokke te raak, maar Remgro oefen nie self 'n keuse uit nie.

Die afgelope jaar was die maatskappy by die volgende betrokke:

ENTREPRENEURSKAP EN OPLEIDING

Tsiba – vir die Tersië Skool in Besigheidsadministrasie (Tsiba), wat vyf jaar gelede in Kaapstad gestig is, was 2008 'n jaar van heelparty eerstes. Die heel belangrikste was Tsiba se eerste studente wat hul B-graad in Besigheidsadministrasie (BBA) verwerf het. Dit was ook die eerste jaar dat Tsiba 'n onafhanklike takserings-en-evalueringsraad gebruik het om toesig te hou oor sy gehalteversekeringsprosesse.

Nog 'n prestasie was dat 95% van die voorbereidingsklas kon voortgaan met die graadkursus – 'n aansienlike verbetering op vorige jare. 'n Slaagkoers van 64% is behaal en 'n volle studiebeurs is aan hierdie studente toegeken om vir 'n BBA-graad te studeer. In onlangse jare het Tsiba sy kapasiteit sodanig uitgebrei dat 120 studente in die begin van 2009 tot die voorbereidingsklas toegelaat kon word – 'n toename van 50% vergeleke met 2008.

Tsiba se Entrepreneursentrum was ook in die nuus toe 'n rekenaaropleidingsentrum wat in Khayelitsha ondersteun word, die eerste prys in die Wes-Kaapse afdeling van 'n sakeplankompetisie vir beginnerondernemings gewen het. Baie klein sakeondernemings het reeds by hul betrokkenheid by Tsiba se sentrum baat gevind.

Remgro het hom verbind om Tsiba vir 'n volle studentesiklus van vier jaar te ondersteun.

Shalamuka-Stigting – dit is die doelwit van hierdie stigting om langtermynbefondsing te bekom vir die hoogs suksesvolle Penreach-program waardeur leerkragontwikkeling ondersteun word, veral in Mpumalanga.

Penreach is 'n uitstekende voorbeeld van wat bereik kan word as mense regtig 'n verskil wil maak en wanneer hulle hulself vrywillig verbind tot verandering en ontwikkeling. Meer as 2 000 swart onderwysers (95% vroue) word jaarliks deur Penreach bereik, wat die lewe van meer as 350 000 leerders in plattelandse gebiede beïnvloed.

Behalwe die werk wat met onderwysers en skoolbesture gedoen word, is Penreach ook by graad 10 tot 12-leerders in wiskunde en wetenskap betrokke. Hierdie jong leerders woon op Saterdagoggende gereelde klasse by en dis verblydend om te sien hoe hulle punte deur die jaar merkbaar verbeter.

Met sy doelstelling om die gehalte en toeganklikheid van onderwys vir onderwysers en leerders in benadeelde skole te verbeter, het Penreach 'n model daargestel wat elders gebruik kan word. Die voorbereidingswerk hiervoor word tans gedoen.

Beyers Naudé-Skoolontwikkelingsprogram (BNSOP) – die bekamping van armoede deur onderwys, met 'n spesifieke klem op plattelandse gemeenskappe, was uit die staanspoor die rigtingwyser vir BNSOP, wat onder die beskerming van die Kagiso Trust val.

Die filosofie agter die program is dat plattelandse gemeenskappe die potensiaal het om 'n belangrike rol in die nasionale ekonomie te speel mits jongmense toegang het tot goeie onderwys. Die rol van skole in plattelandse gemeenskappe is wesenlik, nie net vanweë die verskaffing van noodsaaklike onderwys nie, maar ook omdat dit dikwels die enigste instansies in hierdie gemeenskappe is en meerdoelig benut word.

BNSOP is daargestel met die doel om die kultuur van leer en onderrig in skole te herstel en terselfdertyd funksionele en volhoubare verhoudinge tussen belanghebbendes in die skoolgemeenskap te vestig. Tans is die organisasie by 50 skole in Limpopo, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap en die Vrystaat betrokke.

SciMathUS – vir hierdie postmatriekprogram van die Universiteit van Stellenbosch was 2008 'n jaar van uitdaging en vervulling. Die studente se honger na sukses was die dryfkrag wat hulle gehelp het om die nuwe kurrikulum met entoesiasme onder die knie te kry.

Die program het 'n 100%-slaagsyfer gehad en die meeste studente het hul punte aansienlik verbeter. Die gebruik van probleemgebaseerde onderrig het 'n baie doeltreffende manier geblyk te wees om die kurrikulumgaping te oorbrug. Die eksamen aan die einde van die jaar het later as in ander jare begin, wat die studente 'n ekstra maand vir onderrig en hersiening gegee het.

Van 2008 se finale groep van 62 studente, almal uit mindergegoede gemeenskappe, was daar 27 vroue en 35 mans; 22 swart en 40 Kleurlinge en Indiërs. Altesame 42 studente het van die Wes-Kaap gekom, ses van Gauteng, vier elk van die Noord-Kaap en KwaZulu-Natal, twee elk van die Oos-Kaap en Noordwes en een elk van Mpumalanga en Limpopo. Al 62 studente het hul kursus suksesvol voltooi en aansoek gedoen om toegang tot tersiëre onderwys.

Sedert 2001 het meer as 450 studente die program voltooi. Dit sou billik wees om te sê dat solank as graad 12-leerders die skool verlaat met uitslae in wiskunde en natuurwetenskappe wat hulle verhinder om toegang tot tersiëre onderrig te verkry, SciMathUS 'n rol sal hê om te speel.

Paul Roos Akademie – tydens die sesde jaar van bedrywighede het die Akademie sy fokus verskuif van leerders wat die potensiaal het om matriek te slaag na diegene wat die vermoë het om wiskunde in matriek te slaag. Hierdie besluit is deels beïnvloed deur die verlies van een van die voorste borge en dit het tot gevolg gehad dat die getalle van 233 leerders in 2008 tot 180 in 2009 verminder het.

In 2008 het die eerste groep leerders ook hul matriekexamens geskryf. Hulle was lede van die eerste toelating van 60 graad 7-leerders in 2002. Weens 'n gebrek aan ondervinding in die keuringsproses was al die leerders nie akademies die sterkste in hul besondere groep nie. Vyf-en-twintig (42%) het enduit volgehou, van wie 22 suksesvol was.

Benewens finansiële steun, vind die Akademie ook baat by die vrywillige bydraes deur verskeie organisasies. So, byvoorbeeld, het die Creative Education Foundation, met twee lede elk van Amerika, Nederland en Suid-Afrika, vir die sesde agtereenvolgende jaar sy skeppende probleemoplossings- en jeugleierskursus aangebied.

Bergzicht-Opleidingsentrum – met sy basis in Stellenbosch, verskaf hierdie sentrum onderrig in werkverwante vaardighede aan ongeskoolde en werklose mense uit 'n minder gegoede agtergrond en word hulle na afloop van die opleiding gehelp om werk te kry. Deur aan mense die gereedskap te gee om die armoedespiraal te breek, gee Bergzicht aandag aan een van die mees knellende probleme waarmee kwesbare gemeenskappe in die land worstel.

Sedert sy totstandkoming in 1992 het die Bergzicht-sentrum reeds meer as 9 000 mense opgelei en 'n naam verwerf vir die gehalte van sy opleiding en die welslae wat behaal word waar dit werklik saak maak. Met behulp van sy infrastruktuur en vaardighede het Bergzicht 'n belangrike rolspeler in die ontwikkeling van die land se menslike potensiaal geword.

Remgro het hom verbind om die Opleidingsentrum vir drie jaar te ondersteun.

Equip – hierdie ontwikkelingsprogram van die Nasionale Besigheidsinisiatief in vyf skole in die Stellenbosch-omgewing word sedert 2005 deur Remgro geborg. Na 'n wankelmoedige begin het die program momentum gekry en in 2008 is uitstekende resultate behaal. Die Hoërskool Kayamandi het sy slaagsyfer vir graad 12-leerders van 71% tot 86% verhoog, terwyl die Laerskool Stellenzicht 'n styging van 62% tot 74.4% ondervind het.

By die oorhandigingsfunksie van die laaste bewilliging aan die skole in November is gemeld dat in alle fasette van skoollewe – van die akademiese tot sport, die skoolterrein en fasiliteite – geweldige verbeteringe sigbaar was. Die verhoogde motivering en energie van onderwysers was ook opmerklik.

Gedurende die afgelope jaar het die groei in leerdergetalle, veral in Kayamandi, tot die oprigting van twee bykomende skole gelei. Toe hy deur Equip genader is, het Remgro ingestem om sy steun aan die program, met insluiting van die twee nuwelinge, vir nog 'n jaar te verleng.

ORT SEED – is 'n vennootskapsooreenkoms tussen ORT-Tech, die Wynlanddistrik van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en Remgro om gespesialiseerde opleiding en ondersteuning te verskaf in kurrikulumontwikkeling en implementering vir onderrig in wiskunde, natuurwetenskap, tegnologie en geletterdheid van graad R tot 7.

ORT-Tech fasiliteer ter plaatse kurrikulumontwikkeling by die laerskole Idasvallei en Rietenbosch. Die skole het toegang tot ondersteunende vaardighede en hulpbronne en dien as ankerskole vir 'n uitreikprogram na 15 omliggende laerskole. As uitbreiding van sy steun aan die Equipprojek, het Remgro homself verbind om die program vir drie jaar te ondersteun.

Die hoofdoelwitte van ORT SEED sluit die volgende in: om te verseker dat leerders in die ankerskole die volle voordeel geniet van ORT-Tech se kundigheid ten opsigte van leermetodes; om 'n rolmodel vir ander skole te word in die implementering van tegnologie, wiskunde, natuurwetenskappe en geletterdheid; om die professionele ontwikkeling van onderwysers te ondersteun deur opleiding in die klaskamer; om aan opvoeders toegang tot hulpbronne te bied en hulle vaardighede en kennis te verbeter; en om deur uitreiking 'n geleentheid vir onderwysers te skep om onderling te skakel en die beste onderrig-, leer- en beoordelingspraktyke met mekaar te deel.

OMGEWING

WWF Suid-Afrika (WWF-SA) – sedert die stigting van die Suider-Afrikaanse tak van hierdie internasionale bewaringsorganisasie deur Remgro se stigter meer as 40 jaar gelede, het die maatskappy WWF-SA as die enigste kanaal gebruik vir sy betrokkenheid by die bewaring van die streek se natuurlike hulpbronne. In onlangse jare het WWF-SA toenemend ons nasionale gewete ten opsigte van omgewingsake geword.

WWF-SA speel 'n kernrol in die bewaringsektor, beide sover dit die uitvoer van huishoudelike bewaringsprojekte betref, asook die verskaffing van finansiering aan ander om verwante werk te doen. As deel van die wêreldwye WWF-netwerk, wat in byna 100 lande bedrywig is, bevind WWF-SA hom in 'n besondere posisie in 'n ontwikkelende ekonomie om pragmatiese, wetenskaplik gefundeerde oplossings vir wêreldwye omgewingsuitdagings te ontwikkel.

Klimaatverandering is die grootste mensgemaakte krisis wat die wêreld vandag in die gesig staar. Suider-Afrika, in die besonder, sal waarskynlik geraak word deur uiterste temperature, tesame met 'n kwaai daling in reënval. Dis om hierdie rede dat WWF-SA sy fokus verskuif het van die bewaring van spesies en die natuurlike omgewing, na die aanpak van wêreldwye omgewingsuitdagings, soos klimaatverandering, watertekorte en die menslike voetspoor.

Deur die sakesektor en die breër gemeenskap te betrek, is dit steeds moontlik, glo WWF-SA, om gedrag te verander en 'n lewende planeet vir die nageslag na te laat.

KULTURELE ONTWIKKELING

Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) – het 'n baie suksesvolle 15de jaar beleef, met 'n goeie balans wat gehandhaaf is tussen kaartjiekopende feesgangers en feesbesoekers. Opvoerings het 'n bywoningskoers van 65% behaal teenoor 40% in 2008.

Die Remgro/VenFin-beurs vir die ontwikkeling van 'n loopbaan in die kunste is vanjaar toegeken aan 'n leerder van die Hoërskool George, Zaida Fortuin, wat voornemens is om die geld vir 'n professionele dansloopbaan te gebruik.

Remgro se bydrae is ook gedeeltelik gebruik vir gehoorontwikkeling. As deel van hierdie proses is 'n komitee, bestaande uit kuns- en kultuurvertegenwoordigers, saamgestel om gratis en goedkoper kaartjies te oorweeg. Meer as 3 000 sulke kaartjies is aan kore, toneelverenigings, dansskole, skoolgroepe en bejaardes beskikbaar gestel, met die klem hoofsaaklik op klassieke musiek, dansteater en toneel.

Veldorkesstigting – 'n kombinasie van onvoldoende onderwys, neerdrukkende sosio-ekonomiese omstandighede en lae indiensnemingsvooruitsigte dreig om die land se jeug te marginaliseer. Dit is die uitdaging wat die Veldorkesstigting met entoesiasme aanvaar het.

Vir die Stigting was 2008 'n bedrywige jaar. Beide die Amerikaanse en Noorweegse uitruilprogramme het 'n klompie jongmense die ondervinding van 'n leeftyd gebied en terselfdertyd hul musiekvaardighede bevorder. Die Stigting werk ook hard daaraan om 'n ken-jou-status-kultuur by sy lede aan te wakker. Tydens 'n MIV-werkwinkel is 338 Stigtingslede tussen die ouderdom van 14 en 24 getoets, van wie vier positief was. Die uitslae was beter as wat verwag is en toon dat die Stigting daarin slaag om sy lede te help om verantwoordelikheid vir hul persoonlike ontwikkeling te aanvaar.

'n Profiel van die Stellenbosse Veldorkes gee 'n aanduiding van die sosiale struktuur van die gemeenskap en die moeilike omstandighede waaronder die Stigting funksioneer. Die orkes het 313 lede, wat die susterorkeste van Cloetesville en Macassar insluit. Hiervan is 153 seuns en 160 meisies uit 30 skole in die streek. Van die lede bly 137 (43.8%) by beide ouers, 83 net by moeders, nege by vaders en die ander by grootouers, familie of voogde. Van die ouers is 24% van die moeders en 75% van die vaders werkloos.

WAT – die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) het 'n moeilike begin in 2008 gehad toe sy jaarlikse PanSAT-subsidie met 'n derde verminder is. Uitstekende ondersteuning deur borge het egter gehelp om hierdie aansienlike verlies te absorbeer.

Aan die bedryfskant is goeie vordering gemaak. Die manuskrip van die 14de volume van WAT (die letter R) is teen die einde van Oktober voltooi waarna begin is met die uitleg en die set- en proefleeswerk. WAT beplan om vanjaar met die letter S te begin.

Een van die hoogtepunte van die jaar was die aanbied van die 13de internasionale Afrilex-kongres (Afrilex is die akroniem vir die African Association for Lexicography). Nagenoeg 100 persone het vir die kongres geregistreer en 35 referate is gelewer.

WAT is toeganklik op die internet en die feit dat die ses grootste Suid-Afrikaanse universiteite reeds die gebruiksreg van die internetweergawe aangekoop het, waardeur sowat 300 000 studente bevoordeel word, dui op die relevansie van die woordeboek.

Children's Art Festival (CAF) – sedert die ontstaan daarvan 21 jaar gelede, het CAF bestendig gegroei en die afgelope drie jaar het sowat 2 000 kinders die werkwinkels bygewoon, wat dit 'n gevestigde instelling by die Grahamstad Nasionale Kunstefees maak. CAF se doel is om aan kleuterskoolkinders en laerskoolleerders op elke vlak van die samelewing 'n stimulerende en opwindende blootstelling aan kuns te gee.

CAF probeer om die status van kuns en kultuur, wat om verskeie redes nog 'n agterstand in Suid-Afrikaanse laerskole het, te verhoog. Dit word gedoen in die geloof dat afgeronde, gesonde leerders die resultaat is van 'n goeie balans tussen akademiese en kreatiewe bedrywigheide. Die hartklop van die program is die strewe om die slapende kunstenaar in elke kind wakker te maak deur 'n blootstelling aan nuwe vaardighede, wat hand-oog-koördinasie, diverse kulture en die talente van vakmanne, kunstenaars, akteurs, dansers en musikante insluit.

In 2008 is 227 leerders wat CAF se werkwinkels tydens die Nasionale Kunstefees bygewoon het, geborg. Danksy Remgro se borgskap kon die omvang van die werkwinkels vergroot en beter toerusting en meer gesofistikeerde tegnieke gebruik word. Die geborgde werkwinkels word sodanig ingerig dat die kinders bruikbare items wat hulle maak, huis toe kan neem, soos kerse, mosaïekspieëls en naambordjies.

SPORTONTWIKKELING

SA Gholfontwikkelingsraad (SAGOR) – deur afrigting en speelgeleenthede aan kinders uit agtergeblewe gebiede beskikbaar te stel, het SAGOR die spel toeganklik gemaak vir baie wat andersins nie die hulpbronne sou hê om dit te speel nie. Die afgelope nege jaar het nagenoeg 16 000 jong Suid-Afrikaners voordeel uit hierdie program getrek.

Die klem val egter nie net op die spel nie. SAGOR is steeds besig om die sport te gebruik om waardevolle lewenslesse aan jongmense te leer wat net so belangrik buite die gholfbaan is as daarop. Hulle word geleer dat toewyding, integriteit en geloof in jouself kernelemente van sukses is wat vir alle fasette van die lewe geld. Terwyl die spel uitgebrei word, is SAGOR ook besig met die bou van veilige, volhoubare en gesonde gemeenskappe – een kind op 'n slag.

'n Mylpaalontwikkeling, met goeie gevolge vir SAGOR, is in September verlede jaar aangekondig toe die SA Gholfvereniging (SAGV) 'n belangrike besluit geneem het om die uitbreiding van gholf regoor die land te ondersteun. Vanaf Januarie 2010 sal die SAGV sy jaarlikse affiliasiefooi verhoog en die opbrengs hiervan sal na SAGOR gaan. Dit beteken dat die liggaam wat verantwoordelik is vir die uitbreiding van die spel oral in Suid-Afrika, nou verseker sal wees van 'n bron van volgehoue ondersteuning.

Vanweë hierdie verreikende besluit sal SAGOR, wat 3 000 kinders in sy nasionale programme het en as 'n bron van nuwe talent erken word, in staat wees om sy huidige bedrywighede vol te hou en dit ook vir die eerste keer na Noordwes, Mpumalanga en Limpopo uit te brei.

Wes-Kaapse Krieketakademie – Remgro het 'n verbintenis met die Akademie sedert die vroeë 1990's en kon waarnaem hoe dit in spelergetalle en statuur in die Suid-Afrikaanse krieketgemeenskap toeneem.

Oor die jare het dit talle puik spelers vir die Westelike Provinsie, die Boland en ander provinsies opgelewer. In die onlangse verlede het ons gesien hoedat twee uitsonderlike spelers, JP Duminy en Paul Harris, koerantopskrifte haal.

Die huidige Cobras-span van 22 spelers beskik oor nie minder nie as 17 huidige en gewese Akademiespelers, terwyl die Westelike Provinsie en die Boland se amateurspanne onderskeidelik 17 en 16 huidige en vorige spelers van die Akademie in hul geledere het.

Uitstekende vordering is ook in die vroue-afdeling gemaak. Noemenswaardig was die ses spelers wat Suid-Afrika die afgelope jaar by die Wêreldbeker in Australië verteenwoordig het.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Ikamva Labantu – is 'n breëbasis-gemeenskapsontwikkelingsprojek vir swart stedelike inwoners in die Wes-Kaap. Dit sien om na die behoeftes van kleuterskoolkinders, weeskinders, bejaardes en die jeug en dit het 'n model geword van wat bereik kan word deur mense met inisiatief, toewyding en 'n diepgaande kennis van die gemeenskappe wat hulle bedien.

Die afgelope twee jaar het die program vir kwesbare kinders, wat deur Remgro/VenFin geborg word, in sekere opsigte die bedrywighede van Ikamva se gesinsdienstesektor herdefinieer – 'n sektor wat daarop ingestel is om die vermoë van geaffilieerde versorgers te verhoog sodat hulle op hul beurt die versorging van wees- en kwesbare kinders in ander gebiede kan bevorder.

Die projek is ontwikkel as 'n loodsmodel, met die potensiaal om dit in soortgelyke gemeenskappe elders in die land te herhaal. Die loodsprojek kyk na sewe verskillende gebiede: onderwys (die inskrywing van kinders, skoolgeld, skooldrag, skryfbehoeftes, ens.), finansiële ondersteuning, voedselsekureit, toegang tot dokumentasie en toelae, emosionele ondersteuning en toegang tot gesondheidsdienste en voedseltuine.

Die sukses en impak van die loodsprojek het Ikamva in staat gestel om hierdie aanvaarbare, effektiewe en volhoubare intervensiemodel oral toe te pas in sy program vir kwesbare kinders, wat ongeveer 1 000 kinders in die woongebiede van Philippi-Oos, Gugulethu, Khayelitsha, Langa, New Crossroads, Blue Downs, Du Noon en Nyanga bereik.

In 'n eksterne beoordeling van die program vir kwesbare kinders is die volgende oor Ikamva gesê: “ 'n Organisasie wat voortdurend vrae vra met die doel om homself te verbeter, is meer geneig om daarin te slaag as een wat dit nie doen nie. Ikamva is nie bang om dinge te heroorweeg met die oog daarop om dit meer doeltreffend te doen nie.”

u Mephi – neem behoeftige kinders in sy sorg deur 'n netwerk van satelliet-, halfweg- en pleegsorghuise. Tien jaar gelede was behoeftige kinders meesal gemolesteerde en verwaarloosde kinders. Vandag lyk die prentjie heeltemal anders en is nagenoeg 80% van alle behoeftige kinders vigs-geaffekteerdes.

Teen 2015 sal daar na verwagting sowat 3.5 miljoen behoeftige kinders in Suid-Afrika wees en u Mephi raam dat hy sy dienste met 25% per jaar sal moet uitbrei om die kinders te versorg wat deur

dié pandemie geraak word. Die organisasie beoog om drie nuwe halfweghuise in elke provinsie teen die einde van 2009 daar te stel.

Sedert 2001 het u Mephi meer as 2 500 babas by sy tehuise gehanteer, terwyl sowat 1 400 babas by aanneemouers geplaas is. Meer as 45% van die babas wat opgeneem word, word met hul ouers of die uitgebreide families herenig.

Stellenbosch-Gemeenskapsontwikkelingsprogram (SGOP) – daaglik word tussen 900 en 1 000 laerskoolleerders in Kayamandi gevoed as deel van hierdie voedingsprojek. Volgens onlangse opnames het die aantal wangevoede kinders in hierdie woongebied drasties afgeneem.

Die moeders wat aan die voedselpakkieprogram deelneem, betuig voortdurend hul dankbaarheid teenoor die SGOP vir die hulp wat hulle in hul desperate arm omstandighede ontvang. Hulle toewyding aan die groentetuin en handwerkklub getuig hiervan.

SGOP rapporteer dat die verbeteringe wat sigbaar is sedert die program vier jaar gelede begin is, tasbaar en werklik is – lewens word ten goede verander en die terugvoer van die kinders en hul moeders is hoogs verblydend.

GESONDHEIDSORG

Wits/Donald Gordon-Mediese Sentrum (WDGMS) – die afgelope jaar was prakties die tweede jaar van die amptelike integrasie van WDGMS by die opleidingsprogramme van Wits se Fakulteit vir Gesondheidswetenskappe. Die integrasie is moontlik gemaak deur die ruim bydraes van donateurs. Wat ontwikkelinge in die akademiese program in 2008 betref, was dit 'n jaar van selfondersoek sover dit die betrekkinge tussen WDGMS en sy vennote, Wits se Fakulteit vir Gesondheidswetenskappe en Medi-Clinic, aangaan.

In Desember 2007 is 'n strategiese beplanningssessie gehou tussen senior lede van die fakulteit en WDGMS se akademiese leierskap waartydens beide die visie van WDGMS en sy strategiese belangrikheid in die fakulteit herbevestig is. Dit is opgevolg in Mei 2008 met 'n strategiese beplanningdag, waar sake soos die bestuur van die raad, asook probleme met die bestuur van die verskille tussen WDGMS en ander private hospitale, bespreek is. Hoe om die hospitaal doeltreffend en koste-effektief te bestuur sonder om ontwikkeling te smoor is 'n vraag wat in die nuwe jaar aandag behoort te geniet.

WDGMS sal na verwagting op verskeie maniere 'n uitwerking op spesialis- en subspesialisopleiding in Wits se Fakulteit vir Gesondheidswetenskappe hê. Die sentrum beoog om binne die volgende vyf jaar die aantal subspesialiste wat die land lewer, met meer as 40% te verhoog. Die afgelope 12 maande was daar ongelukkig weer 'n oplewing in die aantal dokters wat Suid-Afrika verlaat het. WDGMS is hierdie verlies grootliks gespaar en hoop om voort te gaan om aan dokters 'n billike alternatief vir emigrasie te bied deur hulle in staat te stel om die voordele van beide private en akademiese praktyke in een fasiliteit te geniet.

Stigting vir Orgaanskenkers van SA – het sy 20ste verjaardag in Junie 2008 gevier en kan trots wees op sy rol oor soveel jare om iets te doen aan die kritieke tekort aan orgaan- en weefselskenkers in Suid-Afrika. 2008 was 'n baie positiewe jaar vir die Stigting, met 'n stewige toename in die aantal orgaanskenkers wat geregistreer het. Statistiek van die laaste drie jaar toon dat al hoe meer Suid-Afrikaners opgevoed en ingelig raak oor die kwessie van orgaanskenking.

Remgro het weer 'n bydrae tot hierdie verdienstelike saak gemaak deur vier vlugte te borg vir die vervoer van organe. 'n Spesiale woord van dank gaan andermaal aan Falconair se personeel vir hul wonderlike ondersteuning in hierdie verband.

2009

FINANSIËLE VERSLAG

INHOUD

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE	53
VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS	53
VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE	54
VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR	54
VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE	55
REKENINGKUNDIGE BELEID	62
BALANSSTATE	76
INKOMSTESTATE	77
STATE VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT	78
KONTANTVLOEISTATE	79
AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE	80
BYLAAG A – BELANGRIKSTE FILIAALMAATSKAPPYE	116
BYLAAG B – BELANGRIKSTE BELEGGINGS	117
BYLAAG C – BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE	118
BYLAAG D – INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE	120
MAATSKAPPY-INLIGTING	122
AANDEELHOERSINLIGTING	122
KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS	126
VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS	130
VOLMAGVORM	<i>aangeheg</i>

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID

DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, op die lopendesaak-grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun.


Die direkteure is tevrede dat die inligting soos vervat in die finansiële state 'n redelike weergawe is van die groep se resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële stand van die groep soos op jaareinde. Die akkuraatheid van die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is, is deur die direkteure oorweeg en hulle is tevrede dat dit strook met die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer. Die stelsel is ontwerp om redelike, maar nie absolute versekering nie, te verskaf rakende die betroubaarheid van die finansiële state, die beskerming van bates, en om wanvoorstelling en verliese te verhoed en op te spoor.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Die finansiële state is deur die onafhanklike ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing. geouditeer, aan wie onbeperkte toegang verleen is tot alle finansiële rekords en verwante inligting. Die ouditeur se verslag word op bladsy 54 aangebied.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter



Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
22 Junie 2009

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Mariza Lubbe, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee, dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes wat van 'n publieke maatskappy verlang word, ingelewer is by die Registrateur van Maatskappye en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.



Mariza Lubbe
Sekretaris

Stellenbosch
22 Junie 2009

VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

AAN DIE LEDE VAN REMGRO BEPERK

Die oudit-en-risikokomitee lê graag hierdie verslag, ingevolge die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("Maatskappywet"), voor. Die oudit-en-risikokomitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure wat onafhanklik optree, soos beskryf in afdeling 269A van die Maatskappywet. In die jaar onder oorsig is vier vergaderings gehou, wat deur al die komiteeledede bygewoon is. By hierdie vergaderings het die lede hul funksies verrig soos deur die Maatskappywet voorgeskryf. 'n Lys met volle besonderhede van die funksies van die oudit-en-risikokomitee verskyn in die korporatiewe bestuursverslag. Die oudit-en-risikokomitee het homself vergewis dat die ouditeure onafhanklik van die maatskappy is en dus in staat is om hul funksies sonder beïnvloeding deur die maatskappy te verrig.



Herman Wessels

Voorsitter van die oudit-en-risikokomitee

Stellenbosch

22 Junie 2009

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

AAN DIE LEDE VAN REMGRO BEPERK

Ons het die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van Remgro Beperk geouditeer. Hierdie finansiële state bestaan uit die direkteursverslag, die balansstaat en gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Maart 2009, die inkomstestaat en gekonsolideerde inkomstestaat, die staat van veranderinge in ekwiteit en gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit, en die kontantvloeistaat en gekonsolideerde kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsy 55 tot 121.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE FINANSIËLE STATE

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

UDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesentlike wanvoorstelling. 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesentlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

MENING

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van die maatskappy en van die groep soos op 31 Maart 2009, en van hulle finansiële prestasie en hulle kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig IFRS en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.




Direkteur: N H Döman

Geregistreerde Ouditeur

Kaapstad

22 Junie 2009

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHEDE

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings.

Gedurende die jaar onder oorsig is die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) aan aandeelhouers ontbondel by wyse van 'n tussendividend *in specie* ten bedrae van R55.2 miljard. Verwys na die gedeelte met betrekking tot "Beleggings" hieronder vir meer besonderhede oor die ontbondeling.

Na die ontbondeling waarna hierbo verwys word, bestaan die groep se belange hoofsaaklik uit beleggings in bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, motorkomponente, glasprodukte, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

RESULTATE

Jaar geëindig 31 Maart:	2009	2008
Wesensverdienste (R miljoen)	4 660	7 991
– per aandeel (sent)	987.7	1 692.8
– verwater (sent)	954.8	1 649.0
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede (R miljoen)*	3 168	4 551
– per aandeel (sent)	671.5	964.1
– verwater (sent)	659.2	928.3
Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	45 330	9 893
– per aandeel (sent)	9 607.9	2 095.7
– verwater (sent)	9 570.4	2 048.9
Dividende (R miljoen)**	902	2 471
– gewoon – per aandeel (sent)	190.00	510.00

* Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede is bereken deur die geëkwiteerde inkomste van BAT, asook al die nie-herhalende kostes wat verband hou met die ontbondeling, uit te sluit.

** 'n Finale dividend van 110 sent (2008: 330 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Geen SBM is op hierdie dividende betaalbaar nie.

BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

HERSTRUKTURERING VAN GROEP

Op 7 Oktober 2008 het Remgro se aandeelhouers die ontbondeling van die belegging in BAT by wyse van 'n tussendividend *in specie* goedgekeur en op 3 November 2008 het Remgro 192.9 miljoen BAT gewone aandele en 302.6 miljoen Reinet Investments S.C.A. (Reinet) depositobewyse aan Remgro-aandeelhouers in die verhouding van 40.6054 BAT gewone aandele en 63.6977 Reinet depositobewyse vir elke 100 Remgro-aandele gehou, uitgekeer.

Die tussendividend *in specie* het 'n totale bedrag van R55.2 miljard beloop en sekondêre belasting op maatskappye (SBM) van R686.0 miljoen was op hierdie dividend betaalbaar. Bykomend tot die SBM was Sekuriteite-oordragbelasting ten bedrae van R144.1 miljoen ook betaalbaar. Aangesien R129.7 miljoen van die Sekuriteite-oordragbelasting namens Remgro-aandeelhouers

betaal is met die ontbondeling van die BAT gewone aandele aan hulle, is dié bedrag ingesluit in die tussendividend *in specie* waarna hierbo verwys is.

Weens die feit dat die BAT gewone aandele en Reinet depositobewyse teen markwaarde uitgekeer is, is 'n kapitaalwins van R40 805.0 miljoen met die dividend *in specie* gerealiseer.

Alle omsigtigheids- en ander aankondigings wat verband hou met die ontbondeling van die belegging in BAT is beskikbaar op Remgro se webwerf by www.remgro.com.

TERUGKOOP VAN REMGRO-AANDELE

Op 31 Maart 2008 is 8 554 019 Remgro gewone aandele (1.9%) as tesourie-aandele gehou. Gedurende die ses maande geëindig 30 September 2008 het 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro 3 500 000 Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R189.71 vir 'n totale bedrag van R666.4 miljoen aangekoop. Hierdie aandele is aangekoop ten einde die nuwe aandelegroeienskema, wat na die ontbondeling van die belegging in BAT geïmplementeer is, te verskans. Op 30 September 2008 is 12 054 019 Remgro gewone aandele (2.7%) as tesourie-aandele gehou.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust aangekoop nie, terwyl 1 042 426 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die inskrywingsprys.

Sedert 30 September 2008, as deel van die voorlopige stappe tot die ontbondeling van die belegging in BAT, is die 8 554 019 Remgro gewone aandele wat as tesourie-aandele gehou is en 969 836 van die Remgro gewone aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou was, gekanselleer nadat die ontbondeling van die belegging in BAT deur Remgro se aandeelhouers goedgekeur is. Die balans van die Remgro gewone aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou is, is aan deelnemers gelewer en 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro het 'n direkte finansieringsfasiliteit aan die deelnemers verskaf om hulle in staat te stel om die uitstaande koopprys te vereffen. Op 31 Maart 2009 was die uitstaande bedrag van die direkte finansieringsfasiliteit R73.6 miljoen, en dié bedrag is ingesluit in die balansstaat as 'n nie-bedryfsbate onder "Lenings".

Op 31 Maart 2009 is 3 500 000 Remgro gewone aandele (0.8%) as tesourie-aandele gehou.

Voortvloeiend uit die verkryging van die 3.5 miljoen tesourie-aandele, en as deel van die ontbondeling van die belegging in BAT, het die volfiliaalmaatskappy wat die tesourie-aandele verkry het, ook gewone aandele in BAT en Reinet depositobewyse ontvang. Op 31 Maart 2009 is 1 252 712 gewone aandele in BAT en 1 966 260 Reinet depositobewyse gehou. Hierdie beleggings is vir rekeningkundige doeleindes as finansiële instrumente "beskikbaar vir verkoop" geklassifiseer en slegs dividendinkomste vanaf hierdie beleggings sal in die toekoms in die inkomstestaat verantwoord word. Die ontbondeling van die belegging in BAT het ook tot gevolg gehad dat Remgro 196 626 Reinet ontvangsbewyse ontvang het. Hierdie ontvangsbewyse is gedurende Desember 2008 verkoop en 'n na-belaste kapitaalwins van R2.9 miljoen is met dié transaksie gerealiseer.

XIOM WIRELESS, INC. (XIOM)

Gedurende die 2008 finansiële jaar het Remgro 'n belang van 37.5%, op 'n ten volle verwaterde grondslag, in Xiocom bekom. Xiocom is 'n VSA-maatskappy wat spesialiseer in die ontplooiing en bedryf van draadlose breëbandnetwerke. Remgro het homself voorwaardelik verbind om \$50.0 miljoen in Xiocom te belê. Op 31 Maart 2008 was \$11.25 miljoen hiervan reeds belê. Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere \$17.5 miljoen in Xiocom belê.

Vir die jaar onder oorsig is Xiocom vir die twaalf maande tot 31 Maart 2009 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, vergeleke met agt maande in die vergelykende jaar.

PG GROEP VAN MAATSKAPPE (PGSI)

Met ingang van 31 Julie 2007 het Remgro 'n belang van 24.5%, op 'n ten volle verwaterde grondslag, in PGSI vir R719.5 miljoen verkry. PGSI is die buitelandse houermaatskappy van die Plate Glass-groep. Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere \$1.0 miljoen (of R7.9 miljoen) in PGSI belê. Op 31 Maart 2009 was Remgro se belang in PGSI, op 'n ten volle verwaterde grondslag, 25.0%.

In afwagting van 'n PGSI regte-aanbod ingevolge waarvan PGSI beoog om R300 miljoen van aandeelhouers te verkry, het Remgro gedurende Maart 2009 'n oorbruggingslening ten bedrae van R29.0 miljoen aan PGSI toegestaan.

Vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 is PGSI, wat 'n Desember-jaareinde het, volgens die ekwiteitsmetode vir die twaalf maande tot Desember 2008 verantwoord, vergeleke met die vyf maande tot Desember 2007 in die vergelykende jaar.

KAGISO TRUST INVESTMENTS (EDMS) BEPERK (KTI) EN DIE KAGISO INFRASTRUCTURE EMPOWERMENT FUND (KIEF)

Gedurende die 2007 finansiële jaar het Remgro ooreenkomste met KTI en KIEF aangegaan ingevolge waarvan Remgro homself verbind het om R350 miljoen in KIEF te belê. Die fonds het 'n teikengrootte van R650 miljoen en beoog om in infrastruktuurprojekte, insluitende paaie, lughawens, kragstasies, telekommunikasie-installasies, spoorwegnetwerke, hawens en water- en sosiale infrastruktuur te belê. Teen 31 Maart 2008 het Remgro R50.4 miljoen van die R350 miljoen belê. Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere R24.7 miljoen in KIEF belê.

BUSINESS PARTNERS BEPERK (BUSINESS PARTNERS)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere 930 900 Business Partners-aandele vir 'n totale bedrag van R5.8 miljoen verkry. Op 31 Maart 2009 was Remgro se belang in Business Partners, op 'n ten volle verwaterde grondslag, 20.8% (31 Maart 2008: 20.2%).

TSB SUGAR HOLDINGS (EDMS) BEPERK (TSB SUGAR)

Met ingang van 1 April 2007 het Tsb Sugar die Tenbosch-grondeistransaksie afgehandel. Ingevolge dié transaksie is 4 800 hektaar (ha) besproeiende suikerrietlandbougrond in die Nkomazi-omgewing aan grondeisers vir 'n bedrag van R285 miljoen verkoop. Hierdie transaksie het die eerste fase van Tsb Sugar se grondhervormingsproses verteenwoordig.

Die tweede fase van Tsb Sugar se grondeistransaksies van ongeveer 6 000 ha is tans in proses en bestaan uit die oorblywende geëiste grond, hoofsaaklik in die Malelane-omgewing. Na verwagting sal hierdie transaksie in die volgende finansiële jaar afgehandel word.

Na-balansstaat gebeurde:

KWV BELEGGINGS BEPERK (KWV BELEGGINGS)

Op 14 April 2009 het Remgro 4 028 136 KWV Beleggings-aandele (9.6%-aandeelhouding) vir 'n totale bedrag van R258.5 miljoen verkry. Aangesien Remgro se belang in Distell Groep Beperk (Distell) gehou word deur Remgro-KWV Beleggings Beperk, waarin beide Remgro en KWV Beleggings 'n belang van 50% elk het, het hierdie verkryging effektief Remgro se indirekte belang in Distell met 2.8% tot 32.0% verhoog (31 Maart 2009: 29.2%).

Vir rekeningkundige doeleindes sal die belegging in KWV Beleggings as 'n finansiële instrument "beskikbaar vir verkoop" geklassifiseer word en slegs dividendinkomste vanaf hierdie belegging sal in die toekoms in die inkomstestaat verantwoord word.

XIOCOM

Sedert 31 Maart 2009 is 'n verdere \$3.0 miljoen in Xicom belê. Tans is \$31.75 miljoen van die \$50.0 miljoen waartoe voorwaardelik verbind is, reeds belê.

HERSTRUKTURERING VAN GROEP

Op 8 Junie 2009 het Remgro en VenFin Beperk aangekondig dat hulle in gesprek is rakende 'n moontlike samesmelting tussen die twee maatskappye.

Die direksies van die onderskeie maatskappye het voorgestel dat die beplande samesmelting op 'n netto batewaarde (NBW) basis geïmplementeer word en dat VenFin se aandeelhouding in Dimension Data Plc (Didata) van sodanige samesmelting uitgesluit word. Gebaseer op die NBW van Remgro en VenFin (uitgesluit VenFin se aandeelhouding in Didata) soos op 5 Junie 2009, die ooreengekome waardedatum vir die transaksie, sal VenFin-aandehouers na verwagting 1 Remgro-aandeel vir elke 6.25 VenFin-aandele gehou, ontvang.

Alle omsigtigheds- en ander aankondigings wat verband hou met die beplande samesmelting is beskikbaar op Remgro se webwerf by www.remgro.com.

KONTANTBRONNE

Die maatskappy se kontantbronne op 31 Maart 2009 was soos volg:

	Plaaslik R miljoen	Buiteland R miljoen	Totaal R miljoen
Per gekonsolideerde balansstaat	1 507	3 543	5 050
Belegging in geldmarkfondse	–	1 578	1 578
Min: Kontant van bedryfsfiliale	(633)	(28)	(661)
Kontant by die kern	874	5 093	5 967

Op 31 Maart 2009 was ongeveer 31% (R1 578 miljoen) van die beskikbare buitelandse kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die balansstaat geklassifiseer is nie, belê. Verwys na aantekening 15 van die finansiële jaarstate vir verdere inligting.

GROEP FINANSIËLE OORSIG

VERGELYKBAARHEID MET VORIGE JAAR

Met ingang van 3 November 2008 is die belegging in BAT as 'n tussendividend *in specie* aan Remgro-aandeelhouers uitgekeer. Vir die jaar onder oorsig is die belegging in BAT gevolglik slegs vir die sewe maande tot 31 Oktober 2008 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, word wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel ook vir voortgesette bedrywigheede aangebied, wat die geëkwiteerde inkomste van BAT en alle nie-herhalende kostes wat met die ontbondeling verband hou uitsluit.

BALANSSTAAT

Die ontleding van "Ekwiteit" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die sektore aan waarin die groep se beleggings ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n belegging hoofsaaklik in een sektor bedrywig is maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	2009		2008	
	R miljoen	R per aandeel	R miljoen	R per aandeel
<i>Ekwiteit aangewend</i>				
Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers	38 072	80.75	57 227	121.11
<i>Aanwending van ekwiteit</i>				
Tabakbelange	–	–	21 891	46.33
Finansiële dienste	10 969	23.27	10 559	22.34
Nywerheidsbelange	10 025	21.26	15 182	32.14
Mynbelange	11 329	24.03	7 619	16.12
Korporatiewe finansies en ander belange	5 749	12.19	1 976	4.18
	38 072	80.75	57 227	121.11

INKOMSTESTAAT

	2009		2008	
	R miljoen	%	R miljoen	%
<i>Bron van wesensverdiens</i>				
Tabakbelange	2 295	49	3 579	45
Finansiële dienste	1 576	34	2 120	26
Nywerheidsbelange	1 318	28	1 895	24
Mynbelange	164	4	264	3
Korporatiewe finansies en ander belange	(693)	(15)	133	2
	4 660	100	7 991	100

	2009	2008
	R miljoen	R miljoen
<i>Samestelling van wesensverdiens</i>		
Filiaalmaatskappye	142	910
Winste	159	933
Verliese	(17)	(23)
Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	4 518	7 081
Winste	5 023	7 148
Verliese	(505)	(67)
	4 660	7 991

AANDELESKEMAS

Gedurende die jaar onder oorsig is 'n nuwe aandeeskema, die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandegroei-reg-skema (die SAR-skema), bykomstig tot die Remgro Aandeeskema geïmplementeer. Geen nuwe toekennings is gedurende die jaar onder oorsig onder die Remgro Aandeeskema gemaak nie. Ingevolge die SAR-skema word aandeel ter waarde van die groei in 'n toegekende aantal Remgro gewone aandeel aan deelnemers aangebied wat binne verskillende intervale, maar voor die verstryking van sewe jaar na die regte toegeken is, uitgeoefen kan word.

Die vroegste intervale waarbinne aandegroei-regte uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde na drie jaar na die toekenningsdatum
- Twee-derdes na vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res na vyf jaar na die toekenningsdatum

Verwys na aantekening 25 by die finansiële jaarstate vir volledige besonderhede met betrekking tot die Remgro Aandeeskema asook die SAR-skema.

HOOFAANDEELHOUER

Rembrandt Trust (Edms) Beperk (Rembrandt Trust) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandeel van die maatskappye en is geregtig op 44.89% (2008: 44.83%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 123 en 124.

FILIAALMAATSKAPPYE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en ander beleggings word in Bylae A en B uiteengesit.

DIREKTEURE

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 12 en 13.

Mnr D Prins en mev M Ramos het uitgetree as onafhanklike nie-uitvoerende direkteure op 22 Augustus 2008 en 26 Februarie 2009 onderskeidelik. Die raad wil hul graag bedank vir hul bydrae. Op 22 Augustus 2008 is mnr H Wessels aangestel as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en ook as die voorsitter van die oudit-en-risikokomitee.

Kragtens die bepalings van die statute tree mnre J P Rupert, P E Beyers, W E Bührmann, P K Harris, M M Morobe en H Wessels volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteur is en stel hulself herkiesbaar.

BELANGE VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure en hul verwantes in die uitgereikte gewone aandeelkapitaal van die maatskappy, het in totaal op 31 Maart 2009, 1.26% (2008: 0.94%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust wat die houër is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandeel.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 125.

DIREKTEURSVIRGOEDING

Die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, het R2 697 000 (2008: R2 525 000) beloop.

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaalmaatskappye van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("Maatskappywet"), en die noteringsvereistes van die JSE Beperk ("noteringsvereistes"). Daar word verder aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om die direkteure te magtig om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

Spesiale besluite om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing vir die algemene jaarvergadering wat op bladsy 126 verskyn.

SPESIALE BESLUITTE

Geen spesiale besluite is deur die maatskappy se belangrikste filiale geneem waarvan die aard wesentlik mag wees met betrekking tot die stand van sake van die groep nie.

DIVIDENDE

Die finale gewone dividend per aandeel is op 110 sent (2008: 330 sent) vasgestel. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar tot 31 Maart 2009 bedra gevolglik 190 sent (2008: 510 sent).

Vir 'n Remgro-aandeelhouer wat steeds BAT gewone aandele sowel as Reinet depositobewyse hou, beteken dit 'n toename van 8.0% in dividende vergeleke met die vorige finansiële jaar.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

VERKLARING VAN DIVIDEND NR. 18

'n Finale dividend van 110 sent (2008: 330 sent) per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2009 geëindig het.

BETALING

Die finale dividend is betaalbaar op Maandag, 24 Augustus 2009, aan aandeelhouders van die maatskappy wat op Vrydag, 21 Augustus 2009, geregistreer is.

Aandeelhouders mag nie in die tydperk van Maandag, 17 Augustus 2009, tot Vrydag, 21 Augustus 2009, beide datums ingesluit, hulle aandelsertifikate dematerialiseer of rematerialiseer nie.


SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 122.

GOEDKEURING

Die finansiële jaarstate op bladsy 55 tot 121 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter

Stellenbosch
22 Junie 2009



Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegronslag, tensy anders vermeld, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat konsekvent in beide jare wat aangebied word, toegepas is.

Gedurende die jaar het nuwe rekeningkundige interpretasies en wysigings aan IFRS in werking getree. Die implementering van hierdie nuwe rekeningkundige interpretasies en wysigings aan IFRS het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige jare gehad nie.

Die samestelling van die groep se netto wins is relevant vir 'n behoorlike begrip van sy finansiële resultate. Uit die aard van die groep se bedrywighede is 'n beduidende gedeelte van sy netto wins afkomstig vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings. Gevolglik word addisionele inligting met betrekking tot die groep se belang in die na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings afsonderlik op die gesig van die inkomstestaat aangebied.

Ten einde vergelykbaarheid te bevorder, word geëkwiteerde inkomste vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, wat op 'n na-belaste grondslag aangebied word, ná die belastinglyn op die inkomstestaat geopenbaar.

“Gekonsolideerde wins” verteenwoordig die wins van die maatskappy en sy filiaalmaatskappye voor ekwiteitsinkomste terwyl “Handelswins” die wins van die bedryfsfiliale in die groep verteenwoordig, voor beleggingsinkomste, finansieringskoste en items van 'n kapitale aard.

Die rekeningkundige beleid wat die groep toegepas het in die aanbieding van die finansiële state, word hieronder uiteengesit.

(i) KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING

Konsolidasie – filiaalmaatskappye

Alle entiteite waarin die groep, direk of indirek, 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou of andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die bedrywighede uit te oefen, word op die gebruikelike wyse in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit. Die bestaan en uitwerking van potensieële stemregte wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, word in ag geneem by die oorweging of die groep 'n ander entiteit beheer.

Die aankoopmetode word toegepas om die verkryging van filiale te verantwoord. Identifiseerbare bates verkry en laste en voorwaardelike verpligtinge aangeneem in 'n besigheidskombinasie word, ongeag die omvang van minderheidsbelange, aanvanklik teen billike waarde op die verkrygingsdatum gemeet. Die oorskot van die koste van die verkryging bo die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates verkry, word as klandisiewaarde verantwoord. Indien die koste van die verkryging minder is as die billike waarde van die netto bates van die filiaal verkry, word die verskil direk in die inkomstestaat verantwoord. Die koste van 'n verkryging word gemeet teen die billike waarde van bates gegee, ekwiteitsinstrumente uitgereik en verpligtinge aangegaan of aanvaar op die datum van oordrag, plus koste direk toeskryfbaar aan die verkryging.

Die resultate van filiaalmaatskappye gekoop of verkoop gedurende die jaar is ingesluit by die gekonsolideerde inkomstestaat vanaf of tot die datum waarop effektiewe beheer verkry is of staak.

Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste word met konsolidasie uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel tensy die transaksie dui op die waardedaling van die bate wat oorgedra is.

Die rekeningkundige beleid van die filiale stem ooreen met dié wat deur die groep aangeneem is. Rekeningkundige beleid van verskeie nywerhede is in lyn gebring tot dié mate dat dit wesentlik en toepaslik vir die spesifieke nywerheid is.

Spesialedoel-entiteite word gekonsolideer wanneer die wese van die verhouding tussen die groep en die spesialedoel-entiteit toon dat die groep effektief die entiteit beheer.

Die groep beskou transaksies met minderheidsaandeelhouders as transaksies met aandeelhouders van die groep. Met die aankoop van minderheidsbelange word die verskil tussen die koopsom en die gedeelte van die drawaarde van die betrokke filiaal se netto bates verkry, van ekwiteit afgetrek. Met die verkoop van belange in filiale aan minderhede word verskille tussen enige opbrengs verkry en die belang van die minderheidsaandeelhouer in die drawaarde van die filiaal se netto bates ook in ekwiteit verantwoord.

Konsolidasie – Die Remgro Aandeletrust

Aangesien dit effektief deur die maatskappy beheer word, word Die Remgro Aandeletrust gekonsolideer.

Ekweitiesverantwoording – gesamentlike ondernemings

Alle ondernemings wat gesamentlik beheer word, word volgens die ekweitiesmetode verantwoord soos by geassosieerde maatskappye.

Ekweitiesverantwoording – geassosieerde maatskappye

Entiteite wat nóg filiale nóg gesamentlike ondernemings is, maar waarin 'n langtermynbelang gehou word, en oor wie se finansiële en bedryfsbeleid 'n beduidende invloed uitgeoefen kan word, word volgens die ekweitiesmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Die resultate van geassosieerde maatskappye gekoop of verkoop word by die gekonsolideerde inkomstestaat ingesluit vanaf en tot die datum waarop beduidende effektiewe invloed begin of staak. Ongerealiseerde winste op transaksies tussen die groep en sy geassosieerde maatskappye word uitgeskakel tot die omvang van die groep se belang in die geassosieerde. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel tensy die transaksie dui op 'n waardedaling van die bate wat oorgedra is. Die groep se belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas. Die groep se belang in ander bewegings in die reserwes van geassosieerde maatskappye word as veranderinge in gekonsolideerde nie-verdeelbare reserwes verantwoord. Die drawaarde van die groep se geassosieerde maatskappye sluit klandisiewaarde in wat by verkryging geïdentifiseer is. Wanneer die groep se deel van verliese in 'n geassosieerde maatskappy gelyk is aan of groter is as sy belang in die geassosieerde, insluitende enige onversekerde lenings ontvangbaar, erken die groep nie enige verdere verliese nie, tensy die groep verpligtinge aangegaan of betalings namens die geassosieerde maatskappy gemaak het.

Die verwaterings- en teenverwateringsuitwerking van ekweitiestransaksies deur geassosieerde maatskappye waarby Remgro nie 'n party is nie, word direk teen reserwes verantwoord.

Sekere geassosieerde maatskappye se jaareindes stem nie ooreen met dié van die maatskappy nie. In sulke gevalle word die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye vanaf die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate op jaareinde onderskeidelik, verantwoord. Waar nodig is die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye verander ten einde dit in lyn te bring met dié van Remgro en sy filiale tot dié mate dat dit wesentlik en toepaslik is vir die spesifieke nywerheid waarin die geassosieerde bedryf word.

Afsonderlike finansiële state

In Remgro se afsonderlike finansiële state word beleggings in filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye teen kosprys getoon.

(II) EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING EN WAARDEVERMINDERING

Grond en geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie – word teen historiese kosprys minus opgehoopte waardevermindering getoon. Daaropvolgende koste word ingesluit by die drawaarde van die bate of as 'n afsonderlike bate erken, waar van toepassing, slegs wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat met die item verband hou na die groep sal vloei en die koste daarvan betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstelwerk en onderhoud word in die inkomstestaat verantwoord in die tydperk wanneer die koste aangegaan is.

Waardevermindering op geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien teen koerse wat die koste daarvan afskryf na 'n geskatte reswaarde. Die geskatte reswaardes en verwagte nuttige lewensduur van bates word jaarliks op balansstaatdatum hersien en aangepas indien nodig. Geen waardevermindering word op grond voorsien nie.

Huurbates – Bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, d.i. waar die groep effektief al die risiko en voordele verbonde aan eiendomsreg verkry, word met ingang van die ooreenkoms teen die laagste van die billike waarde van die gehuurde bate of die huidige waarde van die minimum bruikhuurbetalings gekapitaliseer. Gehuurde bates word afgeskryf oor die kortste van die huurtermyn of die tydperk waarvoor die betrokke batekategorie andersins afgeskryf word. Die ooreenstemmende huurverpligting, netto van finansieringskoste, word in nie-bedryfslaste ingesluit. Elke huurbetaling word geallokeer tussen die las en finansieringskoste ten einde 'n konstante koers op die uitstaande finansieringsbalans te verkry. Finansieringskoste word oor die huurtermyn in die inkomstestaat verantwoord deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Die huur van bates ingevolge waarvan alle risiko's en voordele verbonde aan eiendomsreg effektief deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshure word op die reguitlynmetode oor die huurtermyn teen inkomste verreken.

Voorproduksiekoste en rente – Voorproduksiekoste en rente direk toeskryfbaar aan die verkryging, konstruksie of produksie van kwalifiserende bates, d.i. bates wat noodwendig 'n aansienlike tyd neem om gereed te maak vir hul voorgenome gebruik of verkoop, word gekapitaliseer as deel van die koste van die bate totdat die bate wesentlik gereed is vir sy voorgenome gebruik of verkoop. Beleggingsinkomste verdien op tydelike beleggings van spesifieke lenings in afwagting van hul spandering op kwalifiserende bates, word van gekapitaliseerde finansieringskoste afgetrek.

(III) BIOLOGIESE LANDBOUBATES

Die billike waarde van die biologiese landbou Bates word op die volgende wyse in berekening gebring:

Suikerriet – Wortels word volgens huidige vestigings- en vervangingskoste gewaardeer en die waarde word proporsioneel verminder oor die verwagte lewensduur van die wortels. Staande suikerriet word gewaardeer volgens die beste beraamde verhaalbare waarde, minus oes-, vervoer- en landbouheffings, sowel as ander weegbrugkoste.

Sitrus – Boorde word gewaardeer volgens huidige vestigings- en vervangingskoste, aangepas vir volwassenheidsvlakke, en die waarde word proporsioneel verminder oor die verwagte lewensduur van die boorde. Sitrusvrugte word gewaardeer volgens die beste beraamde verhaalbare waarde, minus oes-, vervoer- en landbouheffings.

Piesangs – Piesangs word gewaardeer volgens huidige vestigingskoste en die waarde word proporsioneel verminder oor die verwagte lewensduur van die piesangbome.

Broeivoorraad – Broeivoorraad sluit alle teel- en lê-bedrywighede in. Broeieiers word by broeivoorraad ingesluit. Broeivoorraad word gemeet teen billike waarde minus geskatte verkoospuntkoste op rapporteringsdatums. Die bepaling van die billike waarde is gebaseer op markpryse of, waar markpryse nie beskikbaar is nie, met verwysing na sektorale norme.

Winste en verliese wat ontstaan met die aanvanklike erkenning van hierdie bates teen billike waarde minus beraamde verkoospuntkoste en as gevolg van 'n verandering in billike waarde minus beraamde verkoospuntkoste word in wins en verlies verantwoord gedurende die tydperk waarin dit ontstaan.

Suikerriet, sitrus en piesangs word as nie-bedryfsbates in die balansstaat verantwoord, terwyl broeivoorraad as bedryfsbates verantwoord word.

(iv) BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en kapitaalwaarde toe te voeg. Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings verantwoord en word teen kosprys minus opgelope waardevermindering getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien ten einde die geboue na hul geskatte reswaardes af te skryf.

Beleggingseiendomme word elke derde jaar waardeur deur eksterne onafhanklike professionele waardeerders.

(v) ONTASBARE BATES

Klandisiewaarde – Met die verkryging van 'n belegging word billike waardes soos op datum van belangverkryging aan identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike verpligtinge verkry, toegedeel.

Klandisiewaarde is die verskil tussen die koste van die beleggings en die billike waardes van toeskryfbare netto bates van filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van belangverkryging. Klandisiewaarde word as nie-bedryfsbates in die balansstaat verantwoord en word teen koste minus opgehoopte waardedalingsverliese getoon.

Klandisiewaarde toeskryfbaar aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings word by die drawaarde van hierdie maatskappye ingesluit.

Handelsmerke – Die koste om handelsmerke te ontwikkel en te vestig, word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Gevolglik word die waardes daarvan nie in die finansiële jaarstate aangetoon nie. Die koste van handelsmerke wat aangekoop is, word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf.

Navorsings- en ontwikkelingskoste – Navorsingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die bate-erkeningsmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf. Ontwikkelingskoste wat voorheen as 'n uitgawe erken is, word nie in 'n daaropvolgende tydperk as 'n bate erken nie.

Handelsmerke en gekapitaliseerde ontwikkelingskoste met onbepaalde leeftye word nie geamortiseer nie.

(vi) FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente in die finansiële state geopenbaar sluit in kontant en kontantekwivalente, beleggings, afgeleide instrumente, debiteure en korttermynlenings, handels- en ander krediteure en lenings. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken, wanneer die groep 'n party word by die kontraktuele terme van die instrumente. Die transaksiekoste verwant aan die verkryging van finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies word in die inkomstestaat verantwoord. Ná aanvanklike erkenning word die instrumente soos volg verantwoord:

Lenings en debiteure – Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare paaielemente wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer is nie. Hierdie instrumente word teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Finansiële instrumente gehou tot vervaldatum – Instrumente met 'n vaste vervaldatum, waar die groep die bedoeling en vermoë het om dit tot die vervaldatum te hou, word geklassifiseer as finansiële instrumente gehou tot vervaldatum en teen geamortiseerde koste verantwoord deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode.

Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop – Ander langtermyn finansiële instrumente word geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop en teen billike waarde verantwoord. Ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop, word in nie-verdeelbare reserwes verantwoord in die tydperk waarin dit ontstaan. Wanneer hierdie finansiële instrumente óf onterken word óf 'n waardedaling plaasvind, word die opgelope billike waarde aanpassings gerealiseer en in die inkomstestaat verantwoord.

Finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies – Hierdie instrumente, wat bestaan uit finansiële instrumente gehou vir verhandeling en dié wat by hul ontstaan aangewys word as gehou teen billike waarde deur wins en verlies, word teen billike waarde verantwoord. Afgeleide instrumente word ook as gehou vir verhandeling geklassifiseer tensy dit as 'n skans aangewys is. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van hierdie finansiële instrumente word in die inkomstestaat ingesluit in die tydperk waarin dit ontstaan.

Handelskrediteure en lenings – Handelskrediteure en lenings word aanvanklik teen billike waarde erken en daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Alle aankope en verkope van finansiële instrumente word op transaksiedatum verantwoord.

Finansiële bates (of gedeeltes daarvan) word onterken wanneer die groep sy regte, soos in die kontrak gespesifiseer, realiseer, die regte verval of die groep sy kontraktuele regte, wat die finansiële bate omvat, prysgee of beheer daarvoor verloor. By die onterkenning van 'n finansiële bate word die verskil tussen die drabedrag van dié bate en die opbrengs ontvang, sowel as enige vorige aanpassings ten einde die billike waarde daarvan te weerspieël en teen ekwiteit verantwoord was, in die inkomstestaat verantwoord.

Finansiële laste (of gedeeltes daarvan) word onterken wanneer die groep onthef word van die verpligting gespesifiseer in die kontrak, die verpligting gekanselleer word, of dit verval. By die onterkenning van 'n finansiële las word die verskil tussen die drabedrag van dié las, ingesluit verwante ongeamortiseerde kostes sowel as enige bedrag daarvoor betaal, in die inkomstestaat verantwoord.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel, word teen die toepaslike gekwoteerde pryse gemeet. Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel nie, word bepaal deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van metodes en aannames gebaseer op markomstandighede en risiko wat op balansstaatdatum bestaan, ingesluit onafhanklike evalueringe en verdiskonteerde kontantvloeiemetodes. Billike waarde verteenwoordig 'n beraming van moontlike waardes wat mag verskil van die waarde wat uiteindelik gerealiseer gaan word.

Daar is groepmaatskappye wat ook partye is by afgeleide finansiële instrumente wat die blootstelling aan finansiële risiko's verlaag. Hierdie instrumente bestaan hoofsaaklik uit termynkontrakte. Sekere groepmaatskappye pas verskansingsrekeningkunde toe. Winste en verliese wat voortspruit uit kontantvloeskans word direk in ekwiteit erken, terwyl winste en verliese wat voortspruit uit billikewaardeskans in die inkomstestaat erken word in die tydperk waarin dit ontstaan. Groepmaatskappye wat nie verskansingsrekeningkunde toepas nie, erken veranderinge in die billike waarde van hierdie en ander afgeleide instrumente in die inkomstestaat in die tydperk waarin dit ontstaan.

Enige afgeleide instrumente ingesluit in finansiële instrumente word van die gasheerkontrak geskei wanneer hul ekonomiese eienskappe nie 'n noue verwantskap toon met dié van die gasheerkontrak nie en die gasheerkontrak nie teen billike waarde verantwoord word nie. Winste en verliese word in die inkomstestaat verantwoord.

Waar 'n wetlike huidig afdwingbare reg bestaan om erkende finansiële bates en laste teen mekaar te verreken, en daar die voorneme is om gelyktydig die las te vereffen en die bate te realiseer, of om op 'n netto grondslag te vereffen, word alle verwante finansiële uitwerkinge teen mekaar verreken.

(VII) NIE-BEDRYFSBATES GEHOU VIR VERKOOP EN STAAK VAN BEDRIWIGHED

Nie-bedryfsbates (of vervreemdingsgroepe) word geklassifiseer as gehou vir verkoop indien hul drawaardes hoofsaaklik deur 'n verkoopstransaksie, eerder as deur voortdurende verbruik, verhaal sal word. Hierdie bates (of vervreemdingsgroepe) word gemeet teen die laagste van óf drawaarde óf billike waarde minus verkoopskoste.

Die groep klassifiseer 'n komponent as 'n beëindigde bedrywigheid wanneer daardie komponent vervreem is, of as gehou vir verkoop geklassifiseer is; en

- dit 'n aparte hoof lyn van besigheid of geografiese area van bedrywighe te verteenwoordig;
- dit deel is van 'n enkele plan om 'n aparte hoof lyn van besigheid of geografiese area van bedrywighe te vervreem; of
- dit 'n filiaal is wat verkry is met die uitsluitlike doel om herverkoop te word.

'n Komponent van die groep bestaan uit bedrywighe en kontantvloei wat duidelik vir bedryfs- en finansiële rapporteringsdoeleindes onderskei kan word van die res van die groep.

(VIII) VOORRAAD

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Die grondslag waarvolgens koste, wat finansieringskoste uitsluit, bepaal word, is die eerste-in-eerste-uit-kostemetode. Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopprijs in die normale gang van besigheid, minus veranderlike verkoopskoste. Waar van toepassing, word voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voorraad gemaak. Onvoltooide werk en klaarprodukte sluit direkte koste en 'n toepaslike deel van vervaardigingsbokoste in.

(IX) BELASTING

Lopende belasting word voorsien deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse gebaseer op toepaslike belastingwette.

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die balansstaat-aanspreeklikheidsmetode en deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse. Voorsiening word gemaak vir alle tydelike verskille tussen die belastingbasis van bates en laste en hulle drawaardes in die balansstaat. Geen uitgestelde belastingaanspreeklikheid word erken in daardie omstandighede waar die aanvanklike erkenning van 'n bate of las geen invloed het op rekeningkundige of belasbare inkomste nie. Geen uitgestelde belastingbates word erken nie tensy dit waarskynlik is dat voldoende belasbare inkomste beskikbaar sal wees in toekomstige tydperke waarteen dié bates aangewend kan word.

Sekondêre belasting op maatskappy word voorsien ten opsigte van dividendbetalings, netto van dividende ontvang of ontvangbaar, en word erken as 'n belastinguitgawe vir die jaar.

(X) BUITELANDSE VALUTA

Funksionele en verslagdoeningsgeldeenheid

Items wat by die finansiële state van elk van die groep se entiteite ingesluit is, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedryf word, d.i. sy funksionele geldeenheid. Die funksionele geldeenheid van die maatskappy en die verslagdoeningsgeldeenheid van beide die maatskappy en die groep is rand. Alle bedrae, tensy anders aangetoon, word in miljoene getoon.

Transaksies en balanse

Transaksies in buitelandse geldeenhede word na die funksionele geldeenheid omgerekend teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum heers. Wisselkoerswinste en -verliese wat ontstaan uit die vereffening van sulke transaksies en die omrekening op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse van monetêre bates en laste wat gedomineer is in buitelandse geldeenhede, word in die inkomstestaats erken, tensy dit in ekwiteit uitgestel word as kwalifiserende kontantvloeskanses en kwalifiserende netto beleggingskanses. Omrekeningsverskille op nie-monetêre items word volgens die klassifikasie van die onderliggende items verantwoord. Wisselkoerswinste en -verliese op finansiële instrumente geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop word in ekwiteit ingesluit, terwyl dié op finansiële instrumente gedra teen billike waarde deur wins en verlies as deel van die billike waarde wins of verlies verantwoord word.

Groepsentiteite

Die resultate en finansiële posisie van alle buitelandse bedrywighe (uitgesluit dié wat in hiperinflasionêre ekonomieë bedryf word) met 'n funksionele geldeenheid wat verskil van die groep se verslagdoeningsgeldeenheid, word soos volg na die verslagdoeningsgeldeenheid omgerekend:

- ♦ Bates en laste word teen die sluitingskoers op die balansstaatdatum omgerek.
- ♦ Inkomste en uitgawes vir elke inkomstestaat word teen die gemiddelde wisselkoerse vir die jaar omgerek, tot dié mate dat die gemiddelde wisselkoerse die werklike koerse weerspieël.
- ♦ Alle voortspruitende wisselkoersverskille word direk in ekwiteit verantwoord.

Met konsolidasie word wisselkoersverskille, voortspruitend uit die omrekening van die netto belegging in buitelandse bedrywighe, en van lenings en ander geldeenheidinstrumente wat as skans van sulke beleggings aangewys is, direk na ekwiteit geneem. Met die vervreemding van buitelandse bedrywighe word die verwante wisselkoersverskille in die inkomstestaat erken as deel van die wins of verlies met die verkoop. Klandisiewaarde en billike waarde aanpassings voortspruitend uit die verkryging van buitelandse bedrywighe word as bates en laste van die buitelandse bedrywigheid hanteer en teen die sluitingskoers op balansstaatdatum omgerek.

(XI) **WAARDEDALING VAN BATES**

Klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensduur

Hierdie bates word jaarliks oorweeg vir moontlike waardedalings. Ten einde te bepaal of 'n waardedaling daarop plaasgevind het, word klandisiewaarde toegedeel aan kontantgenererende eenhede. 'n Kontantgenererende eenheid is die laagste komponent van die besigheid wat in bestuurstate gemeet word en waarvan verwag word om kontantvloei te genereer wat grotendeels onafhanklik van 'n ander besigheidskomponent is. Waardedalingsverliese wat verband hou met klandisiewaarde word nie teruggeskryf nie. Enige waardedaling word in inkomste verantwoord.

Ander bates

Op elke balansstaatdatum oorweeg die groep of daar objektiewe bewyse van 'n waardedaling van ander bates bestaan.

- ♦ **Waardedaling – filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye**
'n Waardedaling van 'n bate vind plaas wanneer die drabedrag groter is as die verwagte verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van billike waarde minus verkoopskoste of die waarde in gebruik. Die drawaardes van filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye word hersien, indien daar objektiewe bewyse bestaan wat op 'n waardedaling dui, en afgeskryf vir waardedalings waar nodig.
- ♦ **Beleggingseiendom, eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates met beperkte lewensduur**
Waar geïdentifiseer word dat die verhaalbare bedrag van hierdie bates gedaal het benede die betrokke bates se drabedrag, word die drabedrag verminder ten einde die waardedaling te reflekteer. Sulke afskrywings word in die inkomstestaat verantwoord.
- ♦ **Finansiële instrumente getoon teen geamortiseerde koste**
'n Waardedaling word erken en die finansiële bate se drabedrag word afgeskryf slegs indien daar objektiewe bewyse van 'n waardedaling bestaan en laasgenoemde die gevolg is van een of meer gebeure wat plaasgevind het na die aanvanklike erkenning van die bate ('n 'waardedalingsgebeurtenis') en die waardedalingsgebeurtenis 'n uitwerking het op die verwagte toekomstige kontantvloei van die finansiële bate, en betroubaar gemeet kan word.

Indien daar objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardedalingsverlies op lenings en debiteure óf beleggings gehou tot vervaldatum wat teen geamortiseerde koste verantwoord word, plaasgevind het, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers. Die drabedrag van die bate word verminder en die bedrag van die verlies word in die inkomstestaat verantwoord. In die geval van 'n belegging gehou tot vervaldatum of 'n lening met 'n veranderlike rentekoers, is die verdiskonteringskoers vir die meting van die waardedalingsverlies die huidige effektiewe rentekoers wat ingevolge die kontrak bepaal is. As 'n praktiese hulpmiddel, mag die groep waardedaling meet op die basis van 'n instrument se billike waarde deur van waarneembare markpryse gebruik te maak.

Indien die bedrag van die waardedalingsverlies in 'n daaropvolgende tydperk afneem en die afname objektief aan 'n gebeurtenis gekoppel kan word wat plaasgevind het nadat die aanvanklike waardedaling erken is, soos 'n verbeterde kredietgradering, word die waardedalingsverlies wat voorheen erken is teruggeskryf en in die inkomstestaat verantwoord.

♦ **Finansiële bates getoon teen billike waarde**

Indien enige objektiewe bewyse van 'n waardedaling bestaan vir finansiële bates beskikbaar vir verkoop, word die kumulatiewe verlies, gemeet as die verskil tussen die verkrygingskoste en huidige billike waarde minus enige waardedalingsverliese ten opsigte van die finansiële bate wat voorheen in wins en verlies verantwoord is, uit ekwiteit verwyder en in die inkomstestaat verantwoord.

Waardedalingsverliese op ekwiteitsinstrumente wat in die inkomstestaat verantwoord is, word nie later deur die inkomstestaat teruggeskryf nie, maar word in ekwiteit verantwoord.

(XII) VOORSIENINGS

Voorsienings word erken wanneer 'n wetlike of konstruktiewe verpligting ontstaan as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele omvat vereis sal word om die verpligting te vereffen, en 'n betroubare beraming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die uitgawes wat na verwagting benodig gaan word ten einde die verpligting af te los. Die huidige waarde word bereken deur gebruik te maak van 'n voorbelaste koers wat die huidige markaanslag van die tydwaarde van geld en die spesifieke risiko's wat met die verpligting verband hou in aanmerking neem. Die toename in die voorsiening as gevolg van tydsverloop word as rente-uitgawe erken.

(XIII) WERKNEMERVOORDELE

Na-aftredevoordele

PENSIOENVERPLIGTINGE – Maatskappye in die groep verskaf omskrewevoordeel- en omskrewebydrae-na-aftrefondse vir hulle werknemers. Die planbates van dié fondse word in afsonderlike trustee-bestuurde fondse gehou. Die fondse word deur betalings van die werknemers en die groep befonds, gebaseer op aanbevelings deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

Die rekeningkundige pensioenkosse van die omskrewevoordeel-fondse word bepaal deur gebruik te maak van die geproekteerde kredieteenhedemete. Die kosse om pensioene te voorsien word in die inkomstestaat verreken deur die kosse te versprei oor die diensteryn van werknemers in ooreenstemming met advies van gekwalifiseerde aktuarisse. Die pensioenverpligting word bepaal volgens die huidige waarde van die geskatte toekomstige kontantuitvloei deur gebruik te maak van rentekoerse van staatseffekte wat ongeveer dieselfde terme tot vervaldatum het as die verwante verpligting.

Verstrekediens-koste word onmiddellik afgeskryf, behalwe waar veranderinge in die pensioenplan die voorwaarde stel dat werknemers in diens bly vir 'n bepaalde vestigingstydperk, in welke geval die verstrekediens-koste op 'n reguitlynggrondslag oor die vestigingstydperk geamortiseer word.

Die netto surplus of tekort van die voordeelverpligting is die verskil tussen die huidige waarde van die befondsde verpligtinge en die billike waarde van die fondsbates. Indien die opgelope onerkende aktuariële winste en verliese aan die einde van die vorige verslagdoeningstydperk die grootste van 10% van die omskrewevoordeel-verpligting of -bate oorskry, word dié oorskot in toekomstige tydperke oor die verwagte gemiddelde oorblywende diensteryne van die deelnemende werknemers verantwoord.

Die groep se bydrae tot die omskrewebydrae-pensioenfondse word verreken in die inkomstestaat in die jaar waarop dit betrekking het.

NA-AFTREDE MEDIESE VERPLIGTINGE – Die groep verskaf na-aftrede mediese voordele aan afgetrede werknemers. Die geregtigheid op na-aftrede mediese voordele is gebaseer op die vereiste dat die werknemers in diens bly tot aftrede en die voltooiing van 'n minimum diensperiode. Die geprojekteerde kredieteenhedemethode van waardasie word gebruik vir die berekening van die na-aftrede mediese verpligting.

Die verwagte koste van dié voordele word as uitgawe verantwoord en die verpligting oor die tydperk van diens geakkumuleer deur gebruik te maak van rekeningkundige metodologie wat ooreenstem met dié van omskrewesvoordeelpensioenfondse. Waardasies van dié verpligtinge word uitgevoer deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

Ekwiteitsvergoedingsplanne

Die Remgro groep bedryf verskeie ekwiteitskikkende aandeelgebaseerde vergoedingsplanne. Alle aanbiedinge toegestaan na 7 November 2002 en wat nog nie teen 1 Januarie 2005 gevestig het nie, word as aandeelgebaseerde betalingstransaksies verantwoord. Die billike waarde van aanbiedinge word op die toekenningsdatum bepaal en as werknemersdienskosse oor die vestigingstydperk van die aanbod verantwoord, met 'n ooreenstemmende toename in ekwiteit, gebaseer op die groep se beraming van die aantal aandele wat uiteindelik sal vestig. Die billike waarde word bepaal deur van 'n binomiale model gebruik te maak. Die verwagte kontraklewe wat gebruik is in die model is aangepas volgens bestuur se beste beraming van die effek van nie-oordraagbaarheid, uitoefeningsbeperkings en gedragsoorwegings.

Enige winste en verliese wat realiseer uit aandele gelewer aan die deelnemers van die skemas word direk in ekwiteit erken. Die opbrengs ontvang, na aftrekking van enige direk toeskryfbare transaksiekostes, word teen tesourie-aandele verreken wanneer die opsies uitgeoefen word.

Korttermynvoordele

Werknemers se geregtigheid op verlof word erken wanneer dit ophoop ten gunste van die betrokke werknemers. 'n Krediteur word geskep vir die beraamde aanspreeklikheid vir verlof as gevolg van dienste wat deur werknemers gelewer word tot op balansstaatdatum.

(xiv) KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Vir doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, korttermyn regeringsskuldinstrumente, daggeld-deposito's by banke en beleggings in geldmarkinstrumente, netto van bankoortrekkings. Bankoortrekkings word in die balansstaat by korttermyn rentendraende lenings ingesluit.

(xv) INKOMSTE-ERKENNING

Inkomste uit die verkoop van produkte word verantwoord wanneer die wesentlike risiko's en voordele van eienaarskap na die koper oorgedra is. Inkomste uit dienste word verantwoord sodra die diens gelewer is. Verkope bestaan uit die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar vir die verkoop van goedere en dienste in die normale gang van die groep se bedrywighede en word netto van belasting op toegevoegde waarde, teruggestuurde goedere en afslag getoon.

Rente word op 'n tydsbasis verantwoord (met inagneming van die uitstaande kapitaal, die effektiewe koers en die tydperk), tensy invorderbaarheid twyfelagtig is. Dividende word verantwoord wanneer die reg om betaling te ontvang, gevestig word.

(xvi) AANDELEKAPITAAL

Gewone aandele en B-gewone aandele van die maatskappy word as ekwiteit geklassifiseer. Koste wat direk aan die uitreiking van nuwe aandele toegeskryf kan word, word as 'n aftrekking teen die opbrengs in ekwiteit verantwoord.

Aandele in die maatskappy wat deur groepmaatskappye gehou word asook aandele wat deur Die Remgro Aandeletrust gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer en teen kosprys getoon. Hierdie aandele word as 'n aftrekking teen die uitgereikte aantal aandele hanteer en in berekening gebring by die bepaling van die geweegde gemiddelde aantal aandele. Die kosprys van die aandele word teen die groep se ekwiteit verreken.

(xvii) UITKERING VAN DIVIDENDE

Uitkering van bates aan aandeelhouders van die maatskappy word teen billike waarde verantwoord.

(xviii) ONDERSKEIDING TUSSEN KORTTERMYN/LANGTERMYN

Items word as korttermyn geklassifiseer indien daar verwag word dat dit gerealiseer, verhandel, verbruik of afgelos sal word binne twaalf maande na die balansstaatdatum, óf indien die groep nie 'n onvoorwaardelike reg het om aflossing uit te stel tot ten minste twaalf maande na die balansstaatdatum nie.

(xix) KRITIESE REKENINGKUNDIGE OORDEEL EN KRITIESE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN AANNAMES

Die voorbereiding van die finansiële state noodsaak die gebruik van ramings, aannames en oordeel wat die gerapporteerde bedrae in die balansstaat en inkomstestaat beïnvloed. Hoewel ramings op bestuur se beste kennis en oordeel van bestaande feite op balansstaatdatum gebaseer is, kan die werklike resultate van hierdie ramings verskil.

Kritiese oordeel in die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid

Die mees beduidende oordeel uitgeoefen hou verband met die klassifikasie van beleggings as geassosieerde maatskappye pleks van beleggings beskikbaar vir verkoop. Daar is sekere beleggings waaroor, na die mening van Remgro, 'n beduidende invloed uitgeoefen word, hoewel Remgro 'n belang van minder as 20% in hierdie maatskappye het. Aangesien Remgro egter direksieverteenwoordiging het en een van die grootste aandeelhouders in hierdie maatskappye is, het hy beduidende invloed in hulle finansiële en bedryfsbeleid en word daardie beleggings volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Die billike waarde van geassosieerde maatskappye word in aantekening 6 by die finansiële jaarstate uiteengesit.

Kritiese oordeel word ook toegepas ten opsigte van die bepaling van die funksionele geldeenheid van die buitelandse entiteite wat die groep se kontant en korttermynbeleggings huisves. Die funksionele geldeenhede van hierdie entiteite word bepaal met verwysing na die geldeenheid waarin die entiteite se kontantinvoloeie uit bedrywighede genereer, aangesien dit die betroubaarste weerspieëling is van die ekonomiese impak van die onderliggende transaksies, gebeure en toestande. Die bedrywighede van hierdie entiteite kan duidelik onderskei word van die houermaatskappy en die entiteite word afsonderlik van mekaar bedryf in terme van 'n strategiese beleggingsplan om in sterk geldeenhede te belê, gebaseer op spesifieke en voorafbepaalde portefeuljetoekennings. Gevolglik word wisselkoersverskille wat op die omskakeling van hierdie entiteite na die verslagdoeningsgeldeenheid van die groep ontstaan, in ekwiteit uitgestel totdat dit gerealiseer is, in plaas daarvan om dit op 'n deurlopende basis in die inkomstestaat te verantwoord.

Kritiese rekeningkundige ramings en aannames

'n Beduidende raming hou verband met die groep se rekeningkundige beleid om uitgestelde belasting te voorsien op alle tydelike verskille tussen die drawaarde en die belastingbasis van beleggings. Hierdie belasting word gemeet teen die beraamde belastinggevolge gebaseer op die wyse waarop die entiteit, op die balansstaatdatum, verwag om die drawaarde van die onderskeie beleggings te realiseer. Die drawaarde van beleggings in geassosieerde maatskappye word hoofsaaklik by wyse van dividende verhaal. Aangesien geen belasbare tydelike verskille bestaan nie, word geen uitgestelde belasting voorsien nie. Uitgestelde belasting op die billike waarde aanpassings van beleggings beskikbaar vir verkoop word voorsien gebaseer op die toekomstige ekonomiese voordeel wat die entiteit na verwagting uit die bate sal realiseer, d.i. 'n kombinasie van dividende en kapitale winste of verliese.

Ander ramings en aannames hou verband met die bepaling van die nuttige lewensduur van bates, waardedalings, die waardasie van ongenoteerde beleggings, die voorsiening van uitgestelde belasting vir die maatskappy se onbenutte SBM (sekondêre belasting op maatskappye)-krediete en die aannames wat gebruik is in die berekening van die verpligtinge wat verband hou met aftreevoordele en aandeelgebaseerde betalings. Besonderhede van hierdie ramings en aannames word in die toepaslike aantekeninge by die finansiële jaarstate uiteengesit.

(xx) NUWE REKENINGKUNDIGE STANDPUNTE EN INTERPRETASIES

Bestuur het alle nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS wat reeds op 31 Maart 2009 uitgereik is maar nog nie op dié datum van krag geword het nie, oorweeg. Die standpunte wat op die groep van toepassing is, maar nie vroeg geïmplementeer is nie, is die volgende:

♦ **IFRS 8: Operasionele Segmente**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat ’n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)

IFRS 8 vervang IAS 14: Segmentverslagdoening. Die standpunt herdefinieer “operasionele segment” en skryf verskeie openbaarmakingsvereistes voor.

♦ **IFRIC 13: Kliënt-loyaliteitsprogramme**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat ’n aanvang neem op/na 1 Julie 2008)

Hierdie interpretasie skryf die rekeningkundige hantering voor vir wanneer entiteite kliënte aanmoedig om hul goedere en dienste aan te koop, bv. deur die toekenning van krediete of sogenaamde “punte” waar die kliënt sulke krediete vir “gratis” of verdiskonteerde goedere en dienste mag gebruik.

Entiteite moet toegekende krediete as ’n afsonderlik identifiseerbare komponent van die verkoopstransaksie waarin dit toegeken word, verantwoord. Die billike waarde van die teenprestasie ontvang of ontvangbaar vir die aanvanklike verkoopstransaksie moet geallokeer word tussen die toegekende krediete en die ander komponente van die verkoopstransaksie. Die teenprestasie wat aan die toegekende krediete geallokeer word, moet waardeer word met verwysing na hul billike waarde, dit is die bedrag waarvoor die toegekende krediete afsonderlik verkoop kan word.

♦ **IFRIC 15: Ooreenkomste vir die Konstruksie van Vaste Eiendom**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat ’n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)

Hierdie interpretasie verskaf riglyne waarvolgens bepaal word of ’n ooreenkoms vir die konstruksie van vaste eiendom binne die omvang van IAS 11: Konstruksiekontrakte of IAS 18: Inkomste val, en wanneer sodanige konstruksie-inkomste erken moet word.

♦ **IFRIC 16: Verskansing van ’n Netto Belegging in ’n Buitelandse Bedrywigheid**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat ’n aanvang neem op/na 1 Oktober 2008)

Hierdie interpretasie verskaf riglyne vir die rekeningkundige verantwoording van ’n skans van ’n netto belegging in ’n buitelandse bedrywigheid in ’n entiteit se gekonsolideerde finansiële state en bepaal dat:

- ♦ Die verslagdoeningsgeldeenheid nie tot blootstelling lei waarop ’n entiteit skansrekeningkunde mag toepas nie. Gevolglik mag ’n houermaatskappy slegs die wisselkoersrisiko ten opsigte van die verskil tussen sy funksionele geldeenheid en dié van die buitelandse bedrywigheid as ’n skansrisiko aanwys.
- ♦ Die verskansingsinstrumente mag deur enige entiteit binne die groep verantwoord word.
- ♦ Terwyl IAS 39: Finansiële instrumente – Erkenning en Meting toegepas word om die bedrag te bepaal wat ten opsigte van die verskansingsinstrument vanuit ekwiteit na wins en verlies oorgedra moet word, die bepaling van IAS 21: Die Uitwerking van Verandering in Buitelandse Wisselkoerse van toepassing is op die verskansingsitem.

♦ **IFRIC 17: Verdeling van Nie-kontant Bates aan Eienaars**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat ’n aanvang neem op/na 1 Julie 2009)

Hierdie interpretasie verskaf riglyne vir ’n entiteit se verantwoording en meting van:

- ♦ verdeling van nie-kontant bates aan sy eienaars; en
- ♦ distribusies wat eienaars ’n keuse bied tussen die ontvangste van nie-kontantbates of ’n kontant-alternatief.

’n Entiteit moet die dividend betaalbaar meet teen die billike waarde van die netto bates wat verdeel word. Die verskil tussen die dividend betaal en die boekwaarde van die netto bates wat verdeel word moet in wins en verlies verantwoord word.

♦ **IFRIC 18: Oordrag van bates vanaf kliënte**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2009)

Hierdie interpretasie bevestig die vereistes van IFRS'e vir ooreenkomste waarvolgens 'n entiteit eiendom, aanleg en toerusting vanaf 'n kliënt ontvang wat aangewend moet word om die kliënt toegang tot 'n netwerk te gee of om voortgesette toegang tot goedere en dienste aan die kliënt te bied.

IFRIC 18 verskaf riglyne aangaande die identifisering van die entiteit se verpligting om een of meer apart identifiseerbare dienste in ruil vir die bate wat oorgedra word te lewer – en dus, die erkenning van hierdie inkomste.

♦ **Gewysigde IFRS 3: Besigheidsamevoegings**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2009)

Die gewysigde standpunt vestig beginsels vir die erkenning en meting van identifiseerbare bates verkry, laste aanvaar en enige nie-beherende belange wat in 'n entiteit verkry word. Enige klassifikasie of aanwysing gemaak in die erkenning van hierdie items moet ingevolge kontraktuele voorwaardes, ekonomiese omstandighede, die verkryger se operasionele en rekeningkundige beleid en ander faktore, wat op die verkrygingsdatum bestaan, gedoen word.

Elke identifiseerbare bate en las word gemeet teen sy billike waarde op die verkrygingsdatum. Enige nie-beherende belang in 'n verkreë entiteit word gemeet teen billike waarde of teen die nie-beherende belang se proporsionele gedeelte van die verkreë entiteit se netto identifiseerbare bates.

Die standpunt verskaf beperkte uitsonderings tot hierdie erkennings- en metingsbeginsels.

♦ **Gewysigde IAS 23: Leenkoste**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)

Die gewysigde IAS 23 verwyder die opsie om rente wat verband hou met bates, wat noodwendig 'n aansienlike tyd neem om gereed te maak vir hul voorgenome gebruik of verkoop, as 'n uitgawe te erken.

♦ **Gewysigde IAS 27: Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State**

(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2009)

Die standpunt spesifiseer in watter omstandighede 'n entiteit die finansiële state van 'n ander entiteit (synde 'n filiaal) moet konsolideer, die rekeningkundige verantwoording van veranderinge in die eienaarsvlakke in 'n filiaal, die verantwoording van verlies van beheer van 'n filiaal en die inligting wat 'n entiteit moet openbaar om gebruikers van finansiële state in staat te stel om die aard van die verhouding tussen die entiteit en sy filiale te evalueer.

Die standpunt vereis verder dat nie-beherende belange in die gekonsolideerde balansstaat binne ekwiteit, afsonderlik van dié van die eienaars van die houermaatskappy, geopenbaar word. Totale omvattende inkomste moet toegedeel word aan beide die eienaars van die houermaatskappy en die nie-beherende belange, selfs indien dit veroorsaak dat die nie-beherende belang 'n negatiewe balans het.

Veranderinge in die houermaatskappy se ekwiteitsbelang in 'n filiaal wat nie tot gevolg het dat beheer verloor word nie, word binne ekwiteit verantwoord.

Wanneer 'n entiteit beheer oor 'n filiaal verloor, onderken hy die bates en laste en verbandhoudende ekwiteitskomponente van die voormalige filiaal. Enige wins of verlies word in die inkomstestaat verantwoord. Enige belegging wat in die voormalige filiaal behou word, word teen die billike waarde op die dag waarop beheer verloor is, verantwoord.

- ♦ **Wysiging aan IFRS 1: Aanvanklike toepassing van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en IAS 27 – Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State (Koste van 'n Belegging in 'n Filiaal, Gesamentlik Beheerde Entiteit of Geassosieerde)**
(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)
 Die wysiging bied entiteite die keuse om die drabedrag onder vorige GAAP of billike waarde te gebruik as geagte koste wanneer IFRS vir die eerste keer toegepas word en dit verwyder ook die kostemetode in IAS 27. Die wysiging bepaal verder dat dividende vanaf filiale, gesamentlik beheerde entiteite of geassosieerde maatskappye as inkomste in afsonderlike finansiële state erken moet word. Die vereiste om die behoue inkomste van 'n entiteit te verdeel in voor- en naverkryngskomponente is dus vanuit IFRS verwyder.
- ♦ **Wysiging aan IFRS 2: Aandeelgebaseerde Betaling (Vestigingsvoorwaardes en kansellasies)**
(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)
 Die wysiging bevestig dat vestigingsvoorwaardes slegs diens- en prestasievoorwaardes is. Ander eienskappe van aandeelgebaseerde betaling is nie vestigingsvoorwaardes nie. Die wysiging spesifiseer ook dat alle kansellasies, hetsy deur die entiteit of deur enige ander party, onderworpe is aan dieselfde rekeningkundige hantering.
- ♦ **Wysiging aan IAS 1 (gewysigde): Aanbieding van Finansiële State**
(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)
 Die gewysigde IAS 1 vereis dat die inligting in finansiële state saamgestel word gebaseer op gemene kenmerke en dat 'n staat van omvattende inkomste opgestel word. Die titels van sommige finansiële state is verander om hul funksie duideliker te omskryf maar die gebruik daarvan is nie voorskriftelik vir finansiële state nie.
- ♦ **Wysiging aan IAS 14: Segmentverslagdoening**
(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)
 Weens die wysigings aan IAS 1 het IAS 14 gevolglike veranderinge ondergaan. Die veranderinge aan IAS 14 word van krag wanneer die standpunt deur IFRS 8 vervang word.
- ♦ **Wysiging aan IAS 32: Finansiële Instrumente – Aanbieding en IAS 1: Aanbieding van Finansiële State (Verkoopbare Finansiële Instrumente en Verpligtinge wat op Likwidasië ontstaan)**
(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)
 IAS 1 en IAS 32 is gewysig deur te vereis dat sekere verkoopbare finansiële instrumente en sommige finansiële instrumente wat 'n verpligting op die entiteit plaas om 'n pro rata deel van sy netto bates slegs op likwidasië aan 'n ander party te lewer, as ekwiteit geklassifiseer en geopenbaar word.
- ♦ **Wysiging aan IAS 39: Finansiële Instrumente – Erkenning en Meting (Items wat vir verskansing in aanmerking kom)**
(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2009)
 Die wysiging bevestig die toepassing van beginsels wat bepaal of 'n verskanste risiko of gedeelte van kontantvloeie in aanmerking kom vir verskansing in spesifieke omstandighede.
- ♦ **Wysiging aan IFRIC 9: Heroorweging van Vasgeslote Afgeleide Instrumente en IAS 39: Finansiële Instrumente – Erkenning en Meting**
(effektiewe datum – finansiële tydperke wat eindig op/na 30 Junie 2009)
 Die wysiging bevestig dat 'n entiteit moet heroorweg of 'n vasgeslote afgeleide instrument van die gasheerkontrak geskei en as 'n afgeleide instrument verantwoord moet word, wanneer 'n finansiële bate vanuit die kategorie “teen billike waarde deur wins en verlies” herklassifiseer word.

Die wysiging verbied ook dat 'n saamgestelde instrument vanuit die kategorie “teen billike waarde deur wins en verlies” herklassifiseer word indien die entiteit nie die vasgeslote instrument van die gasheerkontrak kan skei nie.

♦ **IASB se eerste jaarlikse verbeteringsprojek**

Die IASB het sy eerste jaarlikse verbeteringsprojek afgehandel en verskeie rekeningkundige standpunte is gewysig. Hierdie wysigings word, tensy anders vermeld in die oorgangsbepalings, effektief vir tydperke wat 'n aanvang neem op of na 1 Januarie 2009.

Die toepassing van bogenoemde standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS in toekomstige finansiële verslagdoeningstydperke sal na verwagting nie 'n wesentlike uitwerking op die groep se finansiële resultate, finansiële posisie en kontantvloei hê nie, behalwe vir die volgende:

- ♦ Gewysigde IFRS 3: Besigheidsamevoegings en gewysigde IAS 27: Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State – Hierdie standpunte sal vooruitwerkend toegepas word op alle besigheidsamevoegings en veranderinge in 'n houermaatskappy se belang in 'n filiaal vanaf 1 April 2010 en sal dus slegs 'n uitwerking hê op die groep na hierdie datum.
- ♦ IFRS 8: Operasionele Segmente en IAS 1 (gewysig): Aanbieding van Finansiële State – Hierdie standpunte sal na verwagting slegs 'n invloed op openbaarmaking hê.

BALANSSTATE

OP 31 MAART 2009

R miljoen	Aantekeninge	GEKONSOLIDEERD		DIE MAATSKAPPY	
		2009	2008	2009	2008
BATES					
Nie-bedryfsbates					
Eiendom, aanleg en toerusting	2	2 756	2 568	–	–
Biologiese landbouibates	3	76	67	–	–
Beleggingseiendomme	4	34	33	–	–
Ontasbare bates	5	394	408	–	–
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	6	23 795	43 175	–	–
– Gesamentlike ondernemings	7	84	64	–	–
– Ander	8	4 742	8 551	–	–
Aftreevoordele	9	100	103	–	–
Lenings		100	2	–	–
Uitgestelde belasting	10	10	4	–	–
		32 091	54 975	–	–
Bedryfsbates		10 025	6 852	12 799	2 313
Voorraad	11	911	953	–	–
Biologiese landbouibates	3	430	369	–	–
Debiteure en korttermynlenings	12	1 799	1 292	12 799	2 313
Afgeleide instrumente	13	16	19	–	–
Belasting		65	80	–	–
Bates gehou vir verkoop	14	176	205	–	–
Belegging in geldmarkfondse	15	1 578	–	–	–
Kontant en kontantekwivalente	16	5 050	3 934	–	–
Totale bates		42 116	61 827	12 799	2 313
EKWITEIT EN LASTE					
Aandelekapitaal	17	8	8	8	8
Aandelepremie	17	–	37	–	37
Reserwes	18	38 324	58 697	159	2 255
Tesourie-aandele	17	(260)	(1 515)	–	–
Aandeelhouersekwiteit		38 072	57 227	167	2 300
Minderheidsbelang		715	648		
Totale ekwiteit		38 787	57 875	167	2 300
Nie-bedryfslaste		1 172	1 872	–	–
Aftreevoordele	9	156	229	–	–
Langtermynlenings	19	191	189	–	–
Uitgestelde belasting	10	825	1 454	–	–
Bedryfslaste		2 157	2 080	12 632	13
Handels- en ander krediteure	20	1 999	1 826	56	13
Korttermynlenings	21	117	190	12 576	–
Voorsienings	22	23	48	–	–
Afgeleide instrumente	13	18	3	–	–
Belasting		–	13	–	–
Totale ekwiteit en laste		42 116	61 827	12 799	2 313

INKOMSTESTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

R miljoen	Aantekeninge	GEKONSOLIDEERD		DIE MAATSKAPPY	
		2009	2008	2009	2008
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDDE					
Verkope		11 455	9 447	–	–
Vorraaduitgawes		(7 245)	(5 415)	–	–
Personeelkoste	23	(1 744)	(1 621)	–	–
Waardevermindering	26	(271)	(251)	–	–
Ander netto bedryfsuitgawes	26	(1 480)	(1 109)	(5)	(3)
Handelwinsts/(-verlies)		715	1 051	(5)	(3)
Dividende ontvang	27	355	274	59 469	2 138
Rente ontvang	26	197	296	–	–
Finansieringskoste		(49)	(43)	–	–
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde		(442)	19	–	–
Wins/(verlies) met die verkoop, uitkering en herstrukturering van beleggings	26	24	1 665	(2 012)	–
Gekonsolideerde wins voor belasting		800	3 262	57 452	2 135
Belasting	10	(268)	(419)	(686)	–
Gekonsolideerde wins na belasting		532	2 843	56 766	2 135
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	28	2 389	3 825		
Netto wins vir die jaar van voortgesette bedrywighede		2 921	6 668	56 766	2 135
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDDE					
Wins vir die jaar van beëindigde bedrywighede	37	42 503	3 385	–	–
Netto wins vir die jaar		45 424	10 053	56 766	2 135
Toeskryfbaar aan:					
Ekwiteithouers		45 330	9 893	56 766	2 135
Voortgesette bedrywighede		2 827	6 508	56 766	2 135
Beëindigde bedrywighede		42 503	3 385	–	–
Minderheidsbelang		94	160		
		45 424	10 053	56 766	2 135
VERDIENSTE PER AANDEEL					
	1	Sent	Sent		
Basies		9 607.9	2 095.7		
Voortgesette bedrywighede		599.2	1 378.7		
Beëindigde bedrywighede		9 008.7	717.0		
Verwater		9 570.4	2 048.9		
Voortgesette bedrywighede		584.6	1 339.5		
Beëindigde bedrywighede		8 985.8	709.4		
GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS					
		R miljoen	R miljoen		
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings (voortgesette bedrywighede)					
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items		3 208	5 070		
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde		(253)	(18)		
Wins met die verkoop van beleggings		360	188		
Ander nie-herhalende en kapitale items		(11)	32		
Wins voor belasting en minderheidsbelang		3 304	5 272		
Belasting		(809)	(1 153)		
Minderheidsbelang		(106)	(294)		
		2 389	3 825		

STATE VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

GEKONSOLIDEERD

TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY

<i>R miljoen</i>	Uitgereikte kapitaal	Ekwiteits- reserwes	Ander reserwes	Billike waarde reserwes	Behoue verdienste	Tesourie- aandeel	Aandeel- houers- ekwiteit	Minder- heids- belang	Totale ekwiteit
2009									
Saldo's op 1 April	45	25 340	1 586	6 977	24 794	(1 515)	57 227	648	57 875
Totale inkomste verantwoord		(1 492)	(1 125)	(3 588)	44 820		38 615	94	38 709
Wisselkoersaanpassings		(351)	(82)		(3)		(436)		(436)
Netto billike waarde aanpassings vir die jaar			7	(3 570)			(3 563)		(3 563)
Netto verlies direk in ekwiteit verantwoord		(351)	(75)	(3 570)	(3)		(3 999)		(3 999)
Gerealiseer na die inkomstestaat		(1 141)	(1 050)	(18)	(507)		(2 716)		(2 716)
Netto wins vir die jaar					45 330		45 330	94	45 424
Dividende betaal					(1 938)		(1 938)	(52)	(1 990)
Dividend <i>in specie</i>					(55 225)	406	(54 819)		(54 819)
Aandeel deur volfiliaal gekoop (tesourie-aandeel)						(666)	(666)		(666)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer								14	14
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings		(18 168)	63		18 134		29	(6)	23
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings		(530)	(1)				(531)		(531)
Oordrag van behoue inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings		3 492	(155)		(3 337)		-		-
Netto verkoop van aandeel deur									
Die Remgro Aandeletrust						213	213		213
Langtermyn aandeel-aansporingskema-reserwe			(54)				(54)	17	(37)
Kansellering van tesourie-aandeel	(37)				(1 269)	1 302	(4)		(4)
Saldo's op 31 Maart	8	8 642	314	3 389	25 979	(260)	38 072	715	38 787

2008

Saldo's op 1 April	8	20 155	1 931	5 003	20 072	(1 497)	45 672	755	46 427
Totale inkomste verantwoord		1 685	370	1 962	10 200		14 217	160	14 377
Wisselkoersaanpassings		1 685	370		307		2 362		2 362
Netto billike waarde aanpassings vir die jaar				1 962			1 962		1 962
Netto inkomste direk in ekwiteit verantwoord		1 685	370	1 962	307		4 324		4 324
Netto wins vir die jaar					9 893		9 893	160	10 053
Dividende betaal					(2 178)		(2 178)	(74)	(2 252)
Verhoging van belang in filiaalmaatskappy			(391)				(391)	(269)	(660)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer								58	58
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings		(446)	(303)	12	775		38	15	53
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings		(154)	(11)				(165)		(165)
Oordrag van behoue inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings		4 100	(25)		(4 075)		-		-
Netto aankoop van aandeel deur									
Die Remgro Aandeletrust						(18)	(18)		(18)
Langtermyn aandeel-aansporingskema-reserwe			15				15	3	18
Aandeel uitgereik	37						37		37
Saldo's op 31 Maart	45	25 340	1 586	6 977	24 794	(1 515)	57 227	648	57 875

DIE MAATSKAPPY

<i>R miljoen</i>	2009		2008	
Saldo's op 1 April	2 300		2 361	
Uitgereikte kapitaal	45	8		
Behoue verdienste	2 255	2 353		
Aandeel uitgereik			-	37
Aandeel gekanselleer			(1 695)	-
Netto wins vir die jaar	56 766	2 135		
Dividende betaal			(1 979)	(2 233)
Dividend <i>in specie</i>			(55 225)	-
Saldo's op 31 Maart	167		2 300	

KONTANTVLOEI STATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

R miljoen	Aantekeninge	GEKONSOLIDEERD		DIE MAATSKAPPY	
		2009	2008	2009	2008
Kontantvloei – bedryfsaktiwiteit					
Handelwinst/(-verlies)		715	1 051	(5)	(3)
Aansuiweringe	29.1	214	223	–	–
<hr/>					
Gekonsolideerde wins/(verlies) voor bedryfskapitaalveranderinge		929	1 274	(5)	(3)
Bedryfskapitaalveranderinge	29.2	52	(301)	40	5
<hr/>					
Kontant uit bedryghede voortgebring		981	973	35	2
Kontantvloei voortgebring uit beleggingsopbrengste		1 691	3 844	59 469	2 138
Rente ontvang		197	296	–	–
Dividende ontvang	29.3	1 494	3 548	59 469	2 138
<hr/>					
Finansieringskoste		(49)	(43)	–	–
Belasting betaal	29.4	(280)	(497)	(686)	–
<hr/>					
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteit		2 343	4 277	58 818	2 140
Dividende betaal	29.5	(2 120)	(2 252)	(2 109)	(2 233)
<hr/>					
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteit		223	2 025	56 709	(93)
Kontantvloei – beleggingsaktiwiteit					
Netto beleggings om bedryghede te handhaaf		(221)	198	–	–
Vervanging van eiendom, aanleg en toerusting		(273)	(100)	–	–
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates		52	298	–	–
<hr/>					
Beleggings om bedryghede uit te brei		(479)	(3 889)	(57 108)	–
Toevoegings tot – eiendom, aanleg en toerusting en ander bates		(191)	(405)	–	–
– beleggings en lenings		(277)	(2 820)	(57 108)	–
– filiale		–	(660)	–	–
Besighede aangekoop	30	(11)	(4)	–	–
<hr/>					
Opbrengs met verkoop van beleggings en lenings		115	274	–	–
Opbrengs met die BAT ontbondeling		3 736	–	–	–
Aankope van tesourie-aandele		(520)	(21)	–	–
<hr/>					
Netto kontant voortgebring/(benut) voor finansieringsaktiwiteit		2 854	(1 413)	(399)	(93)
Kontantvloei – finansieringsaktiwiteit					
Aandele uitgereik		–	37	–	37
Aandele gekanselleer		(4)	–	(1 695)	–
(Toename)/afname in lenings		–	(15)	2 094	56
Uitreek van nuwe aandele deur filiaalmaatskappye		9	30	–	–
Kapitaal deur minderhede van filiaalmaatskappy bygedra		5	32	–	–
<hr/>					
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente		2 864	(1 329)	–	–
Belegging in geldmarkfondse		(1 578)	–	–	–
Wisselkoerswinst/(-verlies) op buitelandse kontant		(98)	259	–	–
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		3 831	4 901	–	–
<hr/>					
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		5 019	3 831	–	–
<hr/>					
Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat		5 050	3 934		
Oortrokke bankrekening		(31)	(103)		

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

1. VERDIENSTE

	2009		2008	
	Bruto R miljoen	Netto R miljoen	Bruto R miljoen	Netto R miljoen
WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE				
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE				
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers		2 827		6 508
Plus/(minus):				
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	442	442	(15)	(8)
– Wins met die verkoop en herstrukturering van beleggings	(24)	(21)	(1 665)	(1 627)
– Netto (oorskot)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	3	2	(114)	(138)
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	(117)	(82)	(208)	(184)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywigheede		3 168		4 551
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE				
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers		42 503		3 385
Plus/(minus):				
– Wins met die uitkering van beleggings	(40 805)	(40 805)	–	–
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye	(223)	(206)	86	55
Wesensverdienste van beëindigde bedrywigheede		1 492		3 440
Totale wesensverdienste van voortgesette en beëindigde bedrywigheede		4 660		7 991
			2009	2008
			Sent	Sent
VERDIENSTE PER AANDEEL				
Wesensverdienste per aandeel				
– Basies			987.7	1 692.8
Voortgesette bedrywigheede			671.5	964.1
Beëindigde bedrywigheede			316.2	728.7
– Verwater			954.8	1 649.0
Voortgesette bedrywigheede			659.2	928.3
Beëindigde bedrywigheede			295.6	720.7
Verdienste per aandeel				
– Basies			9 607.9	2 095.7
Voortgesette bedrywigheede			599.2	1 378.7
Beëindigde bedrywigheede			9 008.7	717.0
– Verwater			9 570.4	2 048.9
Voortgesette bedrywigheede			584.6	1 339.5
Beëindigde bedrywigheede			8 985.8	709.4

Verdienste per aandeel

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweepte aantal uitgereikte aandele, naamlik 471 798 001 (2008: 472 052 993), in berekening gebring na aftrekking van tesourie-aandele asook aandele deur Die Remgro Aandeeltrust en sekere geassosieerde maatskappye gehou.

Verwaterde verdienste per aandeel

In die berekening van verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel is die geweepte aantal uitgereikte aandele aangepas vir die geagte verwateringseffek van die aanbiedinge aanvaar deur deelnemers van die Remgro Aandeleeskema en die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroei-skema, maar nog nie gelewer nie.

1. VERDIENSTE (vervolg)

VERDIENSTE PER AANDEEL (vervolg)

Verwaterde verdienste per aandeel (vervolg)

Die lewering van skema-aandele aan deelnemers sal geag word 'n uitgifte van aandele te wees. Aangesien die markwaarde (billike waarde) van die aandele op die datum van lewering sal verskil van die aanbodwaarde, sal die aantal aandele wat daardie verskil verteenwoordig, geag word 'n uitgifte van gewone aandele sonder teenprestasie te wees. Hierdie toegerekende aandele bedra 115 156 (2008: 1 908 925) en is bygetel by die geweegde aantal aandele ten einde die verwateringseffek te bereken.

Sommige filiaal- en geassosieerde maatskappye het soortgelyke bestuursaansporingskemas sowel as ander instrumente wat in die toekoms tot 'n verwatering van dié maatskappye se verdienste aanleiding kan gee. Ten einde Remgro se verwaterde verdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede te bereken, is R57 miljoen (2008: R151 miljoen) en R68 miljoen (2008: R159 miljoen) teen onderskeidelik wesensverdienste en verdienste verreken ten einde die potensiële verwateringseffek te verantwoord. Onderskeidelik R97 miljoen (2008: R24 miljoen) en R98 miljoen (2008: R23 miljoen) is teen wesensverdienste en verdienste verreken, ten einde die potensiële verwateringseffek op verdienste van beëindigde bedrywighede te verantwoord.

2. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	Grond en geboue R miljoen	Masjinerie en toerusting R miljoen	Voertuie R miljoen	Kantoor- toerusting R miljoen	Totaal R miljoen
Drawaarde op 1 April 2007	791	1 353	265	32	2 441
Kosprys	1 199	2 581	429	47	4 256
Opgelope waardevermindering	(408)	(1 228)	(164)	(15)	(1 815)
Toevoegings	225	187	49	3	464
Vervreemdings	(5)	(2)	(6)	(1)	(14)
Waardevermindering	(30)	(188)	(31)	(2)	(251)
Besighede verkry	–	1	–	–	1
Oordrag na bates gehou vir verkoop	(40)	(19)	(12)	–	(71)
Ander	(45)	40	2	1	(2)
Drawaarde op 31 Maart 2008	896	1 372	267	33	2 568
Kosprys	1 320	2 740	421	51	4 532
Opgelope waardevermindering	(424)	(1 368)	(154)	(18)	(1 964)
Toevoegings	113	263	83	4	463
Vervreemdings	(2)	(2)	(7)	–	(11)
Waardevermindering	(34)	(203)	(31)	(3)	(271)
Besighede verkry	–	–	7	–	7
Ander	(56)	56	–	–	–
Drawaarde op 31 Maart 2009	917	1 486	319	34	2 756
Kosprys	1 377	3 015	489	53	4 934
Opgelope waardevermindering	(460)	(1 529)	(170)	(19)	(2 178)

	2009	2008
Waardeverminderingkoerse is soos volg:	%	%
Geboue	0 – 50	0 – 50
Masjinerie en toerusting	3½ – 100	3½ – 100
Voertuie	4 – 33½	4 – 33½
Kantoor-toerusting	5 – 33½	5 – 33½

Bates met 'n boekwaarde van R4 miljoen (2008: R3 miljoen) dien as sekuriteit vir verpligtinge onder verbandlenings, bruikhuur- en afbetalingskredietoorreënkomste.

Die registers met volledige besonderhede van grond en geboue is vir insae deur lede of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappye aan wie die eiendom behoort.

3. BIOLOGIESE LANDBOUBATES

Ingesluit by nie-bedryfsbates:

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar	Suikerriet-wortels R miljoen	Suikerriet-plante R miljoen	Ander R miljoen	2009 R miljoen	Suikerriet-wortels R miljoen	Suikerriet-plante R miljoen	Ander R miljoen	2008 R miljoen
Saldo's op 1 April	27	25	15	67	55	22	14	91
Billike waarde aanpassing	6	2	1	9	14	27	1	42
Oordrag na bates gehou vir verkoop	–	–	–	–	(28)	(16)	–	(44)
Ander	–	–	–	–	(14)	(8)	–	(22)
Saldo's op 31 Maart	33	27	16	76	27	25	15	67

Die hoeveelhede op 31 Maart is soos volg:

Suikerrietwortels (ha)	3 649	3 654
Suikerrietplante (ha)	3 649	3 654
Ander (ha)	1 754	1 787

Ingesluit by bedryfsbates:

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar	Teelboenders en eiers R miljoen	Braaikuikens R miljoen	2009 R miljoen	Teelboenders en eiers R miljoen	Braaikuikens R miljoen	2008 R miljoen
Saldo's op 1 April	213	156	369	160	109	269
Toevoegings	729	3 578	4 307	576	2 810	3 386
Afname deur oeste	(700)	(3 559)	(4 259)	(526)	(2 775)	(3 301)
Billike waarde aanpassing	3	10	13	3	12	15
Saldo's op 31 Maart	245	185	430	213	156	369

4. BELEGGINGSEIENDOMME

	Kosprys R miljoen	2009 Opgelope waarde- vermindering R miljoen	Netto waarde R miljoen	Kosprys R miljoen	2008 Opgelope waarde- vermindering R miljoen	Netto waarde R miljoen
Grond	3	–	3	3	–	3
Geboue	31	–	31	30	–	30
	34	–	34	33	–	33

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar	Grond R miljoen	Geboue R miljoen	2009 R miljoen	Grond R miljoen	Geboue R miljoen	2008 R miljoen
Saldo's op 1 April	3	30	33	3	29	32
Toevoegings	–	1	1	–	1	1
Saldo's op 31 Maart	3	31	34	3	30	33

Die Suid-Afrikaanse beleggingseiendom is gedurende die 2008 finansiële jaar deur 'n onafhanklike, gekwalifiseerde waardeerder volgens markinligting gewaardeer. Buitelandse beleggingseiendom is gedurende die 2006-jaar waardeer deur 'n onafhanklike, gekwalifiseerde waardeerder. Die billike waarde van die beleggingseiendom, BTW uitgesluit, is R345 miljoen (2008: R345 miljoen).

Geen waardevermindering is op beleggingseiendom voorsien nie aangesien al die bates beduidende reswaardes het. Die oorblywende nuttige leeftyd van die bates word op 50 jaar beraam.

Die registers met volledige besonderhede van beleggingseiendom is vir insae deur lede of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappye aan wie die eiendom behoort.

5. ONTASBARE BATES

	2009			2008		
	Kosprys of waardasie R miljoen	Opgelope waardedaling/ amortisasie R miljoen	Netto waarde R miljoen	Kosprys of waardasie R miljoen	Opgelope waardedaling/ amortisasie R miljoen	Netto waarde R miljoen
Klandisiewaarde	347	–	347	345	–	345
Handelsmerke en ander	144	(97)	47	154	(91)	63
	491	(97)	394	499	(91)	408

Amortisasiekoerse is soos volg:	2009	2008
	%	%
Handelsmerke en ander	5 – 100	5 – 100

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar	Klandisie-waarde R miljoen	Handelsmerke en ander R miljoen	2009 R miljoen	Klandisie-waarde R miljoen	Handelsmerke en ander R miljoen	2008 R miljoen
Saldo's op 1 April	345	63	408	342	71	413
Amortisasie	–	(11)	(11)	–	(12)	(12)
Besighede verkry	4	–	4	2	–	2
Ander	(2)	(5)	(7)	1	4	5
Saldo's op 31 Maart	347	47	394	345	63	408

Klandisiewaarde word jaarliks vir enige moontlike waardedalings getoets, en vir dié doel word dit toegeedeel aan die onderskeie kontantgenererende eenhede soos hieronder aangedui.

	Rainbow Chicken Beperk en sy filiale	Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk en sy filiale	Wispeco Holdings Beperk en sy filiale	2009 Totaal
Klandisiewaarde toegeedeel (R miljoen)	292	39	16	347
Basis vir waardasie van kontantgenererende eenhede		Waarde in gebruik	Waarde in gebruik	Waarde in gebruik

R287 miljoen van die klandisiewaarde wat betrekking het op Rainbow Chicken en sy filiale hou verband met die verkryging van Vector Logistics (Edms) Beperk in 2005. In die bepaling van die waarde in gebruik van die kontantgenererende eenheid waaraan die klandisiewaarde toegeedeel is, is die volgende aannames gemaak:

Diskontokoers	13.5%
Groeiakoers	5.0%
Tydperk	5 jaar

Sensitiwiteitsanalise van die aannames gebruik in die toets vir waardedaling van klandisiewaarde:

Aanname	Beweging	Waardedaling
Diskontokoers	+5%	Nul
Groeiakoers	–5%	Nul

Gedurende die jaar onder oorsig het geen waardedaling van klandisiewaarde plaasgevind nie.

6. BELEGGINGS – GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE
(Bylae B & C)

	2009			2008		
	Genoteer R miljoen	Ongenoteer R miljoen	Totaal R miljoen	Genoteer R miljoen	Ongenoteer R miljoen	Totaal R miljoen
Aandele – teen kosprys	9 075	3 530	12 605	9 182	6 930	16 112
Ekwiteitsaansuiwering	7 763	3 385	11 148	7 483	19 538	27 021
Drawaarde	16 838	6 915	23 753	16 665	26 468	43 133
Langtermynlenings	–	42	42	–	42	42
	16 838	6 957	23 795	16 665	26 510	43 175
Markwaardes van genoteerde beleggings	18 904		18 904	22 147		22 147
Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings		11 407	11 407		82 286	82 286
Markwaardes en direkteurswaardasies	18 904	11 407	30 311	22 147	82 286	104 433
Oorskot van markwaardes en direkteurswaardasies bo drawaarde van beleggings:						
– toeskryfbaar aan ekwiteithouers			6 516			61 258
– toeskryfbaar aan minderheid			–			–
			6 516			61 258

'n Wesentlike gedeelte, naamlik R3 052 miljoen (2008: R72 010 miljoen), van die direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings hierbo is gebaseer op die beurspryse van onderliggende genoteerde aandele wat deur die betrokke ongenoteerde beleggings gehou word.

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar		
Drawaarde op 1 April	43 175	33 033
Wisselkoersverskille met omrekening van drawaarde aan die begin van die jaar na jaareindkoers	(418)	2 003
<i>Inkomste van geassosieerde maatskappye behou</i>	3 492	4 100
Belang in netto toedeelbare wins van geassosieerde maatskappye	4 947	7 230
Dividende ontvang van geassosieerde maatskappye	(1 526)	(3 297)
Wisselkoersverskille met omrekening vanaf gemiddelde koers na jaareindkoerse	71	167
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	(530)	(154)
Lenings terugbetaal	–	(147)
Vervreemdings/kapitaalvermindering	(78)	(236)
Beleggings gemaak	29	3 411
Herstrukturering van belang in Unilever	–	1 167
Ontbondeling van BAT	(21 432)	–
Waardedaling van beleggings	(438)	–
Ander	(5)	(2)
Drawaarde op 31 Maart	23 795	43 175

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
7. BELEGGINGS – GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS (Bylaag B)		
Ongenoteerde aandele – teen kosprys	284	97
Ekwiteitsaansuiwering	(201)	(34)
Drawaarde	83	63
Langtermynlenings	1	1
	84	64
Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings	84	64
Oorskot van direkteurswaardasies bo drawaarde van beleggings:		
– toeskryfbaar aan ekwiteitshouers	–	–
– toeskryfbaar aan minderheid	–	–
	–	–
Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar		
Drawaarde op 1 April	64	8
Wisselkoersverskille met omrekening van drawaarde aan die begin van die jaar na jaareindkoers	26	10
<i>Verliese van gesamentlike ondernemings erken</i>	(155)	(25)
Belang in netto toedeelbare verliese van gesamentlike ondernemings	(141)	(20)
Dividende ontvang vanaf gesamentlike ondernemings	(2)	–
Wisselkoersverskille met omrekening vanaf gemiddelde koers na jaareindkoerse	(12)	(5)
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	(1)	(11)
Lenings aangegaan/(terugbetaal)	–	(7)
Beleggings gemaak	150	89
Drawaarde op 31 Maart	84	64
Die groep se belang in die resultate, bates en laste van gesamentlike ondernemings is soos volg:		
Wins/(verlies)	(141)	(20)
Verkope	113	71
Bates	176	124
Laste	154	66

Die groep se belang in kapitaalverpligtinge van gesamentlike ondernemings beloop R8 miljoen (2008: R11 miljoen).

8. **BELEGGINGS – ANDER**
(Bylaag B)

	2009			2008		
	Genoteer R miljoen	Ongenoteer R miljoen	Totaal R miljoen	Genoteer R miljoen	Ongenoteer R miljoen	Totaal R miljoen
Beleggings – ander						
Aandele – beskikbaar						
vir verkoop	4 651	91	4 742	8 483	68	8 551
Markwaardes van genoteerde						
beleggings	4 651		4 651	8 483		8 483
Direkteurswaardasies van						
ongenoteerde beleggings		91	91		68	68
Markwaardes en						
direkteurswaardasies	4 651	91	4 742	8 483	68	8 551
Rekonsiliasie van drawaarde van beleggings beskikbaar					2009	2008
vir verkoop aan die begin en einde van die jaar					R miljoen	R miljoen
Saldo's op 1 April					8 551	6 245
Billike waarde aanpassings vir die jaar					(4 205)	2 258
Beleggings gemaak					431	48
Vervreemdings					(35)	–
Saldo's op 31 Maart					4 742	8 551

9. **AFTREEVOORDELE**

Balansstaatverpligtinge

Aftreevoordele	(9)	(91)
Na-aftrede mediese voordele	(147)	(138)

	(156)	(229)
Balansstaatbates	100	103

Aftreevoordele	9	10
Omskrewedydrae-fonds werkgewersurplus**	91	93

Netto omskrewewoordeel na-aftredevrepligting	(56)	(126)
--	------	-------

Verteenwoordig deur:

Aftreevoordele (verwys aantekening 9.1)	–	(81)
Na-aftrede mediese voordele (verwys aantekening 9.2)	(147)	(138)
Omskrewedydrae-fonds werkgewersurplus**	91	93
	(56)	(126)

Inkomstestaat

Aftreevoordele*	5	2
Na-aftrede mediese voordele	13	10
Uitgawe/(inkomste)	18	12

* Verwys na aantekening 23 op bladsy 97.

** Die omskrewedydrae-fonds werkgewersurplus was ingesluit onder “Debiteur en korttermynlenings” in die 2008 finansiële state.

9. AFTREEVOORDELE (vervolg)

9.1 Aftreevoordele

Van die maatskappy se filiale het verskeie omskreevoordeel-pensioenfondse, omskreebydrae-pensioenfondse en omskreebydrae-voorsorgfondse wat onafhanklik van die finansies van die groep privaat geadminestrer word. Al die fondse word deur die Wet op Pensioenfondse, 1956 (soos gewysig), beheer. Alle besoldigde werknemers is verplig om lidmaatskap van een van die fondse te aanvaar.

Die omskreevoordeel-pensioenfondse word elke derde jaar vir statutêre doeleindes deur onafhanklike aktuarisse volgens die metode vir geprojekteerde kredieteenhede waardeer. Die jongste aktuariële waardasies van hierdie fondse is tussen 31 Maart 2005 en 31 Maart 2008 gedoen.

	Balansstaat				Inkomstestaat	
	Billike waarde van fondsbates R miljoen	Huidige waarde van befondsde verpligtinge R miljoen	Onerkende aktuariële (winste)/verliese R miljoen	Pensioen-fonds-surplus-bepierking* R miljoen	Bedrag in balansstaat erken R miljoen	Ingesluit in personeelkoste R miljoen
Saldo's op 1 April 2007	771	(767)	(45)	(34)	(75)	
Huidige dienskosse	–	(3)	–	–	(3)	3
Rente	–	(44)	–	–	(44)	44
Verwagte opbrengs op bates	52	–	–	–	52	(52)
Surplus-bepierking benutting	–	–	71	(79)	(8)	8
Amortisasie van aktuariële (winste)/verliese	–	–	1	–	1	(1)
Bydraes	8	–	–	–	8	–
Wisselkoersverskille	64	(80)	4	–	(12)	–
Voordeelbetalings	(83)	83	–	–	–	–
Aktuariële bewegings: fondsverpligting	–	(34)	34	–	–	–
Aktuariële bewegings: fondsbates	63	–	(63)	–	–	–
Saldo's op 31 Maart 2008	875	(845)	2	(113)	(81)	2
Huidige dienskosse	–	(2)	–	–	(2)	2
Rente	–	(54)	–	–	(54)	54
Verwagte opbrengs op bates	66	–	–	–	66	(66)
Surplus-bepierking benutting	–	–	(47)	32	(15)	15
Bydraes	79	–	–	–	79	–
Wisselkoersverskille	(88)	108	(13)	–	7	–
Voordeelbetalings	(43)	43	–	–	–	–
Aktuariële bewegings: fondsverpligting	–	53	(53)	–	–	–
Aktuariële bewegings: fondsbates	(171)	–	171	–	–	–
Saldo's op 31 Maart 2009	718	(697)	60	(81)	–	5

* Die pensioenfondssurplus word nie as 'n bate in die balansstaat erken nie aangesien die surplusverdelingsproses kragtens die Pensioenfondswetgewing nog nie afgehandel is nie.

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
9. AFTREEVOORDELE (vervolg)		
9.1 Aftreevoordele (vervolg)		
Bedrag van fondsbates verteenwoordig deur belegging in entiteit se eie finansiële instrumente	6	20
Werklike opbrengs op fondsbates	(105)	115
Aansuiwering vir ondervinding op befondsde verpligtinge	3	(21)
Verwagte bydraes tot aftreefondse vir die jaar geëindig 31 Maart 2010: R9 miljoen		

	Aantal	Aantal
Aantal lede	7 870	7 425
Samestelling van fondsbates	%	%
Kontant	7.16	6.81
Ekwiteit	21.23	22.48
Effekte	1.80	1.67
Eiendom	1.15	1.39
Internasionaal	68.66	67.65
	100.00	100.00

Belangrikste aktuariële aannames op balansstaatdatum

Diskontokoers	6.50 – 9.25	6.50 – 9.62
Verwagte opbrengskoerse op fondsbates*	6.76 – 10.25	6.43 – 10.25
Toekomstige salarisverhogings	6.25 – 7.25	6.25 – 7.25
Toekomstige pensioenverhogings	3.00 – 5.25	3.50 – 6.25
Inflasiekoers	5.25	6.25

* Die verwagte opbrengs op fondsbates is bepaal met verwysing na die verwagte langtermynopbrengste op ekwiteit, kontant en effekte.

	2009 R miljoen	2008 R miljoen	2007 R miljoen	2006 R miljoen
Fondsgeskiedenis van die huidige en vorige 3 jaar				
Billike waarde van fondsbates	718	875	771	722
Huidige waarde van befondsde verpligtinge	(697)	(845)	(767)	(633)
Surplus/(tekort)	21	30	4	89

9. AFTREEVOORDELE (vervolg)
9.2 Na-aftrede mediese voordele

	Balansstaat				Inkomstestaat
	Billike waarde van fondsbates R miljoen	Huidige waarde van befondsde verpligtinge R miljoen	Onerkende aktuariële (winste)/verliese R miljoen	Bedrag in balansstaat erken R miljoen	Ingesluit in personeelkoste R miljoen
Saldo's op 1 April 2007	35	(146)	(18)	(129)	
Huidige dienskoste	–	(3)	–	(3)	3
Rente	–	(11)	–	(11)	11
Verwagte opbrengs op bates	3	–	–	3	(3)
Amortisasie van aktuariële (winste)/verliese	–	–	1	1	(1)
Voordeelbetalings	–	1	–	1	–
Aktuariële bewegings	(1)	6	(5)	–	–
Saldo's op 31 Maart 2008	37	(153)	(22)	(138)	10
Huidige dienskoste	–	(5)	–	(5)	5
Rente	–	(13)	–	(13)	13
Verwagte opbrengs op bates	3	–	–	3	(3)
Amortisasie van aktuariële (winste)/verliese	–	–	2	2	(2)
Bydraes	–	2	–	2	–
Voordeelbetalings	(2)	4	–	2	–
Aktuariële bewegings	(4)	(29)	33	–	–
Saldo's op 31 Maart 2009	34	(194)	13	(147)	13
				2009	2008
				R miljoen	R miljoen
Bedrag van fondsbates verteenwoordig deur belegging in entiteit se eie finansiële instrumente				2	2
Werklike opbrengs op fondsbates				(1)	2
Verwagte bydraes tot aftreefondse vir die jaar geëindig 31 Maart 2010: R14 miljoen					
				Aantal	Aantal
Aantal lede				959	987
				2009	2008
Fondsgeskiedenis van die huidige en vorige 3 jaar	R miljoen	R miljoen	R miljoen	R miljoen	R miljoen
Billike waarde van fondsbates	34	37	35	16	
Huidige waarde van befondsde verpligtinge	(194)	(153)	(146)	(121)	
Surplus/(tekort)	(160)	(116)	(111)	(105)	
				2009	2008
Samestelling van fondsbates				%	%
Kontant				16.00	3.00
Ekwiteit				81.00	92.00
Effekte				3.00	5.00
				100.00	100.00

	2009 %	2008 %
9. AFTREEVOORDELE (vervolg)		
9.2 Na-aftrede mediese voordele (vervolg)		
Belangrikste aktuariële aannames op die balansstaatdatum		
Diskontokoers	8.25 – 9.00	8.75 – 9.00
Verwagte opbrengskoerse op fondsbates*	10.00	9.75
Jaarlikse verhoging in gesondheidsorgkoste	5.25 – 7.25	5.50 – 7.50

* Die verwagte opbrengs op fondsbates is bepaal met verwysing na die verwagte langtermynopbrengste op ekwiteit, kontant en effekte.

	2009 Toename R miljoen	2009 Afname R miljoen
Die effek van 'n 1%-beweging in bogenoemde verwagte jaarlikse verhoging in gesondheidsorgkoste is soos volg:		
Na-aftrede mediese verpligting	34	27
Huidige dienskosse en rente op verpligting	2	2

10. BELASTING

10.1 Uitgestelde belasting

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
Uitgestelde belastingaanspreeklikheid	825	1 454
Eiendom, aanleg en toerusting	359	334
Ontasbare bates	10	13
Voorraad	152	109
Voorsienings	(61)	(68)
Biologiese landboubates	38	26
Beleggings (direk in ekwiteit verantwoord)	372	1 027
Belastingverliese	(25)	(38)
Toekomstige kapitaalwins belasbaar	32	35
Ander	(52)	16
Uitgestelde belastingbate	(10)	(4)
Eiendom, aanleg en toerusting	21	(2)
Voorraad	4	–
Voorsienings	(2)	(2)
Belastingverliese	(25)	–
Ander	(8)	–
Netto uitgestelde belasting	815	1 450

Die beweging tussen begin- en eindsaldo van uitgestelde belasting kan soos volg ontleed word:

Begin van die jaar	1 450	1 081
Koersverandering	–	(25)
Soos per inkomstestaat	(14)	79
Direk in ekwiteit	(621)	315
	815	1 450

Geen uitgestelde belasting word voorsien op tydelike verskille wat verband hou met beleggings in filiaalmaatskappye en gesamentlike ondernemings nie, aangesien Remgro die dividendbeleid van dié maatskappye beheer en gevolglik ook die omkeer van die tydelike verskille beheer.

Uitgestelde belasting op kapitaaldistribusies ontvang vanaf 1 Oktober 2001 tot 30 September 2007 word teen 14.0% voorsien weens die promulgasie van terugwerkende belastingwetgewing.

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
10. BELASTING (vervolg)		
10.2 Belastingverliese		
Beraamde belastingverliese wat beskikbaar is vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	118	189
Aangewend om uitgestelde belastingbate te skep	(36)	(135)
	82	54
Die berekende kapitaalverliese op 31 Maart, wat teen toekomstige kapitaalwinste van die maatskappy aangewend kan word, bedra R3 906 miljoen.		
10.3 Sekondêre belasting op maatskappye (SBM)		
Die SBM-krediete op 31 Maart, wat teen toekomstige dividendbetalings aangewend kan word, bedra		
– Die maatskappy	3 260	76
– Filiaalmaatskappye	2 595	2 970
Onbenutte SBM-krediete	5 855	3 046
Remgro se geskiedenis van dividende ontvang teenoor gewone dividende betaal dui daarop dat sy SBM-krediete oor tyd toeneem. Dit is dus onwaarskynlik dat Remgro se SBM-krediete in die afsienbare toekoms teen gewone dividende betaal aangewend sal word, en geen uitgestelde belastingbate is dus geskep vir dié maatskappy se onbenutte SBM-krediete nie.		
10.4 Belasting in inkomstestaat		
GEKONSOLIDEERD		
Lopend	261	313
– huidige jaar – Suid-Afrikaanse normale belasting	246	290
– Belasting op kapitaalwinst	2	17
– Buitelandse belasting	7	8
– vorige jaar – Suid-Afrikaanse normale belasting	255	315
	6	(2)
Sekondêre belasting op maatskappye – lopend	21	27
Uitgestel – huidige jaar	–	56
– vorige jaar	(10)	1
– koersverandering	–	(13)
– belasting op kapitaalwinst	(4)	35
	268	419
DIE MAATSKAPPY		
Sekondêre belasting op maatskappye – lopend	686	–
10.5 Rekonsiliasie van effektiewe belastingkoers van die maatskappy en sy filiale met standaardkoers		
Effektiewe belastingkoers	21.6	12.9
Verlaging/(verhoging) in standaardkoers as gevolg van:		
Vrygestelde dividendinkomste	7.9	2.3
Nie-belasbare kapitaalwinste	0.6	13.5
Ander nie-belasbare inkomste	2.0	3.6
Buitelandse belasting	(2.7)	(1.7)
Vorige jaar belasting	0.2	–
Koersverandering	–	0.4
Toekomstige kapitaalwinst betaalbaar	0.1	(1.2)
Sekondêre belasting op maatskappye	(1.7)	(0.8)
Standaardkoers	28.0	29.0

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
11. VOORRAAD		
Grondstowwe	326	333
Klaarprodukte	516	549
Onvoltooide werk	3	12
Verbruiksgoedere	66	59
	911	953

12. DEBITEURE EN KORTTERMYNLENINGS

	DIE MAATSKAPPY		GEKONSOLIDEERD	
	2009 R miljoen	2008 R miljoen	2009 R miljoen	2008 R miljoen
Handelsdebiteure (bruto)	6	3	1 241	1 184
Minus: Voorsiening vir waardedalings	–	–	(45)	(44)
Handelsdebiteure (netto)	6	3	1 196	1 140
Dividende ontvangbaar	–	–	389	–
Vooruitbetalings en ander	–	–	214	152
Lenings – Filiaalmaatskappye	12 793	2 310	–	–
	12 799	2 313	1 799	1 292

Debiteure met 'n drawaarde van R42 miljoen (2008: R32 miljoen) het sekuriteit aan die groep verskaf. Lenings aan filiaalmaatskappye is onversekerd, dra geen rente nie en is op aanvraag terugbetaalbaar.

Bewegings op die voorsiening vir waardedalings van handelsdebiteure is soos volg:

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
Saldo's op 1 April	44	49
Voorsiening vir waardedalings op debiteure	13	8
Debiteure gedurende die jaar as oninbaar afgeskryf	(9)	(3)
Ongebruikte bedrae teruggeskryf	(1)	(11)
Ander	(2)	1
Saldo's op 31 Maart	45	44

Gedurende die jaar is slegte skulde van R21 miljoen (2008: R11 miljoen) afgeskryf. Die ander klasse bates binne debiteure en korttermynlenings bevat geen bates waarop waardedalings gemaak is nie. Vir verdere inligting verwys na aantekening 31.

13. AFGELEIDE INSTRUMENTE

Die volgende wesentlike afgeleide instrumente het bestaan op 31 Maart:

Bates	2009			2008		
	Valuta- waarde miljoen	Vooruit- waarde R miljoen	Billike waarde R miljoen	Valuta- waarde miljoen	Vooruit- waarde R miljoen	Billike waarde R miljoen
<i>Buitelandse valutakontrakte</i>						
Koop: VSA-dollar	–	–	–	11.7	95.0	8.8
Ander	–	–	–	2.0	26.2	2.5
Verkoop: VSA-dollar	18.1	186.6	9.3	–	–	–
			9.3			11.3
<i>Ander afgeleide instrumente</i>						
Suikertermynkontrakte			–			0.3
Soja-opsiekontrakte			2.0			–
Valuta-opsiekontrakte			4.3			7.0
			6.3			7.3
			15.6			18.6

13. AFGELEIDE INSTRUMENTE (vervolg)

Die volgende wesentlike afgeleide instrumente het bestaan op 31 Maart:

Laste	2009			2008		
	Valuta- waarde miljoen	Vooruit- waarde R miljoen	Billike waarde R miljoen	Valuta- waarde miljoen	Vooruit- waarde R miljoen	Billike waarde R miljoen
<i>Buitelandse valutakontrakte</i>						
Koop: Euro	3.5	3.5	–	1.0	11.6	1.1
VSA-dollar	89.3	85.8	3.6	0.1	1.3	0.1
Verkoop: VSA-dollar	–	–	–	5.3	42.6	0.8
			3.6			2.0
<i>Ander afgeleide instrumente</i>						
Kommoditeit-opsiekontrakte			2.1			–
Valuta-opsiekontrakte			10.5			–
Rentekoers veranderinge			1.7			–
Soja-opsiekontrakte			–			1.3
			14.3			1.3
			17.9			3.3
					2009 R miljoen	2008 R miljoen

14. BATES GEHOU VIR VERKOOP

Tsb Sugar het op 31 Januarie 2007 'n ooreenkoms vir die verkoop van sekere bates ingevolge 'n grondhervormingstransaksie aangegaan. Die effektiewe datum van die Tenbosch-transaksie was 1 April 2007. Die tweede fase van die grondhervormingstransaksie is tans in proses en gevolglik is die bates wat ingevolge dié ooreenkoms verkoop gaan word geklassifiseer as gehou vir verkoop en waardeer ingevolge die vereistes van IFRS 5.

Besonderhede van die bates geklassifiseer as gehou vir verkoop is soos volg:

Bates	2009	2008
Eiendom, aanleg en toerusting	59	71
Biologiese landbou Bates	60	44
Voorraad	–	1
Verskeie ander netto bates	57	89
	176	205

15. BELEGGING IN GELDMARKFONDSE

Geldmarkfondsbeleggings word in die volgende buitelandse valuta gehou:

VSA-dollar (2009: \$80 miljoen; 2008: \$Nul)	766	–
Britse pond (2009: £13 miljoen; 2008: £Nul)	181	–
Euro (2009: €50 miljoen; 2008: €Nul)	631	–
	1 578	–

Beleggings in geldmarkfondse hou verband met beleggings in aandele in JP Morgan likiditeitsfondse, spesifiek die Sterling Gilt Liquidity, die US Treasury Liquidity en die Euro Government Liquidity fondse. Die portefeuljes van die fondse op 31 Maart 2009 bestaan uit staatseffekte met vervaldatums van tot een jaar en bank terugkoop-ooreenkomste wat likiditeit op aanvraag verseker omdat die aandele in die fondse op aanvraag daaglik teruggeroep mag word. Uitkerings vanaf die fondse word as dividendinkomste verantwoord. Daar kleef baie lae risiko aan hierdie instrumente en dit verskaf daaglikse likiditeit, maar kan nie as kontant en kontantekwivalente geklassifiseer word nie aangesien die individuele onderliggende instrumente binne die fondse nie aan die afloopvereistes van IAS 7: Staat van Kontantvloei voldoen nie. Hierdie beleggings word as ekwiteitsinstrumente beskou en gekategoriseer as "finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies".

	2009 R miljoen	2008 R miljoen
16. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE		
Kontant by die kern	4 389	3 273
Bedryfsfiliale	661	661
	5 050	3 934
Die kontant word in die volgende valuta gehou:		
Suid-Afrikaanse rand	1 513	1 201
Britse pond	118	2 733
VSA-dollar	2 283	–
Euro	946	–
Switserse frank	190	–
	5 050	3 934
Op jaareinde het kontant en kontantekwivalente rente verdien teen effektiewe rentekoerse wat wissel tussen 9.25% en 10.86% (2008: 10.85% en 10.95%) per jaar by plaaslike finansiële instellings en tussen 0.03% en 5.30% (2008: 5.20% en 5.45%) per jaar in die buiteland.		
Kontant en kontantekwivalente word verteenwoordig deur:		
Verenigde Koninkryk skatkiswissels	41	2 557
Verenigde State skatkiswissels	772	–
Duitse resourie-instrumente	157	–
Lopende rekeninge en geldmarkinstrumente	4 079	1 376
Kontant	1	1
	5 050	3 934
Op jaareinde is die groep se kontant soos volg belê by finansiële instellings met die volgende Moody's-kredietgradering (tensy anders aangedui):		
Aaa	970	2 648
Aa1	–	100
Aa2	1 051	–
Aa3	27	98
A1	1 063	–
Baa1	1 475	1 087
F1+ (Fitch kredietgradering)	463	–
Kontant op hande	1	1
	5 050	3 934
17. AANDELEKAPITAAL EN AANDELEPREMIE		
Aandelekapitaal		
Gemagtig		
512 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	5.1	5.1
40 506 352 B-gewone aandele van 10 sent elk	4.1	4.1
** Nie 'n geassosieerde maatskappy nie

Die belegging in BAT is op 3 November 2008 aan aandeelhouers ontbondel. Daarom is die indirekte belegging in BAT slegs vir sewe maande tot 31 Oktober 2008 geëkwiteer.

Δ R&R Holdings SA het op 1 November 2008, as deel van die voorlopige stappe tot die ontbondeling van die belegging in BAT, 'n volfiliaalmaatskappy geword. Gevolglik is R&R Holdings SA vir die sewe maande tot 31 Oktober 2008 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, en vir die vyf maande tot 31 Maart 2009 gekonsolideer. Verwys Bylaag A.

BVI – "British Virgin Islands"

VK – Verenigde Koninkryk

VSA – Verenigde State van Amerika

Besonderhede van beleggings wat nie wesentlik is vir die beoordeling van die groep nie, word nie aangetoon nie.

BYLAAG C

BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPE – ADDISIONELE INLIGTING

	RMB Holdings (Finansiële dienste) 2009	FirstRand (Finansiële dienste) 2009	Medi-Clinic (Nywerheids- belange) 2009	Unilever South Africa (Nywerheids- belange) 2009
	R miljoen	R miljoen	R miljoen	R miljoen
Effektiewe belang	25.0%	9.2%	45.9%	25.8%
Drawaarde van beleggings	6 027	5 728	3 533	2 950
Deel van behoue ekwiteitsinkomste				
– Huidige jaar	533	642	(558)	114
Normale inkomste	761	816	294	229
Dividende	(382)	(348)	(163)	(116)
Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings	55	51	–	1
Ander reserwe- en wisselkoersbewegings	99	123	(689)	–
– Kumulatief	2 701	2 972	1 470	240
Opgesomde finansiële inligting:	Per tussenverslag 31/12/2008	Per tussenverslag 31/12/2008	Per jaarverslag 31/03/2009	Per kwartaalverslag 31/03/2009
				<i>Nota 1</i>
BALANSSTAAT				
Bates				
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	1 071	40 071	–	–
Ontasbare bates	26	5 284	6 293	10 423
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	116	8 805	32 479	1 875
Beleggings en lenings	20 202	25 656	32	23
Netto bedryfsbates/(-laste)	–	(12 472)	(5 469)	(182)
	21 415	67 344	33 335	12 139
Ekwiteit en laste				
Aandeelhouersfondse	21 415	53 181	7 989	11 643
Langtermynskuld	–	14 163	25 346	496
	21 415	67 344	33 335	12 139
	12 maande geëindig 31/12/2008	12 maande geëindig 31/12/2008	12 maande geëindig 31/03/2009	12 maande geëindig 31/03/2009
INKOMSTESTAAT				
Wesensverdiens	3 043	8 779	627	898
Netto wins vir die jaar	3 262	9 338	639	894
Dividende betaal	1 712	4 289	339	450

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: Hierdie balansstaat is soos op 31 Desember 2008 aangesien Unilever South Africa nie 'n balansstaat in sy kwartaalverslag tot 31 Maart 2009 ingesluit het nie.

Nota 2: Bogenoemde beleggings verteenwoordig 75% van die totale drawaarde van geassosieerde maatskappye.

BYLAAG C

BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPE – ADDISIONELE INLIGTING

	RMB Holdings (Finansiële dienste) 2008	FirstRand (Finansiële dienste) 2008	Medi-Clinic (Nywerheids- belange) 2008	R&R (Tabak- belange) 2008
Effektiewe belang	25.0%	9.3%	45.9%	33½%
	R miljoen	R miljoen	R miljoen	R miljoen
Drawaarde van beleggings	5 493	5 085	4 091	19 229
Deel van behoue ekwiteitsinkomste				
– Huidige jaar	715	676	1 150	1 866
Normale inkomste	1 030	1 090	286	3 579
Dividende	(433)	(611)	(97)	(1 893)
Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings	38	67	–	(55)
Ander reserwe- en wisselkoersbewegings	80	130	961	235
– Kumulatief	2 168	2 330	2 028	16 216
Opgesomde finansiële inligting:	Per tussenverslag 31/12/2007	Per tussenverslag 31/12/2007	Per jaarverslag 31/03/2008	Per jaarverslag 31/03/2008
				<i>Nota 1</i>
BALANSSTAAT				
Bates				
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	1 612	40 654	–	–
Ontasbare bates	22	4 409	6 079	129 915
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	110	3 788	30 972	38 117
Beleggings en lenings	17 850	22 812	34	46 147
Netto bedryfsbates/(-laste)	–	(14 352)	(3 812)	13 016
	19 594	57 311	33 273	227 195
Ekwiteit en laste				
Aandeelhouersfondse	19 594	46 062	9 687	113 774
Langtermynskuld	–	11 249	23 586	113 421
	19 594	57 311	33 273	227 195
	12 maande geëindig 31/12/2007	12 maande geëindig 31/12/2007	12 maande geëindig 31/03/2008	12 maande geëindig 31/03/2008
				<i>Nota 2</i>
INKOMSTESTAAT				
Wesensverdienste	4 332	11 695	607	9 874
Netto wins vir die jaar	4 491	12 429	609	9 719
Dividende betaal	1 681	4 266	189	5 165

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: In die geouditeerde balansstaat van R&R word sy belang in British American Tobacco Plc (BAT) slegs as 'n enkele item getoon wat die drawaarde daarvan as 'n geëkwiteerde geassosieerde maatskappy verteenwoordig. Om meer betekenisvolle inligting te openbaar, word BAT se verkorte balansstaat eerder hierbo aangebied. Hierdie balansstaat is soos op 31 Desember 2007 aangesien BAT nie 'n balansstaat in sy kwartaalverslag tot 31 Maart 2008 ingesluit het nie.

Nota 2: Wesensverdienste en netto wins vir die jaar het betrekking op die inkomstestaat van R&R wat sy belang in die netto inkomste van BAT insluit.

Nota 3: Bogenoemde beleggings verteenwoordig 78% van die totale drawaarde van geassosieerde maatskappye.

BYLAAG D

INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

<i>R miljoen</i>	Tabak- belange	Finansiële dienste	Nywerheids- belange	Myn- belange	Korporatiewe finansies en ander belange	GEKON- SOLIDEERD 2009 Totaal
SAKESEGMENTONTLEDING						
Verkope	–	–	11 455	–	–	11 455
Resultate						
Filiaalmaatskappye	100	(2)	320	336	29	783
Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	2 501	1 682	967	(227)	(117)	4 806
						5 589
Finansieringskoste						(49)
Wins met verkoop en uitkering van beleggings						40 829
Wins voor belasting						46 369
Belasting						(945)
Netto wins						45 424
Toeskryfbaar aan:						
Ekwiteitshouers						45 330
Minderheidsbelang						94
						45 424
Wesensverdiens	2 295	1 576	1 318	164	(693)	4 660
ANDER INLIGTING						
Segmentbates	–	327	7 153	4 223	6 459	18 162
Beleggings in geassosieerde maatskappye	–	11 754	11 636	44	361	23 795
Beleggings in gesamentlike ondernemings	–	–	28	–	56	84
						42 041
Belasting – Uitgestel						10
– Lopend						65
Gekonsolideerde totale bates						42 116
Segmentlaste	–	–	2 403	–	101	2 504
Belasting – Uitgestel	–	17	401	387	20	825
Gekonsolideerde totale laste	–	17	2 804	387	121	3 329
Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting						
en ontasbare bates	–	–	456	–	7	463
Waardevermindering en amortisasie	–	–	278	–	4	282
Netto waardedaling	–	–	4	–	–	4

Die belange van die groep word in vyf hoofbedryfsafdelings/sake-segmente ingedeel – tabakbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatiewe finansies/ander belange. Elke segment verteenwoordig die hoofbedryfssektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een segment bedrywig is maar ook belange in 'n ander segment het nie. Gedurende die jaar onder oorsig, is die belegging in BAT ontbondel aan aandeelhouers. Die tabakbelange-segment is dienoooreenkomstig ontbind.

Inkomste en uitgawes asook die toeskryfbare gedeelte van die inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings is direk aan segmente toeskryfbaar.

Segmentbates sluit hoofsaaklik kontant en kontantekwivalente, debiteure en korttermynlenings, voorraad, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en ander beleggings in. Beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, word apart getoon.

Segmentlaste sluit alle bedryfslaste in, behalwe vir belasting.

GEOGRAFIESE SEGMENTONTLEDING

Die groep se belange kan in twee hoof geografiese gebiede ingedeel word, naamlik Suid-Afrika en die buiteland.

<i>R miljoen</i>	Kapitaal- uitgawes 2009	Verkope 2009	Wesens- verdiens 2009	Totale bates 2009
Suid-Afrika	463	11 455	2 376	36 897
Buiteland	–	–	2 284	5 144
	463	11 455	4 660	42 041

Totale bates sluit bates en beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in, maar nie uitgestelde belastingbates en belasting vooruitbetaal nie.

BYLAAG D

INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2008

<i>R miljoen</i>	Tabak- belange	Finansiële dienste	Nywereheids- belange	Myn- belange	Korporatiewe finansies en ander belange	GEKON- SOLIDEERD 2008 Totaal
SAKESEGMENTONTLEDING						
Verkope	–	–	9 447	–	–	9 447
Resultate						
Filiaalmaatskappye	167	2	1 170	267	15	1 621
Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	3 525	2 226	1 458	(6)	7	7 210
						8 831
Finansieringskoste						(43)
Wins met verkoop van beleggings en negatiewe klandisiewaarde						1 684
Wins voor belasting						10 472
Belasting						(419)
Netto wins						10 053
Toeskryfbaar aan:						
Ekwiteithouers						9 893
Minderheidsbelang						160
						10 053
Wesensverdiens	3 579	2 120	1 895	264	133	7 991
ANDER INLIGTING						
Segmentbates	2 660	–	6 481	8 353	1 010	18 504
Beleggings in geassosieerde maatskappye	19 229	10 579	12 758	283	326	43 175
Beleggings in gesamentlike ondernemings	2	–	24	–	38	64
						61 743
Belasting – Uitgestel						4
– Lopend						80
Gekonsolideerde totale bates						61 827
Segmentlaste	2	–	2 368	–	115	2 485
Belasting – Uitgestel						1 454
– Lopend						13
Gekonsolideerde totale laste						3 952
Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting						
en ontasbare bates	–	–	454	–	10	464
Waardevermindering en amortisasie	–	–	256	–	7	263
Netto verhaling van waardedaling	–	(4)	(15)	–	–	(19)

Die belange van die groep word in vyf hoofbedryfsafdelings/sake-segmente ingedeel – tabakbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatiewe finansies/ander belange. Elke segment verteenwoordig die hoofbedryfsektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een segment bedrywig is maar ook belange in 'n ander segment het nie.

Inkomste en uitgawes asook die toeskryfbare gedeelte van die inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings is direk aan segmente toeskryfbaar.

Segmentbates sluit hoofsaaklik kontant en kontantekwivalente, debiteure en korttermynlenings, voorraad, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en ander beleggings in. Beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, word apart getoon.

Segmentlaste sluit alle bedryfslaste in, behalwe vir belasting.

GEOGRAFIESE SEGMENTONTLEDING

Die groep se belange kan in twee hoof geografiese gebiede ingedeel word, naamlik Suid-Afrika en die buiteland.

<i>R miljoen</i>	Kapitaal- uitgawes 2008	Verkope 2008	Wesens- verdiens- te 2008	Totale bates 2008
Suid-Afrika	464	9 447	4 293	39 852
Buiteland	–	–	3 698	21 891
				61 743

Totale bates sluit bates en beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in, maar nie uitgestelde belastingbates en belasting vooruitbetaal nie.

SEKRETARIS

M Lubbe (Mev)

SAKE-ADRES EN GEREISTREERDE KANTOOR

Carpe Diem Kantoorgebou

Quantumstraat

Tegnopark

Stellenbosch

7600

Posbus 456

Stellenbosch

7599

OORDRAGSEKRETARIS

Computershare Investor Services (Edms) Beperk

Marshallstraat 70

Johannesburg

2001

Posbus 61051

Marshalltown

2107

OUдитеURE

PricewaterhouseCoopers Ing.

Kaapstad

NOTERING

JSE Beperk

Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

AMERICAN DEPOSITARY RECEIPT (ADR) PROGRAM

Cusip nommer 75956M107

ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris:

The Bank of New York

101 Barclay Street

New York, NY 10286

BORG

Rand Aksepbank

(’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

WEBWERF

www.remgro.com

AANDEELHOERSINLIGTING

DATUMS VAN BELANG VIR AANDEELHOERS

Finansiële jaareinde	31 Maart
Algemene jaarvergadering	Maandag, 17 Augustus 2009
FINANSIËLE VERSLAE	
Aankondiging van tussenresultate	November
Tussenverslag	Desember
Aankondiging van jaarresultate	Junie
Finansiële jaarstate	Julie
DIVIDENDE	
Tussendividend	
– verklaar	November
– betaal	Januarie
Finale dividend	
– verklaar	Junie
– betaal	Augustus
FINALE DIVIDEND NOMMER 18	
Gewone dividend per aandeel	110 sent
Laaste dag van verhandeling ten einde vir die finale dividend te kwalifiseer	Vrydag, 14 Augustus 2009
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die finale dividend wees	Maandag, 17 Augustus 2009
Rekorddatum	Vrydag, 21 Augustus 2009
Betaaldatum	Maandag, 24 Augustus 2009

AANDEELHOERSINLICHTING

STATISTIEK OP 31 MAART 2009

	2009		2008	
	%	Aantal aandeel	%	Aantal aandeel
VERNAAMSTE VOORDELIGE AANDEELHOERS				
Gewone aandeel				
Public Investment Commissioner	15.60	68 544 387	14.22	63 829 870
Ander	84.40	370 935 364	85.78	385 173 736
	100.00	439 479 751	100.00	449 003 606
B-gewone aandeel				
Rembrandt Trust (Edms) Beperk	100.00	35 506 352	100.00	35 506 352
Totaal		474 986 103		484 509 958

Geen ander aandeelhouer het op 31 Maart 'n voordelige belang van meer as 5% in die gewone aandeel van u maatskappy gehou nie.

	2009	2008	2007	2006
VERSPREIDING VAN AANDEELHOERS				
Gewone aandeel				
<i>Publieke aandeelhouers</i>	41 686	41 832	28 728	30 929
Persentasie van aandeelhouers	99.93	99.94	99.90	99.92
Aantal aandeel	430 447 901	433 151 212	432 253 223	440 740 885
Persentasie van aandeel uitgereik	97.94	96.47	96.31	98.20
<i>Nie-publieke aandeelhouers</i>				
Direkteure en hulle verwantes/Aandeletrust/Tesourie-aandeel	28	27	29	26
Persentasie van aandeelhouers	0.07	0.06	0.10	0.08
Aantal aandeel	9 031 850	15 852 394	16 548 984	8 061 322
Persentasie van aandeel uitgereik	2.06	3.53	3.69	1.80
Aantal aandeelhouers	41 714	41 859	28 757	30 955


AANDEELHOUERSINLICHTING

STATISTIEK OP 31 MAART 2009


	2009	2008	2007	2006
AANTAL AANDELE UITGEREIK				
– Gewone aandele van 1 sent elk	439 479 751	449 003 606	448 802 207	448 802 207
Uitgereik op 1 April	449 003 606	448 802 207	448 802 207	486 493 650
Uitgereik gedurende die jaar	–	201 399	–	–
Gekanselleer gedurende die jaar	(9 523 855)	–	–	(37 691 443)
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	35 506 352	35 506 352	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	474 986 103	484 509 958	484 308 559	484 308 559
Aantal aandele in tesourie gehou	(3 500 000)	(11 972 555)	(11 948 372)	(4 473 004)
Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	(3 500 000)	(8 554 019)	(8 554 019)	(1 379 635)
Gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust gekoop en as tesourie-aandele verantwoord	–	(3 418 536)	(3 394 353)	(3 093 369)
	471 486 103	472 537 403	472 360 187	479 835 555
Geweegde aantal aandele	471 798 001	472 052 993	474 123 689	483 154 691

ADDISIONELE INLICHTING (2009)

Institusionele en privaat aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele




Buitelandse en plaaslike aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele




ADDISIONELE INLICHTING (2008)

Institusionele en privaat aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele



Buitelandse en plaaslike aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele



AANDEELHOUERSINLIGTING

STATISTIEK OP 31 MAART 2009

Belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy Gewone aandele

Direkteure	Direk voordelig	Indirek voordelig	Verwantes	Totaal
31 Maart 2009				
P E Beyers	70 024	204 130		274 154
W E Bührmann	255 880			255 880
G D de Jager	57 740			57 740
J W Dreyer		191 130	2 600	193 730
P K Harris		169 118		169 118
E de la H Hertzog	228 245	1 671 903	129 984	2 030 132
J Malherbe	26 826		246 711	273 537
J A Preller	111 059			111 059
F Robertson		5 000		5 000
J P Rupert			916 972	916 972
T van Wyk	131 640		100	131 740
M H Visser	114 164	994 124		1 108 288
H Wessels			4 500	4 500
	995 578	3 235 405	1 300 867	5 531 850

31 Maart 2008

P E Beyers	70 024	13 000		83 024
W E Bührmann	223 256			223 256
G D de Jager	57 740	108 300		166 040
J W Dreyer			2 600	2 600
P K Harris		169 118		169 118
E de la H Hertzog	228 245	1 671 903	129 984	2 030 132
J Malherbe	26 826		245 011	271 837
J A Preller	75 069			75 069
F Robertson		5 000		5 000
J P Rupert			272 601	272 601
T van Wyk	117 585		100	117 685
M H Visser		715 145		715 145
H Wessels			3 000	3 000
	798 745	2 682 466	653 296	4 134 507

B-gewone aandele

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust (Edms) Beperk wat die houër is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

Sedert die einde van die finansiële jaar tot datum van hierdie verslag het die belange van die direkteure onveranderd gebly.

Die 2009 algemene jaarvergadering van Remgro Beperk (“die maatskappy”) sal op Maandag, 17 Augustus 2009, om 10:00 in die konferensiesentrum, Erinvale Estate Hotel & Spa, Lourensfordweg, Somerset-Wes, 7130, gehou word om, indien goedgevind, die volgende gewone en spesiale besluite met of sonder wysiging aan te neem:

1. **GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE**

Gewone Besluit Nommer 1

Besluit dat die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 aanvaar en goedgekeur word.

2. **HERAANSTELLING VAN OUDITEUR**

Gewone Besluit Nommer 2

Besluit dat die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Ing. as die maatskappy se ouditeur, soos deur die maatskappy se audit-en-risikokomitee benoem, goedgekeur word en om kennis te neem dat mnr N H Döman die individuele geregistreerde ouditeur is wat die audit gedurende die finansiële jaar eindigende 31 Maart 2010 sal onderneem.

3. **GOEDKEURING VAN DIREKTEURE SE VERGOEDING**

Gewone Besluit Nommer 3

Besluit dat direkteursvergoeding vir dienste gelewer as direkteure vir die finansiële jaar eindigende 31 Maart 2010, as volg vasgestel word:

Tipe fooi	Bestaande fooi vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 R	Voorgestelde fooi vir die jaar eindigende 31 Maart 2010 R
Raadslid	160 000	172 000
Voorsitter van die audit-en-risikokomitee	108 000	116 000
Lid van die audit-en-risikokomitee	54 000	58 000
Lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee	27 000	29 000

4. **VERKIESING VAN DIREKTEUR**

Gewone Besluit Nommer 4

Besluit dat mnr J P Rupert wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

5. **VERKIESING VAN DIREKTEUR**

Gewone Besluit Nommer 5

Besluit dat mnr P E Beyers wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

6. **VERKIESING VAN DIREKTEUR**

Gewone Besluit Nommer 6

Besluit dat mnr W E Bührmann wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

7. **VERKIESING VAN DIREKTEUR**

Gewone Besluit Nommer 7

Besluit dat mnr P K Harris wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

8. **VERKIESING VAN DIREKTEUR**

Gewone Besluit Nommer 8

Besluit dat mnr M M Morobe wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

9. **VERKIESING VAN DIREKTEUR**

Gewone Besluit Nommer 9

Besluit dat mnr H Wessels wat kragtens artikel 31.4.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

Biografiese inligting van al die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 12 en 13 van die jaarverslag.

10. WYSIGINGS AAN REMGRO AANDELEGROEIREG-SKEMA

Gewone Besluit Nommer 10

Besluit dat die volgende wysigings aan die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegrorieg-skema 2008 (“SAR-skema”) dokument wat op 7 Oktober 2008 aangeneem is hiermee goedgekeur word ingevolge die bepalings van die onlangs gewysigde Skedule 14 van die noteringsvereistes van die JSE Beperk (“die noteringsvereistes”) (“Skedule 14”):

- Invoeging van die volgende nuwe klousule 4.3 na die bestaande klousule 4.2:
“4.3. Toekennings sal aan Werknemers gemaak word op die basis van ’n veelvoud van hulle vergoeding, soos bepaal deur die Direksie, met inagneming van die aard en vlak van hulle pos, en hulle jare van diens by die Deelnemende Maatskappy.”
- Skraping van die bewoording van klousule 5.1 en vervanging daarvan deur die volgende bewoording:
“5.1. **Algemene Beperking**
Die Komitee mag nie enige Toekennings maak nie indien, ten tyde van of as gevolg van die maak van sodanige Toekennings, die totale aantal Aandele ten opsigte waarvan enige onuitgeoefende Aandelegroriegte uitgeoefen mag word (ongegag daarvan of die Deelnemers geregtig geraak het om die Aandelegroriegte uit te oefen of nie), tesame met die totale aantal ander Aandele wat gereserveer is vir lewering aan Werknemers onder enige ander bestuursaandele-skema wat deur die Deelnemende Maatskappy bedryf word, 21 000 000 (een en twintig miljoen) Aandele in totaal sal oorskry (“die Maksimum Drempel”), onderworpe aan die bepalings uiteengesit in klousule 10.1.”
- Skraping van die bewoording van klousule 5.2 en vervanging daarvan deur die volgende bewoording:
“5.2. **Individuele beperkings**
Die Komitee mag nie enige Toekenning aan ’n enkele Deelnemer maak nie indien, ten tyde van of as gevolg van sodanige Toekenning, die totale aantal Aandele ten opsigte waarvan enige onuitgeoefende Aandelegroriegte uitgeoefen mag word deur daardie Deelnemer (ongegag daarvan of die Deelnemers geregtig geraak het om die Aandelegroriegte uit te oefen of nie), tesame met enige ander Aandele wat gereserveer is aan daardie Deelnemer onder enige ander bestuursaandele-skema wat deur die Deelnemende Maatskappy bedryf word, 2 197 399 (twee miljoen een honderd sewe en negentig duisend drie honderd nege en negentig) Aandele (“die Individuele Drempel”), sal oorskry, onderworpe aan die bepalings uiteengesit in klousule 10.2.”

Ingevolge die noteringsvereistes moet 75% (vyf en sewentig persent) van die stemme deur aandeelhouers teenwoordig of verteenwoordig by volmag by die algemene jaarvergadering uitgeoefen, uitsluitende al die stemme verbonde aan alle aandele besit of beheer deur persone wat bestaande deelnemers in die SAR-skema is wat ingevolge die SAR-skema verkry is, ten gunste van hierdie Gewone Besluit Nommer 10 uitgebring word, vir die besluit om goedgekeur te wees.

Hierdie Gewone Besluit Nommer 10 is nodig om die maatskappy in staat te stel om wysigings aan Skedule 14 met betrekking tot aandele opsie/aansporingskemas en die uitleg daarvan, te konsolideer, en om effektiewelik die maksimum beperking op aandele ten opsigte waarvan enige onuitgeoefende Aandelegroriegte wat aan ’n individuele deelnemer toegeken word, uitgeoefen mag word, van 0.25% van die maatskappy se uitgereikte gewone aandeelkapitaal tot 0.5% van die maatskappy se uitgereikte gewone aandeelkapitaal te verhoog.

In nakoming van die gewysigde Skedule 14, sal die SAR-skemadokument verder gewysig word om voorsiening te maak vir –

- aanpassings aan die maksimum aantal aandele ingevolge die SAR-skema beskikbaar in die geval van die onderverdeling of konsolidasie van aandele, ten einde te verseker dat daardie maksimum aantal steeds dieselfde persentasie van die aandele in die maatskappy verteenwoordig na daardie korporatiewe aksie;
- aanpassings aan die maksimum aantal aandele ten opsigte waarvan ’n individu Aandelegroriegte mag uitoefen in die geval van ’n kapitalisasie-uitgifte, spesiale dividend, regte-uitgifte of kapitaalvermindering, ten einde te verseker dat daardie maksimum aantal steeds dieselfde persentasie van die aandele in die maatskappy verteenwoordig na daardie korporatiewe aksie;
- die aanpassing aan die aantal en/of toekenningsprys van Aandelegroriegte in die geval van ’n onderverdeling of konsolidasie van aandele, kapitalisasie-uitgifte, spesiale dividend, regte-uitgifte of kapitaalvermindering om te verseker dat deelnemers in wesenlik dieselfde posisie geplaas word as waarin hulle voor die plaasvind van sodanige korporatiewe aksie was. Die komitee sal die maatskappy se ouditeure of ander onafhanklike adviseur wat vir die JSE aanvaarbaar is aanstel om tydens die finalisering van sodanige aanpassings aan die JSE te bevestig dat sodanige aanpassings in ooreenstemming met die bepalings van die SAR-skema is.

Die uitreiking van aandele as teenprestasie vir ’n verkryging, die uitreiking van aandele vir kontant en die uitreiking van aandele of ’n plasing van aandele aan ’n verkoper as teenprestasie sal nie beskou word as ’n omstandigheid wat aanpassings verg nie. Ingevolge die gewysigde Skedule 14 hoef die bogemelde wysigings nie deur die aandeelhouers van die maatskappy goedgekeur te word nie, maar aandeelhouer moet daarvoor ingelig word.

Die gewysigde SAR-skemadokument is vir insae deur aandeelhouers van die maatskappy beskikbaar by die maatskappy se hoofplek van besigheid en by die adres van die maatskappy se oordragsekretaris in Johannesburg vanaf die datum van hierdie kennisgewing tot die datum van die algemene jaarvergadering.

11. MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

Spesiale Besluit Nommer 1

Besluit dat die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om die koop van sy eie aandele deur die maatskappy, of om die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige filiaal van die maatskappy, goed te keur, met dien verstande dat:

- hierdie algemene magtiging geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy of vir 15 maande vanaf die datum van hierdie besluit, welke tydperk ook al die kortste is;
- die gewone aandele deur die bestelboek van die JSE handelingsstelsel gekoop word sonder enige voorafgaande verstandhouding of ooreenkoms tussen die maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty, met dien verstande dat indien die maatskappy ingevolge hierdie algemene magtiging sy eie aandele van enige volfiliaal van die maatskappy koop, vir die doel om sodanige tesourie-aandele te kanselleer, die bogemelde bepalings nie van toepassing sal wees op sodanige kooptransaksie nie;
- die maatskappy ooreenkomstig paragraaf 11.27 van die noteringsvereistes 'n aankondiging publiseer (i) wanneer die maatskappy en/of sy filiale kumulatief 3% van die gewone uitgereikte aandele soos op die datum wat die algemene magtiging verleen is ("die aanvanklike getal") teruggekoop het, en (ii) vir elke 3% in totaal van die aanvanklike getal gewone aandele wat daarna deur die maatskappy en/of sy filiale teruggekoop word;
- die terugkoop deur die maatskappy van sy eie gewone aandele in enige enkele finansiële jaar in totaal nie 20% van die maatskappy se uitgereikte aandele van daardie klas mag oorskry nie, met die voorbehoud dat die verkryging van gewone aandele deur 'n filiaal van die maatskappy as tesourie-aandele nie 10% van die totale getal uitgereikte gewone aandele van die maatskappy mag oorskry nie;
- terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 10% bo die geweegde gemiddelde markwaarde van die gewone aandele vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die datum waarop die transaksie uitgevoer word, is nie;
- die maatskappy te eniger tyd net een verteenwoordiger mag aanwys om namens die maatskappy, of namens 'n filiaal van die maatskappy, die terugkoop van gewone aandele uit te voer;
- die maatskappy na die terugkoop steeds aan die bepalings van die noteringsvereistes insake aandeelhouersverspreiding sal voldoen;
- onderhewig aan die uitsonderings vervat in die noteringsvereistes, die maatskappy en die groep nie gedurende 'n verbode tydperk (soos gedefinieer in die noteringsvereistes) gewone aandele sal terugkoop nie, tensy hulle 'n terugkoopprogram in plek het ingevolge waarvan die datums en aantal aandele waarmee gehandel word tydens die betrokke tydperk vas is (nie onderhewig is aan enige verandering nie) en volle besonderhede van die program in 'n kennisgewing oor SENS openbaar gemaak is voor die aanvang van die verbode tydperk; en
- sodanige terugkope onderhewig sal wees aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("Maatskappywet"), die statute van die maatskappy en die noteringsvereistes.

Dit is die voorneme van die direksie om hierdie algemene magtiging te gebruik indien heersende omstandighede (insluitende die belastingbedeling en marktoestande) dit na hulle mening regverdig.

Die direkteure van die maatskappy onderneem dat hulle nie enige sodanige terugkoop sal implementeer terwyl hierdie algemene magtiging geldig is nie, tensy:

- die maatskappy en die groep in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop, te betaal;
- die bates van die maatskappy en die groep hul laste vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop sal oorskry. Vir hierdie doel sal die bates en die laste erken en waardeer word in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die maatskappy se mees onlangse geouditeerde finansiële jaarstate;
- die maatskappy en die groep voldoende aandeelkapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop;
- die bedryfskapitaal van die maatskappy en die groep voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop; en
- die maatskappy se borg, voor enige terugkoop van aandele in die mark, skriftelik aan die JSE bevestig het dat die maatskappy voldoende bedryfskapitaal vir doeleindes van 'n terugkoop van aandele het.

Rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nommer 1

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nommer 1 is om aan die direkteure van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen om die koop van sy eie gewone aandele goed te keur en om 'n filiaal van die maatskappy toe te laat om gewone aandele in die maatskappy te koop.

Vir doeleindes van die oorweging van Spesiale Besluit Nommer 1, en ter voldoening aan paragraaf 11.26 van die noteringsvereistes, is die inligting hieronder aangedui in die jaarverslag, waarin hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering vervat is, ingesluit op die plekke soos aangedui:

- Direkteure en bestuur (bladsy 12 en 13);
- Wesentlike aandeelhouers (bladsy 123);
- Geen wesentlike veranderinge;
- Direkteure se belange in sekuriteite (bladsy 125);
- Aandelekapitaal van die maatskappy (bladsy 94 en 123);
- Die direkteure wie se name vermeld word op bladsy 12 en 13 van hierdie verslag aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting vervat in hierdie Spesiale Besluit Nommer 1 en sertifiseer dat, na die beste van hulle kennis en wete, daar geen ander feite nagelaat is wat enige verklaring vals of misleidend mag maak nie, en dat hulle alle redelike navrae in hierdie verband gedoen het en dat hierdie besluit alle inligting wat regtens en deur die noteringsvereistes vereis word, vervat;
- Daar is geen regs- of arbitrasieverrigtinge (insluitende enige verrigtinge wat hangend of dreigend is waarvan die maatskappy bewus is) wat 'n wesentlike effek mag hê of gehad het ten opsigte van die maatskappy en die groep se finansiële posisie oor die laaste 12-maandetydperk nie.

12. MAGTIGING VIR SLUITING VAN AFGELEIDE TRANSAKSIES

Spesiale Besluit Nommer 2

Besluit dat, onderhewig aan die aanvaarding van Spesiale Besluit Nommer 1, die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die beperkinge vervat in paragraaf 5.84(a) van die noteringsvereistes.

Rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nommer 2

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nommer 2 is om aan die direkteure van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop.

En om enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Lede wat nog nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het, is geregtig om die vergadering by te woon, te stem en het die reg om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes te benoem (vir welke doeleindes 'n volmagvorm hierby aangeheg word) om die vergadering namens hulle by te woon, daarop te praat en te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie. Volmagvorms moet ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Donderdag, 13 Augustus 2009, om 10:00 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.

Volmagvorms moet slegs deur lede voltooi word wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het.

Elke lid van die maatskappy wat self teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal slegs een stem hê in die geval waar stemming plaasvind by wyse van 'n opsteek van hande. By stemming per stembrief is elke lid geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.

Lede wat hulle aandele gedematerialiseer het en nie in "eie naam" geregistreer is as lede van die maatskappy nie, moet hulle sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer ("CSDP") of makelaar kontak op die wyse en binne die tyd bepaal in hulle ooreenkoms, om:

- hulle CSDP of makelaar van hul stemopdragte te voorsien; of
- die nodige toestemming te verkry, sou hulle die vergadering self wou bywoon.

Ekwiteitsekuriteite wat deur 'n aandeeltruster of -skema gehou word se stemme sal nie in berekening gebring word vir die doeleindes van besluite aangeneem ingevolge die noteringsvereistes nie.

In opdrag van die raad van direkteure.

M Lubbe
Sekretaris

Stellenbosch
22 Junie 2009

GEWONE BESLUITE

GEWONE BESLUIT NOMMER 1

Goedkeuring van finansiële jaarstate

Kragtens die bepalings van artikel 286(1) van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig (“die Maatskappywet”), is direkteure verplig om aan die lede van die maatskappy sowel die finansiële jaarstate van die maatskappy as die finansiële jaarstate van die groep by die algemene jaarvergadering vir oorweging voor te lê.

GEWONE BESLUIT NOMMER 2

Heraanstelling van ouditeur

Kragtens die bepalings van artikel 270(1) van die Maatskappywet, moet ’n maatskappy by elke algemene jaarvergadering ’n ouditeur of ouditeure aanstel om sodanige amp te beklee vanaf die einde van daardie vergadering tot die einde van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

Kragtens die bepalings van artikel 274(3) van die Maatskappywet, waar ’n firma as ouditeure aangestel word, moet die aanstelling ook die naam aandui van die individuele geregistreerde ouditeur wat die audit sal onderneem.

GEWONE BESLUIT NOMMER 3

Goedkeuring van direkteure se vergoeding

Kragtens die bepalings van artikel 29.2.1 van die statute van die maatskappy moet die vergoeding betaalbaar aan direkteure deur die lede van die maatskappy vasgestel word.

GEWONE BESLUITE NOMMERS 4-9

Verkiesing van direkteure

Kragtens die bepalings van artikel 31 van die statute van die maatskappy tree een-derde van die direkteure of, indien hulle nie ’n veelvoud van drie is nie, die getal naaste aan ’n derde, maar nie minder nie as ’n derde, jaarliks by die algemene jaarvergadering af. ’n Persoon wat deur die direkteure aangestel is, moet by die eersvolgende algemene jaarvergadering aftree en vorm nie deel van die derde van direkteure wat volgens rotasie moet aftree nie. Direkteure mag hulself vir ’n verdere termyn herkiesbaar stel. Biografiese inligting van die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 12 en 13 van die jaarverslag.

GEWONE BESLUIT NOMMER 10

Wysigings aan die Remgro SAR-skema

Skedule 14 van die noteringsvereistes van die JSE Beperk (“die noteringsvereistes”) is in geheel vervang met ingang van 15 Oktober 2008. Die wysigings aan die Remgro SAR-skema reflekteer hierdie nuwe vereistes.

Die maksimum beperking van aandele vir ’n individuele deelnemer word verhoog vanaf 0.25% tot 0.5% ten einde deelnemers toe te laat om dieselfde blootstelling te hê aan die Remgro SAR-skema na die uitkering van BAT-aandele aan aandeelhouders in 2008 as wat hulle aan die ou Remgro Aandele-skema sou gehad het.

SPEZIALE BESLUITE

SPEZIALE BESLUIT NOMMER 1

Algemene magtiging vir die terugkoop van aandele

Die jaarlikse hernuwing van dié magtiging word deur die noteringsvereistes en artikel 85 van die Maatskappywet vereis. Die bestaande goedkeuring aan die direkteure verval by die eerskomende algemene jaarvergadering, tensy dit hernu word.

SPEZIALE BESLUIT NOMMER 2

Algemene magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies

Die algemene magtiging word aan die direkteure gegee ten einde hulle in staat te stel om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

Remgro Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienuommer 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
("die maatskappy")

V O L M A G V O R M

HIERDIE VOLMAGVORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR:

1. GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT NOG NIE HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET NIE; EN
2. GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT REEDS HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET EN IN EIE NAAM GEREGISTREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE SUBREGISTER. *

* Sien verduidelikende aantekening 3 op die keersy hiervan.

Vir gebruik deur bogenoemde geregistreerde lede wat gewone aandele van die maatskappy hou ("lid") en welke lid nie die 2009 algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Maandag, 17 Augustus 2009, om 10:00 in die konferensiesentrum, Erinvale Estate Hotel & Spa, Lourensfordweg, Somerset-Wes, 7130, gehou word ("die algemene jaarvergadering") kan bywoon nie.

Ek/Ons _____

die houër/s van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan (verwys na aantekening 1 op die keersy)

1. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
2. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
3. die voorsitter van die algemene jaarvergadering, as my/ons gevolmagtigde aan om namens my/ons die algemene jaarvergadering van die maatskappy by te woon en daar, of by enige verdaging daarvan, namens en ten behoeve van my/ons te praat, te stem, of buite stemming te bly soos volg (verwys na aantekening 2 en aanwysing 2 op die keersy):

Gewone besluite	Dui aan met 'n "X" of vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel)		
	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Heraanstelling van ouditeur			
3. Goedkeuring van direkteure se vergoeding			
4. Verkiesing van direkteur – mnr J P Rupert			
5. Verkiesing van direkteur – mnr P E Beyers			
6. Verkiesing van direkteur – mnr W E Bührmann			
7. Verkiesing van direkteur – mnr P K Harris			
8. Verkiesing van direkteur – mnr M M Morobe			
9. Verkiesing van direkteur – mnr H Wessels			
10. Wysigings aan die Remgro SAR-skema			
Spesiale besluite			
11. Magtiging vir die terugkoop van aandele			
12. Magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies			

Geteken te _____ op _____ 2009

Handtekening/e _____

Bygestaan deur _____
(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en aanwysings op die keersy hiervan.

AANTEKENINGE

1. 'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem het die reg om een of meer gevolmagtigdes te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon en te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.
2. Elke lid persoonlik, of by wyse van volmag, teenwoordig en geregtig om te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy, het slegs een stem by die opsteek van hande, ongeag die aantal aandele gehou deur so 'n lid. Wanneer per stembrief gestem word, is elke lid egter geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.
3. Eie naam geregistreerde lede is lede wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Beperk aangestel het as hul Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer ("CSDP") met die uitdruklike instruksie dat hul ongesertifiseerde aandele **in hulle eie naam** in die elektroniese subregister van lede geregistreer moet word.

AANWYSINGS VIR DIE ONDERTEKENING EN INLEWERING VAN DIE VOLMAGVORM

1. 'n Lid mag die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes invul in die spasie/s voorsien op die keersy met of sonder die deurhaling van "die voorsitter van die algemene jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie/s oopgelaat word, sal die volmag uitgeoefen word deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering. Die naam van die persoon wat eerste op die volmagvorm verskyn en wat aanwesig is by die algemene jaarvergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg.
2. 'n Lid moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur 'n "X", of die aantal stemme wat die lid wil uitoefen, in die toepaslike spasies op die keersy in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die algemene jaarvergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die lid geregtig is. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die lid of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.
3. 'n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voogtensy dokumente, wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, gelewer word of reeds by die oordragsekretaris aangeteken is.
4. Ten einde geldig te wees moet voltooid volmagvorms ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Donderdag, 13 Augustus 2009, om 10:00 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.
5. Persone wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensy dit reeds by die oordragsekretaris ingelewer en aangeteken is, of die voorsitter van die algemene jaarvergadering daarvan afstand gedoen het.
6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die lid belet om, indien hy/sy so sou verkies, die algemene jaarvergadering by te woon en self daar te praat en te stem in die plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangewys is nie.
7. Geen parawe is nodig wanneer lede blanko spasies op hierdie volmagvorm voltooi nie. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.
8. Die voorsitter van die algemene jaarvergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi is nie, aanvaar indien hy tevrede is dat die lid se wense ten opsigte van die uitoefening van sy stemme nagekom word.

